

HOOFSTUK 3

'N TEORETIESE PERSPEKTIEF OP GESTALTTERAPIE

In hierdie hoofstuk word 'n teoretiese perspektief gebied op die Gestaltbenadering wat binne die spelterapeutiese program met die emosioneel beseerde pre-adolesent toegepas word.

Die teoretiese konsepte van die Gestaltteorie word volledig bespreek aangesien die spelterapeutiese program met die emosioneel beseerde pre-adolesent hieruit vloei. Die bespreking van die ontwikkeling van die Gestaltbenadering is nodig om te weet waarom bepaalde uitgangspunte, doelstellings en tegnieke benut word.

Die teoretiese konsepte wat bespreek word, is eerstens holisme om te bepaal in watter wêreld die emosioneel beseerde pre-adolesent funksioneer. Daarna word die proses van homeostase bespreek omdat dit die proses is waarin die kind in terapie gelei word om sy eie bewussyn te verhoog en in kontak met homself te kom, en wat daartoe lei dat selfondersteuning en selfaktualisering plaasvind sodat die kind weer balans kan bereik. Om deur hierdie proses te gaan, moet die kind deur die proses van neurose beweeg om in volle kontak met homself te kom. Deur die bewussynsproses bekom die kind voldoende energie sodat hy genoeg motivering het is om aan sy eie onvoltooidheid te werk.

In die Gestaltterapie is daar bepaalde doelstellings wat in die spelterapeutiese proses bereik moet word en deurlopend aandag moet geniet in die toepassing van die Gestaltbenadering binne spelterapie. In die Gestaltterapeutiese proses benut die terapeut bepaalde Gestalttegnieke soos: dialoog en taalgebruik, paradoks, leëstoel, drome en pendeltegniek om die kind deur die proses te begelei. Laastens word die Gestaltterapie met die kind bespreek en hoe dit van toepassing is op die emosioneel beseerde pre-adolesent.

3.1 ONTWIKKELING VAN DIE GESTALTBENADERING.

Die Gestaltpsigologie het reeds voor die Eerste Wêreldoorlog die Gestaltperspektief aan die veldteorie van homself in sy omgewing gekoppel.

Gestaltterapeute het die veld as geheel gebruik, waar hulle die veld ingedeel het in figuurgrond waarin hy funksioneer en elkeen se eienskappe en hoe die interaksie tussen die konsepte hanteer moet word. Die Gestaltpsigoliste was Wertheimer (1925 en 1983), Koffka (1935) en Kohler (1970). Hulle het egter in gebreke gebly om hulle gevoelservaring en persoonlike persepsies aan 'n teorie te koppel (Belkin 1995:240, Mackewn 1997:14).

Die ontstaan en ontwikkeling van die Gestaltterapie is hoofsaaklik te danke aan die werk van Fredrick (Frits) Perls. Hy het, na voltooiing van sy mediese studie in sy geboortestad Berlyn verskuif na die Berlynse en Weense instituut en vir Psigoanaliste en daar verder gestudeer. Perls was nie tevrede met bepaalde psigoanalitiese leerstellings van Freud nie en het as gevolg van die negatiewe reaksie van Freud 'n gevoel van verwerping beleef wat daartoe gelei het dat hy finaal sy bande met die psigoanalise verbreek het. In 1933 het hy na Holland verhuis as gevolg van Hitler se narsisme en daar 'n uitnodiging na Suid-Afrika aanvaar waar hy hom vir twaalf jaar gevestig het. Hy het 'n privaat praktyk begin en die Instituut vir Psigoanaliste gestig. Jan Smuts, die destydse Eerste Minister van Suid-Afrika, het met sy denkrigting van holisme 'n groot invloed op Perls se latere denkwysse gehad. Frits Perls se eerste literêre werk het hy in Suid-Afrika geskryf naamlik, *Ego, hunger and aggression: A revision of Freud's theory*. Gedurende 1946 het hy hom in die VSA gevestig waar hy in 1970 oorlede is. Sy vrou Loura stig kort na hulle aankoms in New York die "New York Gestalt-Institute."

Die volgende word as Perls se belangrikste werke beskou: "Gestalt therapy"(1951), "Gestalt therapy verbatim" (1969), "In and out the garbage pail" (1969), "The Gestalt approach and eye witness to therapy"(1973) (Aronstam 1989:630; Thompson & Rudolph 1996:139-140, Cottone 1992:137). Gestaltterapie het voortdurend aangepas by die veranderde omstandighede van die wêreld, by verandering in die kliënt se behoeftes en by die klimaat in die veld van berading. Die volgende Gestaltterapeute het die grootste bydraes gelewer ná Perls: Kepner (1980-1995), Zinker (1980), Yontef (1991-1993), Stern (1985), Jacoba (1989-1992), Hycner (1995), Navis (1987,1996), Shub (1992), Parlette (1991,1996), Wheeler (1991), Delisle (1988,1991,1993), Melnick & Navis (1992), Mackewn (1994), Erwin & Polster (1994) en Simkim (1994) (Mackewn 1997:13, Sills et al 1996:6). In 1977 is die "American Gestalt Journal" en in 1991 die Britse eweknie tot stand gebring. Die joernale bied aan die Gestaltterapeut die geleentheid om idees te debatteer en daardeur die Gestaltbenadering uit te brei (Sills et al 1996:6). Oaklander kan as die grondlegger van Gestaltspelterapie beskou word. Volgens haar kan daar met geringe aanpassing aan die teorie, filosofie van die benadering, Gestaltterapie in die praktyk met kinders deur middel van spelterapeutiese metodes toegepas word (Oaklander 1992:64).

In die toepassing van die Gestaltspelterapie word die Gestaltteorie gebruik, wat van toepassing is op die Gestaltterapeutiese program met die emosioneel beseerde pre-adolesent soos dit in die volgende afdeling bespreek word. Die terme Gestalt, Gestaltterapie en Gestaltspelterapie is in hoofstuk 1 omskryf.

3.2 TEORETIESE KONSEPTE VAN DIE GESTALTTEORIE.

Die teoretiese konsepte van die Gestaltteorie, wat ook van toepassing is op die Gestaltterapie sluit al die aspekte in (Mackewn 1997:3 & Estrup 2000:1-2 & Yontef 1993:1-38) wat hierna bespreek word met toepassing op die emosioneel beseerde pre-adolesent.

3.2.1 Holisme

Holisme is 'n belangrike konsep in Gestaltteorie. Dit is fundamenteel, omdat die mens deel is van die hele wêreld en dit alles 'n invloed op mekaar het. Die mens, dier en natuur funksioneer in interaksie met mekaar en hulle aktiwiteit word gekoördineer (Carvie 1997:2-5).

Die mens is dus slegs een deel van die groter heelal en kan nie daarvan geskei word nie. Perls het dit soos volg geformuleer: "You cannot even separate the organism and the environment. A plant taken out of its environment, can't survive and neither can a human being if you take him out of his environment, deprive him of oxygen and food and so on" (Aronstam 1989:629). Holisme is 'n geheel wat omskryf word as 'n som van gedeeltes wat op mekaar inwerk. Die gedeeltes is buigbaar, beweegbaar en aanpasbaar om binne die patroon van die geheel in te pas. Die gedeeltes het dus 'n invloed op mekaar en moet gereeld gereguleer word om 'n geheel te vorm (SGSR 2001:2-3). Die menslike organisme se funksionering bestaan ook uit verskillende dele wat op mekaar 'n invloed het. Dit is sy fisieke omgewing met suurstof, water, voedsel en ander lewensmiddele, sy sosiale omgewing om in sy sosiale behoeftes (soos aan liefde en vriendskap) en ander emosionele behoeftes, geestelik aspekte, taal, denke en gedrag te voorsien (Van Wyk 1984:7-8, Aronstam 1989:633).


Die doel van Gestaltterapie is om al die organismes te reguleer deur interne organisme regulering waar die persoon selfregulering deur inherente eienskappe benut om sy eie behoeftes te bevredig of eksterne regulering waar die poses van Gestaltvorming plaasvind tussen die mens en sy omgewing. As die proses voltooi is, vind homeostase en integrasie plaas (Aronstam 1989:633 en Clarkson & Mackewn 1994:35-36).

Dit is dus duidelik dat die Gestaltteorie vanuit 'n holistiese perspektief beskou word, omdat dit die mens se totale funksionering insluit met al die dele waaruit sy liggaam bestaan. Die Gestaltteorie met die emosioneel beseerde kind sal dus die omgewing van die kind se fisiese, psigiese, emosionele, sosiale, en morele omgewing asook taal, denke en gedrag bestudeer en bepaal watter invloed dit op mekaar het om die kind se balans te herstel en weer in homeostase te bring.

Die hele Gestaltbenadering werk ook vanuit 'n holistiese perspektief waar die berading en terapie interafhanklik is van verskillende komponente in die Gestaltfilosofie om 'n totale eenheid te vorm. Figuur 1 is Mackewn (1997:3) se illustrasie hiervan.

Dit is dus die hele veld waarin die Gestaltterapie plaasvind. Alles in die veld moet in aanmerking geneem word, dit wil sê hoe hulle met mekaar verband hou, watter verandering dit bring en watter veranderinge daar voortdurend plaasvind. Die verskillende organismes kan nie van mekaar geskei word nie. Die geskiedenis moet in aanmerking geneem word. Patrone wat herhalend na vore kom, die klein verandering wat onverwagte effekte het en die invloed wat spesifieke gebeure op mense het, hang af van die impakgrootte wat daardie aspek op die oomblik het (Estrup 2000:1).

FIGURE 8: INTERRELATED COMPONENT TASKS OF GESTALT AND PSYCHOTHERAPY



Mackewn (1997:49) het die volgende verdere beginsels van die veldteorie soos volg saamgestel:

- Die mens moet as 'n integrale en interaktiewe deel binne sy sosio-kulturele en ekonomiese agtergrond verstaan word.
- Die veld bestaan uit interaktiewe organismes tussen die individu en sy omgewing wat potensieel interaktief verbind kan wees.
- Menslike gedrag word gevorm uit die samestelling van al die organismes in die veld.
- Die kragte in die veld is voortdurend besig om te beweeg en herorganiseer te word uit die verskille wat van oomblik tot oomblik verander.
- Die mens is besig om gereeld sy persepsie van sy veld te herorganiseer deur te fokus op sy figuurvorming terwyl ander aspekte op die agtergrond skuif.
- Individuele betekenis word deur die individu aan die ervaring in sy veld gegee.

- Op dié wyse is die mens 'n mede-skepper van sy omstandighede en hy moet dus self verantwoordelikheid dra vir die betekenis wat hy aan die lewe gee.
- Menslike gedrag vind in die hede plaas en sy gedrag kan dus slegs met betrekking tot die huidige veld verklaar word.
- Veranderinge in enige deel van die veld het 'n invloed op die hele veld, omdat al die dele van die veld verbind is.

Dit is belangrik dat daarna gestreef word dat al die organismes in die veld met mekaar inter-verbind is en mekaar beïnvloed. Die organismes moet na homeostase beweeg deur organismiese selfregulering.

3.2.2 Homeostase / Organismiese selfregulering

Die mens se lewe en gedrag word beheer deur homeostase, omdat daar voortdurend behoeftes is wat bevredig moet word. Perls (1973:5) het homeostase soos volg definieer: "(T)he process by which the organism maintains its equilibrium and therefore its health under varying conditions. Homeostasis is thus (a) process by which the organism satisfies its needs". Die persoon kan dus bewus raak van enige fisieke wanbalans en dit weer herstel deur selfregulering. Die proses van homeostase vind voortdurend plaas soos die behoefte wat die belangrikste is op die voorgrond tree. Die mens beweeg dan weer na ewilbrium sodra die wanbalans herstel is (Aronstam 1989:633; Clarkson & Mackewn 1994:48-49, Korb et al 1989:11). Perls (1973:9) het die proses waar die dominante behoefte na die voorgrond geskuif word totdat hy bevredig word, soos volg omskryf: "He must know how to manipulate himself and his environment, for even the purely physiological needs can only be satisfied through the interaction of the organism and the environment." Die proses van homeostase is 'n ideaal, maar is moeilik bereikbaar, omdat daar altyd weer nuwe behoeftes op die voorgrond tree.

Die proses word organismiese selfregulering genoem wat soos volg deur Kirchner (2000:6) omskryf word: "Self-regulation is a process in which the organism strives for the maintenance of an equilibrium that is continually disturbed by its needs and regained through their gratification and elimination."

Die proses vind deur 'n interne en eksterne proses plaas. Die interne regulering word beskou as die individuele kenmerke van die individu wat spontaan ingestel is om die individu se organismiese behoeftes te bevredig. Die eksterne regulering meng gewoonlik in met die interne regulering wat daartoe lei dat die spontane proses van Gestaltvorming verlore raak. Hierdeur ontstaan 'n fragmentering en die individu funksioneer nie meer as 'n holistiese eenheid nie (Aronstam 1989:633 & Korb et al 1989:11).


Die selfregulering van behoeftes kan soos volg geïllustreer word. Die kind het 'n interne behoefte na liefde en aandag wat daartoe lei dat hy na sy moeder hardloop vir liefde en haar vasdruk, maar sy moeder ignoreer sy behoefte deur te vra dat hy die vertrek moet verlaat, wat die eksterne regulering is. Sy behoefte bly dus onbevredig en lei daartoe dat sy Gestalt onvoltooid is.

Die proses van organismiese selfregulering deur die proses van Gestaltvorming en -vernietiging bestaan uit 'n siklus van fases: bewustheidskontinuum, mobilisasie / georganiseerde aksie, kontak, na-kontak / behoeftebevrediging, en onttrekking / nuwe situasie. Die emosioneel beseerde pre-adolesseent se bewussyn van sy eie emosionele ervaring van die mishandeling moet verhoog word totdat hy bewus word dat dit in bepaalde gedragsuiting na vore kom en watter invloed die gedragsuiting op sy omgewing het. Hierdeur vind georganiseerde aksie plaas ten opsigte van die hantering van sy eie emosies in die bemagtiging van sy eie potensialiteite, om te lei na behoeftebevrediging totdat hy homeostase bereik het en die behoefte op die agtergrond skuif en 'n nuwe behoefte weer op die voorgrond verskyn.

3.2.2.1 Die proses van Gestaltvorming en Gestaltvernietiging.

Die proses van Gestaltvorming bestaan uit 'n siklus van fases. Die outeurs Clark & Fraser (1987:6-13); Clarkson (1989:29-36); Korb et al (1989:24-25); Clarkson & Mackewn (1994: 50-52); Blom (2000:180-181), Joubert (1997:85) plaas fokus op verskillende fases. Die getal fases wissel tussen vyf en agt, maar die inhoud van die siklus stem tussen die verskillende outeurs ooreen. Vir die bespreking daarvan word die proses in vyf fases verdeel.

FIGUUR 9: SIKLIESE PROSES VAN GESTALTVORMING EN -VERNIETIGING.



3.2.2.1.1 Fase 1: Bewustheidkontinuum

Die persoon ervaar verskillende behoeftes wat meeding om bevredig te word. Daar vind egter fragmentasie plaas as die behoeftes gelyk meeding om na die voorgrond te tree. Dit kan lei tot emosionele wanfunksionering omdat die persoon nie die belangrikste behoefte op sy voorgrond kan onderskei nie. Gestaltformasie kan slegs plaasvind as die persoon bewus word van sy dominante behoefte en in die behoefte kan voorsien (Clark & Fraser 1987:5 en Harman 1995:13).

Die proses van figuurgrond-interaksie is voortdurend aan die gang. Die figuur wat na vore tree, is die behoefte wat die meeste aandag eis van die individu. Die agtergrond is die persoon in sy omgewing en sy ervaring op die oomblik. Sodra die behoefte bevredig word, is die Gestalt voltooi en tree dit na die agtergrond en 'n nuwe figuur tree na vore. Die proses is op dié wyse voortdurend aan die gang (Clarkson & Mackewn 1994:41, Aronstam 1989:631, Clarkson 1989:336, Thompson & Rudolph 1996:142). Die persoon wat die proses betekenisvol ervaar, het 'n gesonde funksionering. Hy is in staat om te fokus op sy bewuswording en dit na vore te bring terwyl die ander behoeftes op die agtergrond bly. O'Leary (1992:11) formuleer dit soos volg: "When a person's experiences from a meaningful whole, healthy function exists. A smooth transition results when certain happenings are in the focus of awareness, while others are in the background."

Wanneer die behoefte op die voorgrond nie bevredig word nie, word dit deur Perls (1973:7) 'n "unfinished business" genoem. Dit veroorsaak gevoelens soos frustrasie, ongemak, aggressie, en spanning wat in die kinders se gedrag soos enuresis, dagdromery en aggressie na vore kom. Finkel (1984:43) se mening is soos volg: "Any time a natural expression of feeling is repressed, it creates unfinished business with those who demands compliance." Onvoltooidheid belemmer dat Gestaltvorming en dat daar Gestalthomeostase kan geskied. Die kind in die samelewing leer om op 'n bepaalde wyse op te tree, soos om sy woede te onderdruk en dat hy nie mag huil as hy hartseer is nie. Bewuswording is baie belangrik om die onvoltooidhede na vore te bring.

Perls, Hefferline & Goodman (1996:75) omskryf reeds vanaf 1951 bewustheid so: "Awareness is the spontaneous sensing of what arises in you – of what you are doing, feeling, planning; intro-spection in contrast, is a deliberate turning of attention to these activities in an evaluating, correcting, controlling, interfering way, which often, by the very attention paid them, modifies or prevents their appearance in awareness." Sensoriese kontak is belangrik om die persoon bewus te maak van sy mees dominante behoefte. "A sequence begins with an awareness of an appetite (what one needs, desire and wants etc.) and passes into the next development in which the environment is purposefully contact and manipulated until the need is gratified and the situation finished" (Ronch, Van Ornum & Stilwell 1994:21).

Yontef (1993:183) omskryf bewustheid as "a form of experiencing. It is the process of being in vigilant contact with the important event in the individual / environment field with full sensory, motory, emotional, cognitive and energetic support". Die kind is deel van sy omgewing en sy gedrag en kan nie buite konteks gesien word nie. Die emosioneel beseerde kind moet dus bewus word van die emosionele ervarings in die mishandeling deur sy omgewing en watter gedrag dit tot gevolg het.

In die bewuswordingsproses met die emosioneel beseerde pre-adolesent word die sensoriese bewussyn verhoog na aanleiding van wat hulle ervaar, ten opsigte van hulle sien (byvoorbeeld die beeld van die mishandelaar en wat hulle liggaamsreaksies is), die tassintuig word verhoog deur gevoelsapparaat waar veral koue klam voorwerpe die kind se bewussyn verhoog, reuksintuig word verhoog deur reukbotteltjies waar die reuk van drank 'n rol speel en die gehoorsintuig van verskillende klanke wat deur musiek instrumente of huisklanke uitgebring kan word. Emosionele bewussyn kan ook deur die benutting van emosiegesiggies verhoog word waar die pre-adolesent identifiseer watter emosie dit is en watter gebeure aanleiding gee tot die emosie.

3.2.2.1.2 Fase 2: Mobilisasie/georganiseerde aksie.

Die bewussyn van die behoefte word gemobiliseer ná behoeftebevrediging. Die gesonde persoon is nou gereed vir aksie om sy behoefte te bevredig. Die individu moet dus bewus wees van wat hy wil doen, hoe hy dit wil doen, hoe hy kan verander om homself weer te waardeer en te verander (Yontef 1993:12).

Ten opsigte van bewustheid in Gestaltterapie het Yontef (1976:68) drie vereistes gestel:

- Bewustheid moet gegrond wees op die dominante voorgrondbehoefte van die organisme. Die emosionele behoefte van die kind is om onvoorwaardelike liefde en aandag van sy ouers te ontvang, maar die gebeure in die verlede verdring dit.
- Bewuswording is dat die individu direkte kennis van sy situasie het. Die emosioneel beseerde kind se kennis van sy omgewing is dat sy ouers nie in sy behoeftes voorsien nie en hy dus 'n alternatiewe bron van liefde en aandag moet soek.
- Die bewustheid het 'n uitwerking op die hier en die nou. Hy leer dus oor hoe hy nou voel. Die emosioneel beseerde kind moet leer om bewus te word van sy emosies van aggressie of hartseer omdat sy ouer nie in sy behoeftes voorsien nie en watter gedrag dit tot gevolg het.

Bewustheid moet besit word deurdat die individu moet leer om self keuses na aanleiding van sy emosies te maak en die verantwoordelikheid ten opsigte van sy gedrag te dra. Organisme van selfregulering word ontwikkel wat aanleiding gee tot groei en langtermynverandering (Kirchner 2000:7).

Die emosioneel beseerde pre-adolesent word dus bewus van hoe hy voel en dink en wat hy fisies ervaar. Hy ontwikkel dan ook insig ten opsigte van sy onaanvaarbare gedrag of intense emosies. Hieruit kan hy dan self 'n keuse uitoefen oor hoe hy dit wil hanteer en wat vir hom en sy omgewing aanvaarbaar is. Dit lei tot groei in sy selfvertroue en selfbeeld, wat aanleiding gee tot positiewe gedragsverandering, omdat hy in beheer is.

3.2.2.1.3 Fase 3. Kontak

Kontak word gemaak in die verhouding tussen die persoon en sy omgewing. Daar vind 'n wisselwerking tussen die individu en sy omgewing plaas met die doel om sy behoeftes te bevredig. From (1994:9) haal Perls, Hefferline & Goodman soos volg aan in verband met kontak: "experience occurs at the boundary between the organism and its environment... We speak of the organism contacting the environment, but it is the contact that is the simplest and first reality." Kontak vind plaas wanneer die individu die omgewing ontmoet.

Gesonde kontakmaking van 'n persoon vind plaas deur die benutting van sy sintuie, naamlik sig, reuk, gevoel en gehoor plaas. Dit help die persoon sy persepsies organiseer en betekenis gee aan sy emosies (Frazao 2002:4 en Harman 1995:6).

Die effektiewe kontakmaking berus daarop dat die persoon bewus is van sy eie kontakgrense, en in terapie kan bepaal wie is ek, waar is ek hier en nou, wat ervaar ek, wat ruik/hoor/sien ek, wie is hier by my en wie wil ek graag hier hê (Clark & Fraser 1987:14, Oaklander 1999:193). Die persoon het dus interpersoonlike kontak met homself waar hy die "ek" beleef en met sy omgewing waar hy kan vasstel wat hy nie wil wees nie. Hierdeur word sy kontakgrense bepaal en behou hy sy eie identiteit (Armstrong 1989:634, Clarkson & Mackewn 1994:56, Korb et al 1989:32, Oaklander 1994:283). In die interpersoonlike kontakmakingproses is dit 'n proses waar die kind homself leer ken in sy verhouding met sy omgewing. Cole (2000:13) het soos volg na die proses verwys: "The interhuman contacting process is the process by which we come to know ourselves and others to apprehend our human existence and that of others."

Die proses van kontak word deur Perls, Hefferline & Goodman, van 1951 (1996: 403) soos volg uiteengesit:

- Voorkontak: Die persoon word van die situasie bewus, en begin dit in verskillende moontlikhede opbreek. Die omgewingstimulus is die figuur en is nou op die voorgrond. Dit is waar die emosioneel beseerde kind bewus word van sy omgewing wat bydra tot emosionele mishandeling.
- Kontak: Die opwinding word die agtergrond en 'n stel moontlikhede word die figuur. Moontlikhede word gekies en verwerp en dit wat vreemd is, word geïdentifiseer. Die beseerde kind begin identifiseer watter persone bydra tot sy emosionele mishandeling

- Finale kontak: Teen die agtergrond van die omgewing is die doel die voorgrond, en die organisme is in kontak met die doel. Daar is 'n spontane aksie van persepsie, beweging en gevoel. Daar is 'n groot bewustheid van die 'jy'. Die persoon ervaar nou liggaamsbewustheid. Die emosioneel beseerde kind raak bewus van sy eie emosie en hoe dit homself beïnvloed en watter gedrag uit die mishandeling volg. Hy maak ook keuses en besluite wat hy wil doen en hoe hy die emosies en mishandeling gaan hanteer en watter aanvaarbare en verantwoordelike gedrag en optrede hy wil volg.
- Ná-kontak: Die figuur verdwyn teen die agtergrond. Die omgewing en organisme kom in integrasie en smelt saam. As die emosioneel beseerde kind in staat gestel is om sy situasie te verwerk, te hanteer en veilig te voel, kom hy weer in integrasie met sy omgewing.

Deur die kontakproses raak die persoon bewus van sy eie grense en waar dit die ander ontmoet. Die grense moet deurdringbaar wees en uitruilbaar tussen die individu en sy omgewing. As die individuele kontakgrense ondeurdringbaar is, sluit dit kontak van buite af uit. Die kind wat emosioneel seergekry het, blokkeer sy omgewing uit met die doel om nie meer verder seer te kry nie. Dit gee egter aanleiding daartoe dat hy sy eie identiteit moet inboet. Die kind moet dus goedontwikkelde egogrense ontwikkel deur te onderskei tussen homself en ander, sonder om kontak af te sny en eie identiteit in te boet (Joubert 1997:92). Hamilton (1997:60) het die regulering van kontakgrense soos volg gestel: "Any process of change needs to be done in awareness on your part as well as others. Each point of contact needs to be created in such way that the contact boundary and its effect can be regulated and tolerated."

As die persoon nie meer die kontakgrense kan reguleer nie, tree kontakversteuring of neurose in. Dit is wanneer die persoon nie meer die balans tussen homself en sy omgewing kan hanteer nie. 'n Neuroot se lewensruimte is ingeperk omdat die omgewing te swaar op hom leun. Hy kan nie meer sy eie behoeftes bevredig nie en raak dus geblokkeer. Hy gebruik sy energie om toenemend ander mense te betrek om te sê wat hy moet doen (Aronstam 1989:637, Yontef & Simkin 1989:332, Hardy 1991:12-13). Oaklander (1994:144) het kontakgrensversteurings by die kind soos volg beskryf: "The child is in his quest for survival, will inhibit, block, repress, and restrict various aspects of organism: the senses, the body, the emotions, the intellect. These restrictions become contact-boundary disturbances and cause interruptions of natural, healthy process of organism of self regulations". Die kind leer deur kontakversteuring om sy behoeftes te bevredig, wat dan aanleiding gee tot lae selfbeeld en sy proses van selfregulering negatief beïnvloed.

Die meeste skrywers identifiseer vyf kontakversteurings: introjeksie, projeksie, samevloeiing, retrofleksie en defleksie (Aronstam 1989:638, Clark & Fraser 1987:15, Clarkson 1989:53-53, Clarkson & Mackewn 1994:77-78, Harman 1995:6, O'Leary 1992:39, Perls 1973:32, Polster & Polster 1974:53). Kontakversteuring is nie deel van die kind se proses nie, maar die wyse wat die kind benut om sy eie behoeftes te bevredig. Die kontakversteuring word bespreek na aanleiding van hoe die kind dit benut om sy behoeftes te bevredig.

INTROJEKSIE

Aronstam (1989:638) stel dat introjeksie die proses is waardeur die individu inhoude kritiekloos vanuit sy omgewing inneem (soos waardes, norme en eise) wat gewoonlik nie deur die individu geassimileer word nie, dit bly onverwerk en vreemd vir die mens". Die ouer of onderwyser dwing bepaalde waardes en norme op die kind af deur gesag, straf en beloning. Die onverwerkte gevoelens, maniere en eise word dan deur die kind gebruik asof dit sy eie is en word dan introjekte genoem (Clark & Fraser 1987:15 O'Leary 1992:39). Introjekte kan ook verder idees, houdings en gedrag insluit (Hamilton 1997:123, Korb et al 1989:56). Die introjekte gee aanleiding tot 'n rigiede persoonlikheid (Yontef & Simkin 1989:332). Dit bring mee dat die introjekte inmeng met die individu se selfregulering, wat dan tot 'n onvoltooidheid lei (Clarkson 1989:52, Clarkson & Mackewn 1994:74).

Die introjekte wat deur die omgewing gestel word, vereis dat die omgewing dieselfde moet bly om dit in stand te hou, anders veroorsaak dit spanning en angs by die kind as die omgewing verander en hy dit nie in stand kan hou nie (Aronstam 1989:196).

Die introjekte ontwikkel 'n sin vir hulleself en bepaal wie hulle is in verhouding met die omgewing. As dit positief is en die kind neem dit aan, lei dit tot betekenisvolle groei, maar as dit negatief is, lei dit tot konflik in hulleself en beïnvloed die organismiese selfregulering. (Clarkson 1989:52, Korb et al 1989:56). Kinders wat dus voortdurend negatiewe introjekte van hulleself inneem, voel "ek is sleg" en "ek mag nie negatiewe emosies soos woede openbaar nie" (volgens Oaklander 1994:283-284).

Die emosioneel beseerde kind ontwikkel ernstige gedragsprobleme as hy die introjekte assimileer soos byvoorbeeld lae selfbeeld, leerprobleme, kompulsiwiteit, onttrekking, aggressiwiteit, verhoudingsprobleme met sy portuurgroep en frustrasie ten opsigte van sy verwagtings van sy portuurgroep (Gil 1991:7-13, Clark 2002:76). Verdere kenmerke van emosionele gedrag word ook in punt 2.5.2 bespreek wat by die emosioneel beseerde kind voorkom. Die omgewingsfaktore wat die introjekte veroorsaak, is hoofsaaklik gesinsfaktore wat in punt 2.5.3 bespreek word.

Die belangrikste fokus in Gestaltspelterapie is om die introjekte wat die kind negatief beïnvloed, te identifiseer en met die Gestaltspelterapeutiese program te verhelp.

PROJEKSIE

"Projection is a confusion of self and other that results from attributing to the outside something that is truly self" (Yontef 1993:11). Die individu verbreek dus sy eie kontakgrens deur sy gevoelens op ander te projekteer. Die kind is dan geneig om die omgewing verantwoordelik te hou vir alles wat met hom gebeur en dus geen eie verantwoordelikheid te aanvaar nie (Aronstam 1989:638, Yontef & Simkin 1989: 332, Hardy 1991:12).

Die projeksie word veral gebruik waar die kind geleer het dat bepaalde emosies, persoonlikheidseienskappe en gedrag nie aanvaarbaar is nie (Clarkson & Mackewn 1994:73-74).

Die kind vertel dikwels leuens en ontken sy emosies omdat hy nie oor die selfbeeld beskik om verantwoordelikheid te aanvaar nie. Hy blameer ander vir al die onaangename gebeure in hulle lewe en projekteer al sy pynlike emosies. Deur projeksie leer die kind om homself te beskerm en verlies van sy eie emosies te hanteer (Oaklander 1994:145, Blom 2000:188).

In Gestaltterapie is dit belangrik om eerste te bepaal watter introjekte aanleiding gegee het tot die projeksie (Fankel 1984:57). Die projekteerder blameer gewoonlik ander mense deur 'n tiperende projeksiestelling soos "Niemand gee vir my om nie; dit is alles sy skuld; sy het my nooit lief gehad nie; my ma wil my nie hê nie" (O'Leary 1992:42, Joubert 1997:95). Deur die kreatiewe werk in Gestaltterapie help die terapeut om dit wat die kind op ander projekteer, self te identifiseer, te besit en hierdeur sy bewussyn van sy selfidentiteit te verhoog en kontak met sy omgewing deur selfvertroeteling te benut (Blom 2000:189).

Die emosioneel beseerde kind se bewussyn rondom sy emosies sal eers verhoog moet word om vas te stel watter introjekte aanleiding gegee het tot sy projektiewe gedrag. Deur die verhoging van sy emosionele intelligensie vind daar individuele groei plaas deur dit wat hy in sy projeksie beleef, sy eie te maak.

SAMEVLOEIING

Die kontakgrense gaan verlore in samevloeiing. Daar is dus geen duidelike grense tussen die individue en sy omgewing nie (Aronstam 1989:638, Fankel 1984:63, Yontef 1993:10, Clarkson 1989:55). Die individu sien homself as deel van ander mense en weet nie wat eie is aan homself en wat eie is aan ander mense nie (Thompson & Rudolph 1996:142, Perls 1973:38).

Die ouer sien sy kind byvoorbeeld as verlengstuk van homself en hanteer enige andersheid as verwerping (Aronstam 1989:197). Volgens Oaklander (1994:284-285) beskik kinders wat in samevloeiing leef, oor 'n swak selfbeeld en hulle word gekenmerk as die "plesierders" wat enigiets doen wat van hulle verwag word. Die kind gebruik dus samevloeiing om nie meer kontak met homself te maak nie en ander gelukkig te hou. Hy onderdruk dus sy eie behoeftes ter wille van ander (Polster & Polster 1974:92).

Samevloeiing in terapie word benut om 'n terapeutiese verhouding op te bou en die kind bewus te maak van sy eie emosie en behoeftes (Clarkson & Mackewn 1994:74, Hardy 1991:15).

Deurdat die terapeut in samevloeiing met die kind gaan, bou dit 'n positiewe verhouding waar hy veiligheid ervaar om sy eie identiteit op te bou. In die tegniek *benutting van samevloeiing* verhoog die terapeut die kind se bewussyn deur stellings en oordrywing, totdat hy self ongemak ervaar uit die gedragsuiting wat erken word. Die kind se bewussyn is nou tot so 'n mate verhoog dat hy insig het in watter invloed sy gedrag op sy omgewing het en dan besluit om liever alternatiewe gedrag toe te pas.

RETROFLEKSIE

Retrofleksie manifesteer volgens Frankel (1984:58) en Polster & Polster (1974:32) op twee maniere: die persoon doen liever aan homself wat hy eerder aan ander wou doen en die persoon doen liever aan homself wat hy wil hê ander moet aan hom doen.

Die meeste gereflekteerde emosies is gewoonlik negatief van aard, byvoorbeeld aggressie. 'n Persoon met positiewe retrofleksie ondersteun homself en glo dan later dat hy nie ander nodig het nie (Frankel 1984:60). Negatiewe retrofleksie is dus wanneer 'n kind handel om homself te benadeel soos deur aggressie omdat hy gereflekteerde liefde soos selfliefde, wat tot isolasie lei, ervaar of gereflekteerde haat wat tot selfvernietigende gedrag lei, soos by selfmoordneigings.

Retrofleksie veroorsaak dus 'n struikelblok in uitdrukking van die kind se emosies omdat hy nie toegelaat word om sy emosie uit te druk nie (Clarkson 1989:144). Die kind kan nie sy gevoelens uitspreek nie en straf homself deur skuld, hartseer en onbevoegdheid (Aronstam 1989:17, Clark & Fraser 1987:17). Kinders reflekteer hulle emosies van rou en woede deur die simptome van hoofpyn, maagpyn, asma-aanvalle of hiperaktiwiteit (Oaklander 1994:284). Hulle druk hul ook uit in nie-verbale taal soos 'n frons, gespanne spiere en die onnodige gebruik van "ekself, ek skaam my (self), ek dwing myself". Dit raak dus sy verhouding met homself en met ander (Van Wyk 1984:23).

In Gestaltterapie kan die terapeut die kind se bewussyn verhoog deur te fokus op sy fisiese bewussyn van sy emosies. Die emosioneel beseerde kind, wat dikwels emosioneel afgestomp is, se bewussyn kan op dié wyse verhoog word.

DEFLEKSIE

"Deflection is the avoidance of contact or of awareness by turning aside, as then one is polite instead of direct" (Yontef 1993:11). Die kind deflekteer dit wat vir hom onaangenaam is met die doel om dit te vermy of daarvan bewus te word. Hy sal dit doen deur verbreking van oogkontak, oorbeleefdheid, oormatige taalgebruik en gebrek aan emosionele uitdrukking. Joubert (1997:98) en

Clark & Fraser (1987:19) het die volgende vorms van defleksie geïdentifiseer:

- 'n Stelling te gebruik om konflik of spanning uit situasies te haal: "Daar is geen rede om ontsteld te wees nie."

- Die aflag van ongemaklike situasies en ondervindings.
- Abstrakte of galante optrede.
- Verkleining van 'n emosie of behoefte deur dit af te maak as onbelangrik. Die persoon praat nie direk oor sy eie huidige emosie en woede nie, maar eerder oor die moontlike emosie.
- Diplomatieuse optrede waar hy aanbied om weer van voor te begin
- 'n Spoggerige optrede deur te sê "Ek is 'n mislukking".
- Ontkenning van 'n emosie deur opmerkings soos dat "ons meer realisties en volwasse na 'n saak moet kyk".

Die kind pas defleksie toe deur vorms van uitreagerende gedrag te benut soos woedeuitbarstings vir pynlike ervarings, fantasering en dagdromery. Die kind se eie energie is dus van korte duur. Hy het nie die insig dat sy gedrag ontoepaslik is om sy probleem op te los nie. Al strategieë wat hy kan benut, is om ontoepaslike gedrag te openbaar (Oaklander 1994:284).

Die kind se behoeftes word nie bevredig nie, omdat hy kunsmatige gedrag in stand hou en ware kontak met sy omgewing vermy. Die emosioneel beseerde kind se bewussyn sal verhoog moet word deur te bepaal hoekom dit vir hom nodig is om die gedrag in stand te hou en in polariteite te werk.

DESENSITISASIE

Desensitisasie word soos volg deur Clarkson & Mackewn (1994:77) gedefinieer: "(T) he process by which we numb ourselves to the sensation of our bodies. The existence of pain or discomfort is kept out of awareness". Die individu sluit homself af van die proses van sensoriese en liggaamlike bewuswording deur kontakgrensversteuring. Die sensoriese gewaarwording van pyn en ongemak word ontken deur die emosies en fisiese gewaarwording as figuurvoorgrond te onderdruk en op die agtergrond te hou (Clarkson 1989:51, Clarkson & Mackewn 1994:77).

Mishandelde kinders of emosioneel beseerde kinders, desensitiseer hulleself dikwels om van die seerkry wat hulle beleef het, weg te kom. Hulle funksioneer sonder fisiese en emosionele ervaring, wat dan lei tot emosionele afstomping. Hierdie kinders het dan baie ervaring van sensoriese kontakfunksies nodig (Oaklander 1994:149, Jennings 1999:115).

Die emosioneel beseerde kind kom dus sensories afgestomp voor deur geen fisiese of emosionele reaksie te gee nie. Daar moet dan in Gestaltspelterapie baie eksperimentering rondom sensoriese kontak plaasvind om die kind se bewussyn te verhoog (Jennings 1999:115). Die sensoriese kontak kan die emosies herken deur middel van sensoriese boks, waterspel, sandbak, 'n storie of dramaspel met betrekking tot "good feelings and bad feelings", musiekterapie en diereterapie (Jennings 1999:85.115-116, Bunt 1994:8, Schaefer 1988:166, 401-413, Schaefer & O'Conner 1994:283).

Ferraro in Schoeman (1996:55) het die sensoriese bewustheidskontinuum van 'n kind in 'n proses van sewe fases verdeel:

- "Phase one: This is the sensation phase, where raw data is experienced. A child moves towards a figure.
- Phase two: Awareness starts to grow in the figure formation. The child starts to develop certain needs. He begins to organize his behavior in action.
- Phase three: He begins mobilizing his energy and begins to make choices to fulfill his needs.
- Phase four: The child makes contact with his inner self, as well as with his environment. He starts sorting out and clarifying his "theme".
- Phase five: The experience between the organism and the environment begins.
- Phase six: During the so-called assimilation stage, the energy exchange is experienced and the real contact is made.
- Phase seven: New learning awareness reorganizes the "ground". New meanings are found and change has the potential to take place."


Die ontwikkeling van sensoriese bewustheid is van kardinale belang in Gestaltherapie in die eksperimentering van verskillende tegnieke. Keuses ten opsigte van behoeftevervulling en die inoefening van aanvaarbare gedrag moet gemaak word. Dit lei daartoe dat die kind weer in beheer van homself is en in homeostase kom met sy omgewing.

3.2.2.1.4 Fase 4: N akontak/Behoeftebevrediging

Nadat kontak beleef is, vind homeostase plaas. Sy behoefte is bevredig en die figuur is nie meer op die voorgrond nie. Die behoefte beweeg nou na die agtergrond (Blom 2000:181).

Figuur 10 is Woldt (in Schoeman 1996:55) se homeostasesirkel vir Gestaltherapie.

FIGUUR 10: WOLT'S HOME



3.2.2.1.5 Fase 5: Onttrekking/ Nuwe Situasië

Dit is die finale fase waar die kind in ewillemium en rus tussen die Gestaltvernietiging en die vorming van 'n nuwe Gestalt kom. Daar is vir 'n kort rukkie geen behoefte en geen voorgrond nie. Die organisme is hier in 'n staat van perfekte balans. Die toestand is egter van korte duur totdat daar weer 'n nuwe behoefte ontstaan en die proses van selfregulering weer begin (Blom 2000:181).

Die emosioneel beseerde pre-adolescent moet deur Gestaltterapie deur die proses van kontak- making gelei word om sy behoefte op sy voorgrond te identifiseer. Die kind moet deur die hulpverleningsproses gehelp word om ten volle bewus te word van sy behoeftes deur fragmentasie van die holistiese beeld (Oaklander 1992:64-66, 1994:282).

3.2.3 Fragmentasie

Fragmentasie word deur Perls in Aronstam (1989:637) soos volg omskryf: "...the child's inability to find and maintain the proper balances between himself and the rest of the world..." Die wanbalans wat by die kind ontstaan, is as gevolg van onvoltooidhede en polariteite in sy lewe.

3.2.3.1 Onvoltooidhede

'n Onvoltooidheid, "unfinished business", ontstaan as gevolg van onvervulde behoeftes, onderdrukte gevoelens of enige ander onverwerkte situasie (Passons 1975:18, Thompson & Rudolph 1996:144). Onafgehandelde sake domineer die bewustheid en dwing die persoon om as figuur op die voorgrond te tree. Dit beïnvloed die vloei van aandag en die bewuswording van die hier en die nou. Dit veroorsaak dat ander behoeftes ook nie na die voorgrond kan tree om bevredig te word nie (Joubert 1997:100)

Die onvoltooidheid gee aanleiding dat die kind se energie in die liggaam vasgevang word en in fisiese simptome soos woede en aggressie omgesit word (Fankel 1984:43). Die emosioneel beseerde kind weet nie hoe om sy emosies, vrees en angs op 'n sosiaal aanvaarbare wyse uit te druk nie, wat dan lei tot aggressiewe gedrag, onttrekking van portuurgroep of onaanvaarbare sosiale verhouding.

Die Gestaltterapeutiese hulpverlening aan die kind om die verwronge dele van die Gestalt van die kind, wat deel gevorm het van die kind se lewe, van sy figuurvoorgrond te verwyder. Die onvoltooidhede het reeds 'n negatiewe invloed op die funksionering van die kind en kan deur terapie verwyder word (Clarkson 1989:7). Die Gestaltterapeut gaan van die standpunt uit dat alle persone oor die energie en hulpbronne beskik om bevredigende selfregulering toe te pas (Korb et al 1989:13).

Die verkryging van die bewussyn van die onvoltooidhede in die emosioneel beseerde kind is van primêre belang om organismiese selfregulering by die kind te ontwikkel. Die terapeut tree as fasiliteerder op om die kind in kontak te bring met sy interne energie en hulpbronne om sy behoeftes te bevredig.

3.2.3.2 Polariteite

Konflik is deel van elke persoon se persoonlikheid wat veroorsaak dat daar verdeeldheid in die persoon se persoonlikheid ontstaan wat daaglik opgelos moet word (Thompson & Rudolph 1996:142). Yntef omskryf polariteite as "parts that are opposites that complicate or explicate each other." Die persoon ervaar natuurlike splitsing in sy lewe soos liggaam - gees, self - eksterne wêreld, emosioneel - konkreet en bewuste - onbewuste. Die gee weer aanleiding tot die polarisering van emosies, soos liefde - haat, slegte kind - goeie kind en vriendelik - onvriendelik. Dit is ook moontlik dat albei polariteite in dieselfde situasie na vore kan kom (Korb et al 1989:13-14).

In Gestaltterapie word terapie daarop gerig om die polariteite te integreer en dat elke polariteit deel vorm in 'n goed geïntegreerde persoonlikheid.

Assagioli het in Thomas & Rudolph (1992:112) die volgende vyf tipes polariteite geïdentifiseer:

- Fisiese polariteite: manlike/vroulike;
- Emosionele polariteite: plesier/pyn, opgewondenheid /depressie, liefde/haat
- Psigiese polariteite: ouer/kind, "topdog" (dit wat ander wil hê 'n persoon moet wees / "underdog" (dit wat die persoon self wil wees).
- Geestelike polariteite: intellektuele twyfe / dogmatisme
- Inter-individuele polariteite:man / vrou, wit / swart, Christen / Jood

Die kinders se emosionele ervaring toon ook dikwels polariteite wanneer hulle teenoorgestelde emosies ten opsigte van een persoon ervaar. Die emosies by 'n kind wat gesplit word, is: gelukkig en hartseer, teleurgesteld en tevrede, morele waardes van goed en sleg, hy is mooi en lelik. Die kind moet egter deur die terapeut gelei word om die polariteit se voorkoms ten opsigte van die omgewing of homself te verstaan (Oaklander 1988:157, 1992:13-14, Schoeman 1996 35-36).

Die emosioneel beseerde pre-adolescent sal dit moeilik vind om die integrasie van polariteite te begryp. Aktiwiteit soos teken, kleiwerk en stories kan benut word om die kind te help om polariteite te integreer (Oaklander 1988:158). Figuur 11 bevat 'n voorbeeld van Thompson & Rudolph (1996:42) se vorm waarmee gevoelens teenoor 'n ander persoon geïdentifiseer kan word wat polariteite in gevoelens by die kind veroorsaak. In die voorbeeld raak die emosioneel beseerde kind bewus van die polariteitsgevoelens van verlange om saam te speel en angs ten opsigte van 'n pakslae.

FIGUUR 11: VORM VIR IDENTIFISERING VAN POLARITEITSGEVOELENS

Naam van persoon	Optrede van persoon	Wat ek as kind verwag	Wat ek van hom waardeer
Pa	Slaan en kom kuier nie	Saam krieket speel en nie baklei nie	Hy kan lekker krieket speel en swem. Hy bel darem.

3.2.4 Struktuur van persoonlikheid/neurose

Perls (1976:59) deel die struktuur van persoonlikheid in vyf lae in wat hy dan neurose noem. Hy het dit soos volg beskryf: "Growing awareness assists the individual to progress through five layers of functioning". Thompson & Rudolph (1996:143) het die vyf lae as "...five steps to a better Gestalt way of live" beskryf. Corey (1991:235) se mening is soos volg: "In order for individuals to achieve psychological maturity, they must strip off five layers of neurosis" dit is dus belangrik dat die kind gehelp word om deur die vyf lae van neuroses te werk om persoonlike groei te ervaar. Die vyf lae van persoonlikheid wat in Gestalt onderskei word is die volgende: die valslaag/ cliché laag; fobiese laag/ bewustheidslaag, impasse/ weerstandslaag, implosiewe laag/integralelaag en die eksplosiewe/ kontaklaag.

3.2.4.1 Vals laag/ cliché-laag.

Die valse laag is die buitenste laag van die persoonlikheid wat verteenwoordig dit wat ander mense graag wil hê jy moet wees (Aronstam 1989:636, Clarkson & Mackewn 1994:78). Hy is dus vasgevang in 'n konfliktsituasie in dit wat hy probeer wees en nie is nie (Aronstam 1989:635, Thompson & Rudolph 1996:143).

Die persoon speel rolle wat ander van hom verwag en probeer van hom self wegkom. Hy leef dus volgens die verwagtings van ander en voorkom so om bewus te word van sy eie bewustelikheid en pynlike ervarings. 'n Swak selfbeeld kan onderliggend wees aan die rol speletjies (Van Wyk 1984:18, Thompson & Rudolph 1996:143, Harman 1995:51, Hardy 1991:26, O'Leary 1992:19).

In die kind se lewe speel "topdog" en die "underdog" 'n belangrike rol. Die "topdog" stel eise en verwagtings waaraan die kind moet voldoen soos "as jy nie gehoorsaam is aan jou pa se opdragte nie, gaan 'n vreeslike ding gebeur". Die pa is dus altyd reg, betersweterig en outoritêr. Hy is dus die boelie in die saak. Die "underdog" is die kind se onsekerheid oor homself en dat hy op beloftes en onderdanigheid reageer. Die kind tree dan altyd verdedigend, apologeties en klaerig op (Clark & Fraser 1987:23, Clarkson & Mackewn 1994:105-106, Aronstam 1989:636, Thompson & Rudolph 1996:146).

Die emosioneel beseerde kind kom na die terapeut met dit wat die ouers verwag ten opsigte van die uitdrukking van emosies en kan dus nie verantwoordelikheid aanvaar vir sy gedrag nie, omdat dit nie hyself is nie. Hy gebruik dit as 'n verdedigingsmeganisme om nie verder seer te kry nie, wat dan aanleiding gee dat hy nie in kontak is met homself nie en nie sy eie probleme kan oplos nie. Die kind het 'n swak selfbeeld wat daartoe lei dat hy nie sy balans kan herstel nie, wat weer angs en vrees veroorsaak en dat hy verder deur sy ouers en omgewing verwerp kan word. Met hierdie onvoltooidheid kan die kind nie beheer en verantwoordelikheid vir sy eie keuses neem nie.

3.2.4.2 Fobiese /bewustheidslaag

Die persoon raak bewus van die speletjies wat hy gespeel het en van sy vrese en emosionele pyn wat hy ervaar het. Die persoon wil die emosies onderdruk, omdat hy bang is vir verwerping (Corey 1991:236). Die emosionele ongemak veroorsaak dat hy probeer om die situasie te vermy (Frankel 1984:52, Thompson & Rudolph 1996:143). Aronstam (1989:636) druk die belangrikste kenmerk van die fase uit as "die mens se weerstand om te wees wat hy kan wees". Die persoon weet dus hoe hy voel, maar nie oor hoe hy moet optree nie. As gevolg van die situasie wil hy begin om rolle te speel wat hy aan homself en sy omgewing toeken (Stephenson 1975:38, Philippson 2002:5).

Die persoon sal begin met roleksperimentering in terapie. Hierdeur sal sy potensialiteite na vore kom, maar hy onderdruk steeds sy negatiewe aspekte as gevolg van sy gevoel van vrees en ontoereikendheid om dit te hanteer (Philippson 2002:5).

In dié laag begin die terapeut alreeds eksperimentering in terapie benut. Die beginsels van eksperimentering is soos volg deur Hamilton (1997:90-91) geïdentifiseer:

- Die kliënt leer deur iets te doen.
- Die terapeut skep veiligheid deur iets te doen.
- Die terapeut plaas die eksperiment op die kontakgrens tussen die weerstand en wat die persoon wil hê.
- Eksperiment fokus op die hede.
- Eksperiment is volgens 'n tema.
- Die integriteit van die kliënt se taal word gerespekteer
- Eksperiment word gegradeer volgens dit waarvoor die eksperiment aangewend word.

Die Gestalteksperiment is soos volg deur Philippson (1996:7-8) uitgedruk: "I can explore how I relate to these aspects of other, and try out new ways of relating this relation to the inanimate environment, I can explore my use of senses: looking, touching, smelling. Or I can explore my preferences: I like this not that, or this aspect and not that aspect, I'm related to a disowned aspect of my function. I can dialogue-the famous Gestalt 'empty chair'. The aim to create a safe emergency: a safe place where I can accept the anxiety of moving out of the familiar and risk acting differently".

Die kind kan dus deur die eksperimentering met rolle en sensoriese bewustheid begin om vir homself 'n veilige omgewing te skep waarin hy sy potensialiteit kan verwesenlik en sy gevoelens kan uitdruk en nuwe rolle begin vorm. Die emosioneel beseerde kind word bewus van sy angs en vrese en kan begin om eers vir hom 'n rol te skep waarin hy veilig voel, soos 'n narrol of 'n skollierol of rol van die skaam en teruggetrokke persoon. Die terapeut moet deur eksperimentering in speltegnieke vasstel wat die kind se introjeksies, projeksies, retrofleksies, defleksies en samevloeiings is.

Die eksperimentering verhoog dus die kind se bewussynsvlak om met homself, sy omgewing en die terapeut kontak te maak en te bepaal wat aanleiding gee tot sy weerstand.

3.2.4.3 Impasselaag

Yontef & Simkin (1989:337) beskryf die impasselaag as "a situation in which external support is not forthcoming and the person believe he cannot support himself". Die kliënt glo nie dat hy oor die hulpbronne en innerlike krag beskik om te verander nie (Thompson & Rudolph 1996:143). Die persoon raak dus paniekerig omdat hy nie meer die rolle en speletjies kan speel nie en ook nie glo dat hy oor die innerlike krag beskik nie (O'Leary 1992:143). Philippson (2003:11) het dit uitgedruk dat die persoon 'n gevoel van vassit ervaar en die vrae vra van wat sal gebeur as ek doodgaan; wat sal gebeur as ek moord pleeg en wat sal gebeur as mense vir my kwaad word. Die persoon sal vir selfondersteuning manipuleer en van sy omgewing verwag om hom te ondersteun. Dit is belangrik dat hy bewus gemaak word van sy interne krag (Harman 1995:45).

Die kind se verdedigingsmeganismes ten opsigte van rollespel is nou weg en hy moet nou nuwe rolle vorm deur die polariteit van "topdog" en "underdog" in mekaar te laat vloei. Dit is baie moeilik vir die kind en daarom sal hy bly vaskleef aan die bekende rolle en dit as verdedigingsmeganismes benut. Die terapeut sal die kind deur die weerstand moet help deur die erkenning van sy gevoelens en hom verseker dat hy oor die innerlike krag beskik om die vrese te verwerk (Joubert 1997:105). Die kind moet voel dat hy hier met die terapeut kontak maak en weet dat die terapeut daar is en dat dit 'n veilige plek is waar hy sy gevoelens kan ervaar (Philippson 2003:8).

Die emosioneel beseerde pre-adolesent kan die rol as nar vertolk, wat hom help om sy eie bewussyn te onderdruk. Terwyl hy snaaks is en nie aan homself aandag skenk nie, kan hy nie sy emosionele pyn ervaar nie en voorsien hy in sy behoefte aan aandag. Hy moet deur samevloeiing van die doel van sy rol bewus word. Die terapeut werk deur sy emosionele ervaring wat tot die rol aanleiding gegee het en bemagtig hom ook in sy ander potensialiteite om die situasie te hanteer. Die rol kan dan vir hom as 'n ontspanningstegniek dien waar hy dit op die korrekte tyd in sy portuurgroep kan toepas, maar in die klas kan hy aandag ontvang deur middel van samewerking en erkenning.

Die weerstand wat die kind bied, is nie noodwendig teen terapie nie maar, kan ook wees teen sy eie pynervaring. Oaklander (1988:198) het die kind se reaksie soos volg verwoord: "STOP! I must stop right here. This is too much! This is too hard! This is too dangerous." Die weerstand is nie weerstand teen die terapeutiese proses nie, maar dit gee aan die kind geleentheid om na homself te kyk en te beweeg na sy eie nuwe groeiarea. Die terapeut moet hom laat lei deur die kind en die aspekte aanspreek sodra hy self daarvoor gereed is (Oaklander 1997:295).

Die emosioneel beseerde kind sal in die fase baie weerstand ervaar as gevolg van al sy onopgeloste emosies waarvan hy bewus word en die gevoel dat hy daarin vassit en nie oor die innerlike krag beskik om dit te hanteer nie. Dit is egter belangrik dat die terapeut 'n goeie verhouding met die kind gebou het. In die terapie kan ook reflektoring van gevoelens in projeksies benut word om die kind ondersteuning te bied en erkenning te gee aan sy weerstand waar hy die emosies intens beleef. As die emosies onhanteerbaar word vir die kind, kan die terapeut terugbeweeg na 'n veilige projeksie totdat die kind weer gereed is om aan die emosies te werk.

3.2.4.4 Implosiewe laag/interaksielaag

In dié laag raak die persoon bewus van hoe hy homself ingeperk het (Thompson & Rudolph 1996:143). Perls (1976:60) beskryf dit as die doodslag, omdat die persoon verlam word deur opponerende magte en nie kan beweeg nie. Die terapeut is bewus van die kind se eksperimentering, om dat hy besluit hy wil nie meer so voortgaan nie en 'n einde aan sy lewe maak op grond van sy gevoel dat dit nie meer die moeite werd is om voort te bestaan nie (Philippon 2003:8). Die energie van die angstigheid verhoog tot 'n verdere verlamming in aktiwiteite en hy kan nie tot probleemoplossing beweeg nie (Clarkson 1989:112, Clarkson & Mackewn 1994:79,118).

Die kind is nou ten volle bewus van die beperkings wat hy in homself het en wil dan met nuwe gedrag begin eksperimenteer (Thompson & Rudolph 1996:143). Sy energievlak moet verskuif word van die verlamningsgevoel in die bewuswording van sy emosies, na moontlike oplossing en selfvertroeteling wat vir die kind energie kan verskaf.

Bemagtiging is baie belangrik in die terapeut se terapie om die kind se innerlike krag-bewuswording te verhoog, wat dan lei tot die volgende laag.

Die emosioneel beseerde pre-adolesent is hier bewus van watter invloed sy gedrag op die omgewing het en dat hy dit self as 'n beperkende faktor ervaar en liever alternatiewe gedrag wil inoefen. As hy byvoorbeeld kwaad word in die klas, kan hy liever 'n stresballon druk as om in aggressie uit te bars. Terwyl hy die ballon druk, sê hy vir homself "ek is kwaad omdat... en sal sorg dat dit my nie verder in die moeilikheid bring nie".

3.2.4.5 Eksplosiewe /Kontaklaag

Dié laag is waar die individue reserwe-energie, wat vasgevang was in die vorige laag, vind om mee te eksperimenteer (Thompson & Rudolph 1996:143). Die individu het suksesvol deur al die lae gewerk, wat hom dan tot by dié laag bring. Clarkson & Mackewn (1994:80) het dit soos volg beskryf: "If the individual really faces the existential of stuckness and confusion at the impasse and stay with the deadness of the implosive layer, he eventually comes to life in the explosive layer." Die persoon het dan nuwe energie om in interaksie met sy hele omgewing te kom. Philippon (2003:9) het die energie van verandering soos volg uitgedruk: "The explosive wave meets, transforms, and transformed by the clients culture, thoughts and fantasies, objects and systems".

In dié laag het die emosioneel beseerde kind voldoende energie om sy pynlike emosies deur te werk en alternatiewe gedrag wat hyself verantwoordelikheid voor aanvaar, in te oefen en te assimileer.

Die emosioneel beseerde kind beweeg weg van die onbewuste emosionele gevoelens wat slegs deur sy gedrag geopenbaar word, terwyl hy nie weet wat dit veroorsaak nie. Die terapie sal dan fokus op sy sensoriese modaliteite en sy eie bewuswording in aanmerking neem. Die kind beweeg dan na die volgende laag waar hy bewus word van sy gevoelens maar nie daaraan wil werk nie, omdat dit te pynlik is sal verkieslik voortgaan met sy huidige gedrag en rolle. In die impasselaag is sy angs vlak en verlies aan beheer so laag dat hy 'n "doodsheid" ervaar. Hy voel vasgevang en kan nie beweeg nie. In die implosiewe laag word hy bewus daarvan dat hy nie meer die angs en emosionele pyn wil ervaar nie, maar op dié stadium het hy nie die energie om dit op te los nie.

In die eksplosiewe laag wil hy graag sy onvoltooidhede na vore bring en hy ontwikkel die innerlik krag en energie om sy emosies te verwerk en alternatiewe gedrag te kies waarvoor hy verantwoordelikheid aanvaar. Hieruit ontwikkel sy persoonlikheid tot meer selfvertroue en selfversekerde optrede om sy eie behoeftes in die omgewing te bevredig.

Die doel van Gestaltherapie is om die kind deur al die lae terapieë te begelei sodat sy bewussyn verhoog word en hom in staat stel om sy balans te herstel in sy huidige funksionering en so daarvoor selfverantwoordelikheid te aanvaar.

3.3 GESTALTTERAPEUTIESE DOELSTELLINGS


Gestaltherapie is om die kliënt se bewussyn te verhoog deur groter keuses uit te oefen en self daarvoor verantwoordelikheid te aanvaar (Corey 1991:231). Die doel is om die kliënt selfondersteunend te laat optree en verantwoordelikheid te aanvaar om hierdeur persoonlike integrasie te bereik (Thompson & Rudolph 1996:144). Die Gestaltherapeut is dus direk en aktief betrokke om die kliënt te motiveer om bewussyn te verhoog ten opsigte van homself en op integrasie te fokus ten opsigte van sy kognitiewe, emosionele en sensoriese/fisiese ervarings (Lammert & Dolan 1983:43).

In die terapie is dit belangrik om te fokus op die kliënt se bewuswording van sy probleem en die wisselwerking tussen hom en sy leefwêreld in die hier en die nou. Die ervaring hang af van die verhouding en ervaring tussen die kliënt en die terapeut (Lammert & Dolan 1983:44). In die proses van bewuswording moet die terapeut die kliënt in 'n bepaalde rigting laat beweeg. Zinker (1977:139-149) het die proses soos volg beskryf:

- Beweeg tot groter bewuswording van die self.
- Neem besit van sy eie ervaring. (Voorheen ander verantwoordelik gehou vir wat gedink, voel en gedoen is.)
- Ontwikkel vaardighede en toepaslike waardes wat hom toelaat om sy eie behoeftes te bevredig sonder om die regte van ander persone te verbreek.

- Verhoog sensoriese bewustheid by die kind.
- Leer om verantwoordelikheid te dra vir sy optrede en die gevolge daarvan te aanvaar.
- Die persoon beweeg van eksterne ondersteuning na interne ondersteuning.
- Bereid om vir hulp te vra en te ontvang en vir ander aan te bied.

FIGURE 12: PROCESS OF AWARENESS



Die kliënt moet dus deur 'n hele proses van bewuswording beweeg voordat hy die balans in hom self en met sy omgewing kan herstel. Figuur 12 is Lammert & Dolan (1983:48) se voorstelling van hierdie bewuswordingsproses.

Die hele proses van bewuswording word deur 'n eksperiment uitgevoer, omdat Gestaltterapie 'n direkte en aksie-georiënteerde benadering is. Polster & Polster (1974:325) beskryf die doel van die eksperiment soos volg: "The experiment in Gestalt therapy is an attempt to counter the absolutist deadlock by bringing individual action systems into the room. Through experiment the individual is mobilized to confront the emergencies of his life by playing out his feelings and actions in relative safety. A safe emergency is thus created when venturesome exploration can be supported. Furthermore, both ends of the safety to emergency continuum can be explored emphasizing first the support and then the risk-taking, whichever seems salient at the time".

Hamilton (1997:90-91) en Polster & Polster (1974:327) se basiese beginsels in die proses van eksperimentering is soos volg:

- Lê die grondwerk te lê en die kliënt leer deur iets te doen.
- Skep 'n veilige omgewing deur konsensus te bereik dat die kliënt self kan besluit in watter mate hy wil deelneem en die reg het om te sê as hy nie wil nie.
- Skep selfondersteuning deur te fokus op sy bewuswording van sy kontakgrense tussen weerstand en wat hy as persoon wil hê.
- Die eksperiment fokus op hoe hy nou voel, dit wil sê, die hede.

- Die eksperiment geskied volgens 'n tema.
- Die terapeut beweeg op en af tussen risikoneem en ondersteuning, om die kliënt se vlak van bereidheid te bepaal om sy bewuswording te openbaar.
- Die integriteit van die kliënt se taal word gerespekteer
- Die eksperiment word uitgespeel.
- Die eksperiment word gegradeer volgens dit waarvoor die eksperiment aangewend word.
- Die kliënt moet altyd ná die sessie bepaal wat in die eksperiment bereik is. Hy moet dus die nuwe ervaring deel maak van homself en van sy hele selfstruktuur.

Deur die eksperimentering word die kind se bewussyn verhoog ten einde sy vermoë om in die hier en nou te leef, te bevorder. In die proses vind selfaktualisering en selfondersteuning plaas wat deur Sinay (1998:164) omskryf word as 'n proses waar die kapasiteit waaroor die kind beskik om sy eie potensialiteit te ontdek, benut word om sy eie behoeftes in die hier en nou te voorsien. Ander doelstellings is om die individu te leer om selfondersteunend op te tree deur verantwoordelikheid te aanvaar en persoonlike integrasie te beleef in homself en sy eie omgewing (Thompson & Rudolph 1996:144). Die doel is dat die kind leer om te beweeg van omgewingsteun na selfondersteuning wat deel vorm van die proses van volwassewording (Van Wyk 1984:24, Mackewn 1997:206, Aronstam 1989:639). Die spelterapeut wil vasstel hoe die kind deur middel van selfondersteuning en selfaktualisering sy probleemoplossende vermoë kan verhoog om in sy behoefte te voorsien en self verantwoordelikheid vir sy keuse te dra (Yontef & Simkin 1989:337-338).

Deur die verhoging van die kind se bewuswording van sy eie proses en potensialiteit, kan dit lei dat die kind meer op sy eie selfondersteuning staatmaak (Yontef & Simkin 1989:337, Oaklander 1994:285). Clarkson & Mackewn (1994:44) omskryf die hele proses van kontakmaking met homself: "(T)he capacity to be in touch with your own existence, to notice what is happening around or inside you, to connect with the environment, other people and yourself; to know what you are feeling or sensing or thinking; how you are reacting this very moment." In die proses van kontakmaking met sy eie behoeftes en emosies leer die kind om verantwoordelikheid te dra vir wie hy is en wat hy doen (Aronstam 1989:639). Die bewussyn geskied op kognitiewe, sensoriese en affektiewe vlak waar hy verantwoordelikheid neem om eie keuses te neem en selfkennis en selfaanvaarding ten opsigte van homself opdoen (Yontef & Simkin 1989:334-337, Yontef 1993:144, 150). Hierdeur vind selfaktualisering plaas wat lei tot integrasie. Integrasie is 'n proses wat deur Sinay (1998:164) soos volg omskryf is: "Process by which a projection comes to be accepted as one's own. The individual stops acting from only one of his personality's apposed poles to recuperate an aliened, devaluated aspect placed 'outside'. The way to integration is by getting to the bottom of a sensation or feeling, being responsible for one's own feelings, thoughts, words and actions." Integrasie vind plaas as die kind ophou om sy gevoelens en gedrag te projekteer en tot die bewuswording en aanvaarding van sy eie gevoelens en gedrag kom. Dit lei tot selfaktualisering in besluitneming waarvoor hy selfverantwoordelikheid aanvaar.

Deur die bereiking van integrasie word die kind se balans herstel. Korb et al (1989:15) het die balansherstelling soos volg omskryf: "As a self-organizing, self-regulating organism, the individual finds a balance by restoring the parts that had been denied for so long. The restoration of balance returns the individual to homeostasis; he or she then functions spontaneously and responds to events as they occur, making propitiating choices based on immediate awareness." Deur die bereiking van integrasie is die pre-adolescent in staat om sy emosies, gedrag en ervarings te organiseer en reguleer, wat daartoe lei dat hy homeostase bereik. Hy is nou in staat om sy eie besluite en keuses te neem en verantwoordelikheid te dra.

Deur die bereiking van integrasie in die speltherapieproses met die kind word die siklus van kontakmaking met sy emosies, gedrag en omgewing voltooi. Sy Gestalt is op die gegewe oomblik in homeostase, wat lei tot optimale funksionering van die kind. In die proses vind dan selfaktualisering plaas, wat daartoe lei dat hy positiewe keuses kan maak en verantwoordelikheid dra vir sy keuses. In die spelterapeutiese program met die emosioneel beseerde pre-adolescent vind die proses van bewuswording, selfondersteuning, selfaktualisering en integrasie deurlopend plaas totdat die kind weer balans bereik het en sy voorgrondse behoefte op die agtergrond tree.

In die bereiking van die doel van Gestaltterapie deur middel van eksperimentering, benut die Gestaltterapeut die volgende tegnieke:

3.4 GESTALTTEGNIKE

Die volgende Gestalttegnieke word benut om die doelstelling van die Gestaltbenadering te bereik. Die volgende tegnieke word vir die doel van hierdie verslag bespreek omdat dit ingesluit is in die aktiwiteitsprogram (hoofstuk 5 en bylae 6) wat opgestel is as deel van die program.

3.4.1 Dialoog- en taalgebruik

Die taalgebruik in Gestaltterapie moet so saamgestel word sodat die klient self verantwoordelikheid vir sy besluite en keuses kan neem. Voorbeelde hiervan is die volgende:

3.4.1.1 Vraagstelling

Die terapeut moet vrae vermy wat nie die klient forseer om eie verantwoordelikheid te neem nie, wat nie op sy eie potensialiteit fokus nie en wat bewuswording vermy. Dit is veral vrae wat met "hoekom" begin wat vermy moet word, omdat hy op daardie stadium nie verantwoordelikheid vir sy eie gedrag aanvaar nie (Aronstam 1989:641).

Perls (1973:69-70), Yontef & Simkin (1989:341) het die volgende vrae benut om die kliënt se bewussynvlak te verhoog tot die mate wat hy dit self wil toelaat:

- Wat is jy besig om te doen?
- Wat voel jy?
- Wat wil jy doen?
- Wat verwag jy?
- Wat vermy jy?
- Waarvan is jy nou bewus?
- Hoe voel jy nou?
- Waaraan dink jy nou?

Die kliënt word versoek om die vraag met 'n stelling te vervang. Dit help hom om verantwoordelikheid te aanvaar vir wat hy sê (Corey 1991:134, Robinson 1991:51)

Die vrae kan ook aan die pre-adolesent gevra word om sy bewussyn terug te bring na die hier en die nou en self verantwoordelikheid te aanvaar vir sy emosies en optrede.

3.4.1.2 Nie-verbale taal

Die terapeut let nie net op dit wat die kliënt verbaal sê nie, maar ook wat sy liggaamsreaksies is. Die terapeut kan dan volg deur te vra om die liggaamsreaksies te herhaal sodat die kliënt sy eie bewussyn daarop kan vestig (Aronstam 1989:642).

Die Gestalterapeut kan ook nie-verbale taal parafreer soos "Jou voet beweeg" of 'n persoon se nie-verbale taal interpreteer soos "Jy tree op soos 'n klein dogtertjie". Die Gestalterapeut reflekteer die kind se gedrag waarvan die kind onbewus is. Die terapeut kan ook die kliënt se gesigsuitdrukkings doelbewus waninterpreteer met die doel om kontak te maak met die kliënt. As die kind net stil bly en nie wil praat nie, kan die terapeut die opmerking maak "Jou gevoelens is baie intens en dit bekommer my" (Cottone 1992:154).

3.4.1.2 Semantiese opklaring

Semantiese opklaring is om die klem te verskuif van bepaalde woordgebruike (Aronstam 1989:643, Corey 1991:233-234, Robinson 1991:51). Die dialoog staan bekend as die "ek-dit"- of "ek-jy"-verhouding. As die kliënt die taal onder "onpersoonlike" wil gebruik, gebruik hy die woorde "dit" en "jy". Die sin word dan verander deur die woorde te vervang met "ek". Die verandering verhoog die kliënt se selfbewussyn en selfverantwoordelikheid.

Die ek-boodskap-dialogstyl word hier beklemtoon. Woorde soos "ek kan nie" verander na "ek wil nie", 'n "maar" met " miskien/moontlik" en "ek sal nie" na "ek wil nie". Dit gee weer die beheer terug aan die kliënt. Byvoorbeeld: "Ek kan nie huil nie" na "Ek wil nie huil nie".

Hierdeur aanvaar die kind verantwoordelikheid vir sy eie keuse en besluit en hy is bereid om die gevolge van sy besluit te dra. Die vervanging van woorde kan ook in metafore benut word, om die kind tot volle bewussyn van sy gevoelens en optrede te lei. Die hasie sê byvoorbeeld vir sy ma: "Ek is bang as almal raas; dan wil ek net wegkruip en my ore toedruk en in 'n diep gat kruip waar ek musiek kan luister en niemand my pla nie".

Oaklander (1988:293-294) bevestig verder dat dit die kind se selfbeeld verhoog, deurdat hy insig in sy eie gevoel ontdek en dat hy kan vasstel wat hy graag self wil doen en besluit. Die hele proses lei tot hoër selfverantwoordelikheid vir sy optrede, omdat hy weer in beheer is.

Die dialoog is 'n bemagtigingstegniek vir die emosioneel beseerde pre-adolescent om sy eie gevoelens uit te druk en te sê wat hy self graag wil doen om die gevoelens te hanteer. Hierdeur vind selfbeeldverhoging plaas wat lei tot selfaktualiserende gedrag.

3.4.1.4 Onvoltooide sinne

'n Ander wyse om die kliënt ook self verantwoordelikheid te help aanvaar vir sy persoonlike lewe en so insig te ontwikkel, is om hom te versoek om onvoltooide sinne te voltooi (O'Leary 1992:46-53, Passons 1975:77-89, Thompson & Rudolph 1996:114-115).

Schoeman (1999:118) noem dat onvoltooide sinne by kinders benut kan word om vas te stel hoe hulle werklik voel en so die kind se bewussynvlak te verhoog en sy proses vas te stel. Byvoorbeeld: "Ek hou van:....., Ek voel:....., Ek verdra nie:....."

In die spelterapeutiese proses word onvoltooide sinne in 'n geslote projeksie gebruik om die kind se bewussyn van sy emosies en gedrag met sy omgewing te verhoog ten opsigte van een aspek. Hierdeur kan die kind vasstel wat sy reaksies in 'n gegewe situasie is en tot watter emosies dit gelei het. Die terapeut benut slegs 'n paar onvoltooide sinne wat hy in een projeksie kan deurwerk. Dit is belangrik dat al die sinne verwerk word in een sessie anders gaan die kind met eie onvoltooidheid uit die terapie wat tot weerstand in die volgende sessie kan lei.

3.4.1.5 Polariteite

Coley (1991:244) en Philippson (1996:6) beskryf die tegniek waar die kliënt die teenoorgestelde emosie speel as wat hy openbaar. Dit gee aan hom insig dat hy 'n negatiewe en positiewe kant van 'n situasie ervaar. Dit laat die persoon kontak maak met die kant wat hy altyd wil ontken en gee geleentheid vir besitneming van onderdrukte gevoelens van die situasie.

Die tegniek help ook die kind bewus word van sy eie polariteite ten opsigte van 'n situasie wat in die persoon geïntegreer word en mekaar komplementeer (Sinay 1998:170). Die emosioneel beseerde pre-adolesent is kwaad vir sy pa, maar ook lief vir hom. Interaksie vind plaas as hy besef dat hy kwaad is vir die mishandeling, maar steeds lief is vir sy pa as mens.

Deur die benutting van die tegniek kan die emosioneel beseerde pre-adolesent ook goedkeuring ontvang om sy emosies van aggressie, opstandigheid en teleurstelling te mag ervaar, maar dit op die korrekte wyse te hanteer en nie deur wangedrag nie.

3.4.1.6 Oordrywing

Oordrywing as tegniek word in Philippson (1996:6), Coley (1991:244) en Yontef (1993:20) beskryf. Die kliënt word gevra om bepaalde gevoelens, gedagtes en optredes te vergroot met die doel om meer intensiteit ten opsigte van sy ervarings en emosies te bereik.

Die kind word deur oordrywing van sy aggressiewe gedrag tot 'n ongemaklikheidsvlak gelei wat veroorsaak dat hy insig ontwikkel in sy verkeerde optrede om die situasie te hanteer.

3.4.1.7 Samevloeiing

Die persoon word gevra om by die gevoel te bly wat hy herken het met die doel om dieper en intenser in die gevoel en gedrag wat dit veroorsaak, in te gaan sodat die angsk en pyn wat hy ervaar, bereik kan word. As die vlak "oopgaan", beteken dit persoonlike groei vir die persoon. (Yontef 1993:20, Corey 1991:244).

Die kind wat verwerping ervaar en by die emosie bly, kan sy emosie van opstandigheid, hartseer, aggressie en magteloosheid verwerk en weer beheer oor homself en sy eie optrede bekom. Die terapeut kan deur by bang te bly en in dialoog met Bang te gaan, bepaal waar ervaar hy dit sensories en fisies, in watter situasie dit probleme veroorsaak, wat sy liggaamsreaksie dan is, wie dit veroorsaak en hoe hy op die persoon reageer, wat maak die persoon dat hy so reageer, wanneer kom dit die meeste voor, en waarom reageer hy dan so. As die kind byvoorbeeld bewus word dat hy kwaad word, word die emosie ook deur die bogenoemde vrae besit.

Die terapeut kan verder die emosies met mekaar in direkte dialoog laat gaan deur die kind te vra om eers die verskillende emosies te teken of te maak en dat hulle dan 'n direkte dialoog met mekaar voer totdat die kind verligting ervaar en tot 'n oplossing vir die hantering van sy emosie kom.

3.4.1.8 Herformulering

Herformulering in Gestaltterapie met kinders word baie suksesvol aangewend waar kinders bang is vir 'n bepaalde objek. Die volgende stappe is hiervoor deur Schoeman (1999:127) saamgestel:

- Die werklike objek bly wat dit is, die negatiewe eienskappe word net positief gestel.
- Maak die kind jammer vir die objek deur al sy mag uit te haal wat die kind aan hom toegeskryf het.
- Probeer om net aan een probleem aandag te gee. Konsentreer op die mees ooglopende emosie.
- Dit is belangrik dat die terapeut altyd in kontak bly met die kind se innerlike self.
- Moenie 'n nuwe probleem skep wanneer 'n ander een met die nodige versigtigheid uit die weg geruim word nie.

Dit is belangrik dat al die dialoogtegnieke op die "hier en nou", "wat en hoe" en "I-thou"-verhouding gefokus word (Yontef 1993:18, Robinson 1991:51). Dit is ook belangrik dat die dialoog altyd teruggebring word na die Bewustheidskontinuum van hoe die klient nou voel: hoe die gebeure in die verlede en in die toekoms nou 'n invloed op sy funksionering en emosies het (Aronstam 1989:643).

3.4.2 Paradoks

Schoeman (1999:127-128) omskryf die paradoks soos volg: "Die paradoks is om 'n opdrag van presies die teenoorgestelde van wat dit werklik is, uit te voer". Daar word geen illusie aan die kind gegee tydens die opdrag nie. Dit word slegs in gevalle van herhaalde onwenslike gedrag gebruik.

Die doel van die paradoks is om voorregte in te perk, die beheer weg te neem en weer terug te gee en die kind te verplig om dit uit te voer, byvoorbeeld by 'n kind wat soek na vertroeteling en na 'n vorige stadium regresseer: die ma moet hom hanteer soos 'n babatjie en hy mag niks vir homself doen nie; hy moet doek dra en drie keer per dag in die babawiegie slaap en daar bly totdat sy ma hom kom haal.

In Gestalterapie word daar 'n balans tussen frustrasie en ondersteuning geskep (Yontef 1993:24). Die duidelike grens wat die terapeut stel, skep aan die kind ondersteuning, maar deurdat die terapeut binne die grens bly, kan dit frustrasie vir die kind skep, omdat hy nie binne sy impasse kan bly nie. Die terapeut tree met warmte maar ferm op in hulle verhouding, wat daartoe lei dat die kind nie sy verantwoordelikheid op ander kan afskuif nie (Yontef 1993:24). Die kind moet self keuses uitoefen, uitvoer en die verantwoordelikheid dra. Die paradoks dra daartoe by dat hy bewus word van die teenoorgestelde wat hy graag wil wees.

Karakteristieke eienskappe van die paradoks kan soos volg opgesom word:

- Die paradoks lei die kind se verwagtinge om die teenoorgestelde te doen van wat hy eintlik verwag.
- Die paradoks skep vir die kind 'n illusie van beheer.
- Die paradoks word benut om die kind bewus te maak van onaanvaarbare gedrag.
- Die paradoks skep ongemak by die kind, omdat hy kry wat hy gevra het, maar net nie op die wyse wat hy dit verwag het nie.
- Die paradoks neem beheer weg van deur negatiewe strategieë en vervang dit met persoonlike groei en aanvaarbare beheer.
- Die paradoks veroorsaak dat die kind uit sy gemaksonne moet kom deur 'n ander wyse as net om die kind voor 'n keuse te stel.

Die paradoks kan suksesvol by die emosioneel beseerde pre-adolesent benut word deur aan sy wangedrag toe te gee, maar 'n ongemak te skep ten opsigte van 'n tydsgeuf en voor wie hy die gedrag moet openbaar.

3.4.3 Die leëstoeltegniek

Die leëstoeltegniek word benut waar die persoon twee stoele gebruik en die ander objek wat in sy voorgrond is, op die ander stoel plaas. Die kliënt voer dan lewendige dialoog tussen die twee stoele, deur te skuif van een stoel na die ander. Hierdeur kry die kliënt groter bewustheid van albei dele (Aronstam 1989:642, Passons 1975:125).

In die stoel is die twee polariteite, "topdog-underdog". Die "topdog" is die ander persoon wat veg vir beheer: hy boelie, dreig en maak bevels. Die "underdog" is die kliënt self wat ook veg vir beheer, maar wat passief-aggressief, manipulerend en selfbejammerd optree. Die twee partye konfronteer mekaar. Groter bewustheid van die kliënt se introjekte kom na vore en watter rolle elkeen speel. Die gevoelservaring en emosies moet in die tegniek ingebring word, sodat die intensiteit van die dialoog verdiep. Ander tegnieke soos *semantiese opklaring*, *bly daarby* en *aktiewe uitspeel* word ook benut. Die dialoog gaan voort totdat daar integrasie tussen die polariteite plaasvind en insig deur bewuswording verkry word (Friedman 1993:105, Corey 1991:242, Cottone 1992:145).

Schoeman (1996:178-179) identifiseer die volgende drie stadiums in die leëstoeltegniek:

- Bring die twee polariteite na die kind se bewussyn om die kind in staat te stel om verantwoordelikheid vir albei partye te neem. Die kind word gehelp om die projeksie te besit deur tussen twee stoele te beweeg, of twee handpoppe te benut en albei se rolle te speel. Die terapeut kan ook die gesigte van die kind se twee persone op ballonne teken en die kind hou dan die ballon vas van die persoon wie se rol hy vertolk.
- Moedig die twee kante aan om mekaar te konfronteer. Albei se rolle word geïntensifiseer en konfliktdialoog en selfsaksie met spel van handpoppe of ballonne word in die fase fisies en verbaal uitgespeel.
- Die laaste stadium is waar die "topdog" sy opposisierol verruil vir 'n luisterrol teenoor die "underdog". Dié stadium is waar die partye tot 'n oplossing vir die konflik kom. 'n Vreedsame klimaat ontstaan nou en die kind voel dat hy sy pyn kan hanteer.

In terapie met die kind kan die jong pre-adolescent dit moeilik vind om die persoon waarvoor hy lief is in die ander stoel te plaas (Oaklander 1988:152, Van Wyk 1984:31) Die spelterapeutiese hulpmiddels van handpoppe, maskers en ballonne kan hier benut word om by die kind se konkreet-operasionele fase aan te pas en die rolle uit te speel. Rollespel word in punt 4.2.3.6 omskryf. In die kind se lewe word die polariteite van *ek wil* en *ek moet* teenoor mekaar geplaas. Die gesprek kan ook voortgaan totdat die kind uitkom by *ek wil* en *ek sal*, en dit integreer met sy eie gedrag, sodat hyself verantwoordelikheid kan aanvaar (Thompson & Rudolph 1996:144).

Ander konflikte wat ook in 'n kind se lewe voorkom, is die ouer teenoor die kind, verantwoordelike kind teenoor die onverantwoordelike kind, goeie kind teenoor die slegte kind, aggressiewe persoon teenoor die passiewe persoon, outonome kant teenoor die afhanklike kant en die harde werker teenoor die onderpresteerders (Corey 1991:242).

Die spelterapeutiese program plaas die monster in die kind se lewe in die leëstoel waardeur die kind bemaagtig word om sy gevoelens met die persoon of situasie deur te werk en tot 'n eie oplossingstrategie te kom.

3.4.4 Drome

Perls wat deur Oaklander (1988:145-146) aangehaal word, het die droom saamgevat as die na vore bring van 'n belangrike boodskap van die onvoltooidheid wat nog nie afgehandel is nie. Dit is 'n deel van die persoon self wat hy graag uit sy lewe wil hê en op iets anders wil projekteer. Dit het veroorsaak dat daar onafgehandelde konsepte is wat moet deurgewerk word voordat die persoon weer 'n geheel kan vorm.

Elke element van die droom word dus gesien as 'n onvoltooidde deel van die dromer se persoonlikheid wat nie geïntegreer is nie. Die terapeut moet die kliënt help om die droom deur te werk en te integreer. Ook vas te stel wat is die verlore deel wat die kliënt nie wil deurgewerk nie (Aronstam 1989:642; Corey 1991:246).

Aronstam (1989:642), Corey (1991:246), Oaklander (1988:147) Thompson & Rudolph (1996:147) sit die stappe wat gevolg word, soos volg uiteen:

- Vertel die droom weer in die hier en die nou. Die kind moet die droom vertel asof hy nou in die droom is.
- Die kind moet elke deeltjie van die droom uitspeel as of hy in elke deel is. Die terapeut moet hier ook let op watter dele die kind wil vermy en hom daarvan bewus maak en help om dit ook uit te speel.
- Hy moet beskryf hoe hy dit ervaar en beleef.
- Hy moet toelaat dat die verskillende elemente dialoog met mekaar voer en sy eie belewenis en bewuswording daarvan vertel.
- Die kind word gevra om self 'n einde vir die droom voor te stel.
- Die kind word gevra wat is die boodskap wat hy in die droom ontvang het, deur dit nou op sy eie lewe van toepassing te maak. Hierdeur vind integrasie van die kind se persoonlikheid plaas.

Die droom bied aan die kind die geleentheid om angstigheid, wense, begeertes, vroe en ideale uit te beeld. Dit is belangrik om by die kind te bly. Verskillende projeksietegnieke soos teken, rolspel en dialoog kan ook in die droom gebruik word om dit konkreet voor te stel. Die terapeut moet ook die kind se asemhaling, liggaamshouding, gesigsuitdrukkinge en stembuigings tydens die uitbeelding van die droom in aanmerking neem en die kind daarvan bewus maak. Die kind self het die vermoë om homself deur die droom te leer ken, sonder die terapeut se interpretasies of ontleding (Oaklander1988:151).

Die emosioneel beseerde kind het dikwels nagmerries of nare drome as gevolg van die traumatiese gebeure in sy lewe, wat op dié wyse verwerk kan word. Die terapeut laat die kind 'n projeksie maak van sy droom. Hy laat die kind toe om deur die aksies, dialoog en eie gewaarwording van die verskillende karakters gaan.

Sy emosionele gewaarwording word ook deel van sy projeksie wat lei tot watter emosionele optrede dit gelei het. Die emosies self tree ook met mekaar in gesprek, byvoorbeeld Angstigheid en Bang. *Angstig kan sê ek hoor die deur, Bang kan dit bevestig, Angstig kan vra wat nou, Bang kan sê ek dink ek moet wegkruip, Angstig kan sê dit help nie, Bang kan sê ek weet, maar as ek 'n kussing saamneem kan ek dalk nie hoor nie. Angstig kan sê kom ons klim ook in die kas dan sien niemand ons nie. Bang bevestig sy plan. Op die manier kan ek uit my dronk pa se pad bly totdat hy gaan slaap.* Die einde van die droom kan die kind self voorstel. Hy wil byvoorbeeld saam met sy pa speel en nou moet hy dit op sy lewe toepas deur te besef dat hy nie by sy pa moet kuier as laasgenoemde gedrink het nie; as hy vriendelik is, sal die kind vra of hulle kan gaan visvang, want sy pa hou ook daarvan.

3.4.5 Pendeltegniek

Die pendeltegniek gee 'n groter bewustheid van die persoon se liggaamsfunksies in sy verhouding met sy gedrag (Perls 1973:93). Dit kan vir 'n angstige persoon as ontspanningstegniek dien, waar die terapeut die persoon help om tussen sy asemhaling en sy spiere te pendel. Hierdeur word groter bewustheid van homself as 'n eenheid bewerkstellig (Aronstam 1989:643).

Perls (1996:89) het die tegniek in die volgende drie gevalle baie goed toegepas:

- 'n Kliënt voortdurend kla en ondersteuning soek by die terapeut. Die kind bly kla oor sy ma se optrede en vind dit moeilik om dit direk vir haar te sê. Toe bring die terapeut die tegniek in deur te vra dat hy na sy stemtoon moet luister. Die kind onderbreek homself en is bewus van sy swak stemtoon. Vra dan om direk sy ma aan te spreek. As hy nog nie die vermoë het nie, gaan terug na sy hartklop en laat hy weer sy emosie ervaar. Die pendeltegniek gaan voort totdat hy vir sy ma kan sê hoekom hy die emosie ervaar en wat hy van haar verwag en waarom hy nodig het om op 'n bepaalde wyse op te tree.
- Waar die persoon die onvermoë het om homself uit te druk, as gevolg van 'n tekort aan kontak en selfondersteuning. Die terapeut vra die kind kort-kort hoe hy nou voel, byvoorbeeld as iemand hom ignoreer en hy sê hy gee nie om nie. Die terapeut let op na sy liggaamstaal en vra of hy bewus is dat sy hand vuiste maak. Die kind word dan bewus van sy liggaamsreaksies en tot watter emosie dit aanleiding gegee het.
- Waar die kliënt inhibisies het en homself voortdurend in die rede val. Dit lyk of die kind nie luister wat die terapeut sê nie al lyk dit of hy luister. Alles gaan by die een oor in en by die ander oor uit. Die terapeut sal dan vra: "Is jy bewus van wat jy in die sin gesê het?" Die kind kan die woorde herhaal, maar nie die betekenis nie. Die terapeut sal dan weer terugpendel na watter sensasie hy ervaar in sy mond en tong. Hierdeur leer die kind homself ervaar en na homself luister terwyl hy praat.

Die wisselwerking help die kind om die patrone van ineenvloeiing te verbreek en te leer diskrimineer (Van Wyk 1984:30). Die kind leer om deur 'n verskeidenheid situasies te pendel tussen sy vertellings, ervarings en sy liggaamstaal, wat lei tot verhoging van sy bewustheid en die bereik van integrasie (Aronstam 1989:643).

3.4.6 Projeksietegniek

Projeksie word soos volg deur Schoeman (1996:64) gedefinieer: "Healthy Projection is an art; pathological projection, on the other hand, results from one's not aware of and not accepting responsibility for that which is projected." Die doel vir 'n kind is om te projekteer en deur Schoeman (1996:640) soos volg uiteengesit:

- Projeksie bied dit aan die kind geleentheid om die verwagting van die wêreld vir homself uit te sorteer.
- Dit gee aan die kind geleentheid om iets uit te speel wat hy nie kan hanteer nie.
- Projeksie bied aan die kind geleentheid om selfrespek te behou.
- Dit bied aan die kind geleentheid om kritiek en verwerping te ontvlug wanneer hy nie daarvoor gereed is nie.

Deur die projeksies is dit vir die kind moontlik om hom deur middel van 'n ander voorwerp te sien en te ervaar. Hierdeur verhoog sy eie bewuswording en kom hy in kontak met sy eie emosies en gedrag.

Projeksiehoopmiddels kan op die volgende wyses benut word.

3.4.6.1 Fantasiespel

Fantasiespel is 'n veilige tegniek wat benut word om die kind tot sy eie bewussyn ten opsigte van sy eie emosionele gevoelens en gebeure te lei. Die kind word deur middel van fantasie gehelp om in kontak met sy onvoltooidheid te kom (Thompson & Rudolph 1996:150). Die kind word deur fantasie gehelp om 'n visuele prentjie te vorm van sy geestelike ervarings (Latner 1986:57). Deur fantasie word die kind gehelp om bewus te word van sy gevoelens en uitgangspunte en die opinies van ander. Dit lei tot 'n empatiese begrip vir homself en ander en die begripvorming van keuses tussen alternatiewe (Schoeman 1996:86).

Oaklander (1988:12) is van mening dat die kind dikwels vir hom 'n fantasiewêreld skep omdat sy eie wêreld vir hom te moeilik is om in te leef. Sommige kinders vind dit ook moeilik om 'n fantasie te skep, omdat hulle dink dit is te eenvoudig of hulle is te gespanne en angstig.

Die verskillende konsepte van fantasie sluit verskillende uitbeeldings deur middel van sprokies, verhale, fabels, metafore, simboliese en kreatiewe spel van die kind se eie verbeelding in (Schoeman 1996:85).

Fantasiespel wat in Gestaltherapie gevind word, is die roosboom. Die roosboom word soos volg deur Thompson & Rudolph (1996:148), Oaklander (1988:32-37) uitgebeeld:

Die kind word gevra om 'n roosboom/ roosbos/ doringboom te teken.

As hy die projeksie voltooi het, word die volgende punte met hom deurgewerk:

- Watter tipe roosboom is dit -- is hy sterk of swak?
- Is die wortels van die roosboom diep of vlak?
- Hoeveel rose het die roosboom -- is dit te min of te veel?
- Hoeveel dorings het die roosboom -- is dit te min of te veel?
- Hoe diep is die roosboom se wortelstelsel?
- Is die omgewing waarin die roosboom staan goed of sleg?
- Het die roosboom genoeg ruimte?
- Hoe kom die roosboom oor die weg met die ander plante?
- Het die roosboom 'n goeie toekoms?

Die stappe word eers net gevra om die kind te laat ontspan en sy bewussynsvlak te verhoog. Daarna word die stappe in diepte deurgewerk en van toepassing op die kind se eie lewe gemaak. Hieruit kry die kind 'n volledige beeld van sy huidige funksionering in sy omgewing.

Die emosioneel beseerde kind kan deur die projeksie vasstel wat in sy omgewing vir hom sekuriteit gee en wat alles onsekerheid veroorsaak. Hy kan deur die bewuswording van sy eie potensialiteite, blomme, wortels, verhouding met ander en wat hy in die toekoms verwag, bepaal hoe hy die onstabielteit wil hanteer. Hierdeur slaag hy in sy optrede om selaktualiserend en selfondersteunend op te tree en integrasie te bekom tussen al die konsepte wat 'n invloed op sy funksionering het.

3.4.6.2 Monstertegniek

Die monstertegniek word benut wanneer die kind nie selfregulering kan toepas nie, omdat hy te swak voel. Die onvoltooidheid veroorsaak fisiese en ander simptome, wat dan tot konflik in die onvoltooidheid lei. Die terapeut kan die volgende stappe in die tegniek toepas (Schoeman 1996:68-69).

- Die kind moet 'n monster maak wat deel is van sy lewenssituasie.
- Begin 'n bespreking met die kind deur die volgende vrae te vra:
 - Vir hoe lank bestaan die monster al?
 - Is daar ander mense wat die monster ken?
 - Is daar iets in die monster wat jou bang maak?
 - Is jy bereid om die monster die res van jou lewe deel van jou self te maak?
 - Kan jy die monster 'n naam gee?
 - Is dit moontlik om gevoelens van die monster te teken of in klei te maak?

- Vra die kind om met die monster te praat. Gebruik die leëstoeltegniek.

Die tegniek word suksesvol met die emosioneel beseerde pre-adolesent toegepas, deurdat hy hierdeur in staat is om in gesprek te tree met dit wat al sy emosionele pyn veroorsaak.

Met die jong pre-adolesent moet die tegniek baie konkreet en deur aktiwiteite toegepas word, byvoorbeeld deur die benutting van ballonne waarop emosies geteken is en wat fisies ontlaai kan word totdat die kind in staat is om in gesprek te tree met die monster, en hulle mekaar se verwagtings vir mekaar kan sê en tot 'n oplossing kan kom.

3.4.6.3 Aksie, style en simbole in gesinstekeninge

Die kind word gevra om 'n gesinskets te teken waarna die gesin se aksies, style en simbole bepaal word en deur die kind geïnterpreteer word (Oaklander 1988:175, Oster & Gould 1987:47). Met die interpretering van die skets word op die volgende aspekte gelet soos deur bogenoemde outeurs uiteengesit is:

- Die kind se indentifisering van die gesinslede.
- Die rolle van al die lede in die gesin.
- Waar hy homself in die gesketste gesin sien.
- Die grootte van die figure bepaal die belangrikheid.
- Of die kind hom eenkant plaas (dui aan dat hy dikwels verwerp voel deur sy gesin).
- By benutting van kleur, strepe of diere moet die kind slegs identifiseer waaraan die voorwerp hom laat dink.

3.4.6.4 Kleurtoetse

Die kinders moet kleure kies waarvan hulle die meeste hou tot waarvan hulle die minste hou. Hulle moet dan die kleure interpreteer ten opsigte van hulle eie ervarings en emosies (Oaklander 1988:175).

3.4.6.5 Sensoriese stimulasie

Sensoriese stimulasie gee dikwels aanleiding tot bepaalde gedagtes in die kind se bewussyn. Die kind kan verskillende voorwerpe ruik, proe, voel, en na luister en hierna moet hy sy gedagtes en gevoelens weergee. Die kind se ervaring word dan in 'n projeksie omgeskakel en bring hom in kontak met sy eie ervaring en onvoltooidheid. Die kind kry dan hier geleentheid om sy probleem deur te werk (Schoeman 1996:71, Oaklander 1988:140-141, Passons 1975:56).

3.4.7 Kinderverhale

Die doel van 'n storie is om die terapeut en die kind te help om die kind se wêreld te verstaan en wie watter verantwoordelikheid daarin dra (Cattanach 1997:31). 'n Storie help op 'n spelerige en kreatiewe wyse om deur middel van fantasie die verhouding te bou tussen die kind en terapeut (Cattanach 1997:5-6). Stories word deur middel van fabels en metafore oorgedra.

Grumaer het in Stutterheim & Kroon (1991:183) die volgende riglyne vir die benutting van die verhaal saamgestel:

- Hersien die verhaal deur die kind te vra om die verhaal uit sy eie perspektief te vertel. Luister wie die hoofkarakters is en wat gebeur het met wie vanuit die kind se perspektief.
- Verhelder die kind se persepsie van elke karakter se gedrag en gevoel en identifiseer moontlike projeksies wat die kind kan maak.
- Let saam met die kind op elke karakter se gedrag/alternatiewe gedrag en op watter ander manier hy optree om dit te bereik. Die stap is gerig op identifikasie, projeksie en selfherkenning.
- Fokus op die kind se ervaring. Die kind word gevra om sy vorige ervaring in verband met die verhaal na vore te bring deur vrae soos Het jy al so iets ervaar? Was jou ervaring dieselfde? Hoe het jy gevoel? Wat het jy gedoen? Beleef jy tans iets soos die karakter in die verhaal?
- Reflektering en klassifisering van gevoelens vind plaas waaruit die kind op alternatiewe gedragsbeplanning besluit.

Die verhaal wat gekies word, moet as 'n gesonde model dien waar emosies ontlai word en doeltreffende hanteringstrategieë aangeleer word (Smith 1982: 232-233).

3.4.7.1 Fabels

Fabels bied aan kinders geleentheid om meer intense emosies en gebeure te vertel van hulleself wat vir hulle moeilik is om te deel met die terapeut (Van der Merwe 1996:71). Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek (1993) definieer fabels as "Kort, moraliserende verhaal waarin diere of verpersoonlikte sake as hoofpersone optree." Die terapeut benut dus stories om die kind se ervaring en emosies uit te beeld wat vir die kind makliker maak om oor sy eie emosies en bewuswording te praat.

Barker (1996:92-93) en Van der Merwe (1996:90-94) het die volgende vereistes waaraan 'n fabel vir terapeutiese doeleindes moet voldoen, soos volg geformuleer (en die storie van die Lelike Eendjie word toegepas):

- Daar moet metaforiese konflik wees. Die eendjie pas nie by die ander eendjies nie en word gespot. Hy verskaf dus konflik met die ander karakters.
- Daar moet onbewuste proses wees in die ontwikkeling van potensiële helpers en helde en skurke en skelms. Die ma-eend versorg die lelike eendjie, omdat sy sien hoe sterk sy bene is. Die ander eendjies spot hom oor sy snaakse voorkoms.
- Daar moet parallelle leerervaring uit die situasie geput kan word. Die lelike eendjie saam met die ou vrou in die kothuis leer om verskillende keuses te maak.
- Metaforiese krisis wat aanleiding gee dat daar 'n oplossing ontwikkel uit die situasie. Die lelike eendjie kry dit reg om te oorleef toe die ander eende deur die jagter doodgemaak word.
- Bekom 'n nuwe identifikasie. Die lelike eendjie verander in 'n mooi swaan.
- Die storie einde met 'n feesviering. Die swaan kry spesiale erkenning deurdat die ouswane voor hom buig en die kinders hande klap.

'n Toepassing op die emosioneel beseerde kind is dat sy altyd verwerp voel en nie aanvaar word nie, maar dat daar potensialiteit wat in hom is wat hy kan ontwikkel. Die omgewing kan die hulpbronne bepaal word wat hom kan ondersteun en help. Deur die bewuswording bou hy weer nuwe verhoudings en leer nuwe gedrag aan wat hom aanvaarbaar vir homself en die omgewing maak. Hy bereik balans in homself en sy omgewing.

3.4.7.2 Metafore

Die metafore vorm deel van biblioterapie met die kind (Smit 1982:230, Van der Merwe 1996:109-110). Die storie kan deur die terapeut geskryf word of 'n bestaande storie kan benut word in die terapie en kan met behulp van handpoppe of ander figure vertel word (Smit 1982:233, Van der Merwe 1996:115-116, Oaklander 1988:85). Oaklander benut baiekeer die feëverhaal, omdat dit gewoonlik die algemene geskarrel van die lewe voorstel en dit duidelik die emosionele belewenisse van liefde, haat, alleenheid, isolasie, gevoel van waardeloosheid en deprivasie uitbeeld (Oaklander, 1988:93). Shapiro (1997:94) sê dat storie-vertelling baie effektief met die kind van drie jaar tot tien jaar benut kan word. Stories wat spesifiek vir kinders rondom hulle probleme geskryf word, ontwikkel baie insig by pre-adolessente kinders (Gil 1991:65).

Barker (1996:11) het die metafoor soos volg definieer "Metaphor consists in giving the thing a name that belongs to something else; the transference being either from genus to species from species to species, or a ground of analogy" Die doel van die metafore kom dus duidelik na vore om oordrag tussen die storie en die kind te laat plaasvind.

Metafore kan deur die spelterapeut benut word om die kind se bewussyn te verhoog deur die gebruik van 'n storie wat met sy eie wêreld vergelyk en wat lei tot verandering. Volgens Spies (1993:13) is dit 'n wyse wat gebruik word om boodskappe op 'n effektiewer wyse aan die kliënt oor te dra, met die doel om verandering mee te bring. Metafore het 'n magtige effek om 'n situasie, verhoudings en emosies te herdefinieer. Dit benut die kind se kreatiewe denke om die kind logies en rasionaal te laat dink (Barker 1996:42). Dit sluit aan by die pre-adolesent se konkreet-operasionele denke wat in punt 4.1.2.1 bespreek word.

Die volgende voordele word deur Fox (1989:234), Smith (1982:231-232), Schaefer (1988:17,22-23), Van der Merwe (1996:109-110), Thompson & Rudolph (1996:77-78), Barker(1996:18-23), Stutterheim & Kroon (1991:181) en Shapiro (1997:90-91) aan metafore toegeken:

- Deur metafore bou die terapeut 'n verhouding met die kind en verminder laasgenoemde se weerstand, omdat die kind in die storie bemagtig word om probleemoplossend te dink en hierdeur verkry hy energie om sy probleem op te los en minder weerstand te bied. Die persoon leer dus om meer positief en konstruktief te dink en die negatiewe te vermy.
- Dit bou die kind se selfvertroue, omdat die storie aan die kind insig bied in hoe om sy probleme te oorkom. Hy kan dus makliker, openliker en eerliker praat sonder om skuldgevoelens te ontwikkel.
- Die storie bied aan die kind 'n model vir kommunikasie tussen mense – onder andere oor watter mag korrekte kommunikasie het.
- 'n Metafoor is 'n beskrywing wat binne die wêreld van die kind gebeur van watter emosionele en sensoriese reaksies die kind op die gebeure het. Die reaksie van die kind dui aan of dit waar of vals is. 'n Metafoor kan gesien word as 'n figuur wat reeds gesê is en meer. Dit is dus 'n simboliese wêreld waarbinne die kind sy omstandighede, wense en gedrag kan uitbeeld.
- Metafore is die draers van die volgende inligting: boodskappe van gedrag, verhoudings, interaktiewe prosesse en reëls wat binne 'n sisteem geld en moontlike oplossings. Dit help om vorige ervarings van die kind te herroep en in verband te bring met die huidige omstandighede.
- Die metafoor is die belewenis wat die terapeut aan die kliënt se wêreld gee. Dit is egter sterk emosioneel belaaide impak op die terapie. Dit kan dien as voorkomende hantering van gedrag wat uit emosionele ervarings ontwikkel en hier kan dan hanteringsstrategie aangeleer word. Die kind kan dus sy emosionele gedrag ontleed en beter begrip vir sy gedrag en frustrasies verkry.
- Metafore kan die kind se verbeelding stimuleer en sy persepsies verander wat kan lei tot alternatiewe bepalings in probleemoplossing.
- Die persoon se selfbeeld word hierdeur verhoog.
- Hy word aangemoedig om by omstandighede aan te pas en hierdeur konflik te verminder.
- Hy ervaar dat daar ook ander met probleme is wat sy eie isolasie verminder en hy kan by ander persone betrokke raak.
- Oordra van versterkte sosiale en kulturele aktiwiteite.

- Algemene motivering om saam te werk.
- Die terapeutiese ondervinding help die kind om realisme te behou en 'n konstruktiewe plan van aksie op te stel.

Die metafore verhoog die emosioneel beseerde kind se eie bewussyn ten opsigte van sy emosionele belewenis en identifisering van die situasie wat daartoe aanleiding gegee het en wat sy gedrag na aanleiding daarvan was.

Dit bemagtig ook die kind om sekere hanteringstrategieë aan te leer en die huidige situasie op 'n aanvaarbare wyse te hanteer.

Smith (1982:230-231), Van der Merwe (1996:114-115) en Shapiro (1997:91-92) het die stappe van die metafoor soos volg uiteengesit:

- Daar moet 'n veralgemening in die situasie van die storie met dié van die kind wees.
- 'n Identifikasie moet tussen die karakters en die kind plaasvind.
- Projeksie van die storie help die kind om sy eie innerlike wêreld met dié van die karakter na vore te bring en emosioneel te beleef. Dit moet tot angstigheid by die kind lei, wat aanleiding tot 'n emosionele band gee.
- Die karakter van die storie moet as model vir die kind dien waar hy bepaalde gedrag kan aanleer. In die voorkoms van die gedrag moet die negatiewe gedrag tot straf lei en die positiewe gedrag tot beloning. Uit die herhaling van die positiewe gedrag word bepaalde effektiewe gedrag uitgebeeld.
- Die storie moet aan die kind geleentheid bied om sy eie wense, begeerte en emosies te ontlaai. Hy kan dus sy emosies op 'n veilig afstand ondersoek. Die kind bekom selfinsig om sy eie situasie in die storie te herken.

Die vereistes waaraan 'n kinderverhaal moet voldoen, is soos volg deur Smith (1982:232-233), Jennings (1999:64-65), Schoeman (2001:111) saamgevat:

- Die storie moet by die lewensfase en lewensomstandighede van die kind aansluit.
- Die storie begin en eindig op 'n veilige plek
- Dit moet by die kind se gevoelens aansluit. Sensories en fisiese ervaring moet uitgebeeld word in die karakters.
- Daar moet 'n held in die kind se verhaal wees.
- Daar moet mede-karakters in die verhaal wees.
- Die storie moet as 'n model dien. Die karakters moet dus hulle emosies ontlaai, na die oorsake van hul emosies kyk, en ook die intellektuele en emosionele insig kry. Uit die storie moet hy sy eie potensiaal raaksien. Die kind moet 'n gevoel van betrokkenheid in die storie ervaar.
- Daar moet doeltreffende hanteringstrategieë in die verhaal wees.

- Die karakters moet op al vier funksioneringsvlakke -- emosioneel, fisies, psigiese en kognitief – gesond funksioneer.
- Die storie moet 'n gerusstellende slot hê.

Die rol wat die kind vertolk, is deur Shallcross & Sisk (1985:73) in die volgende samestelling van die metafore opgesom en word soos volg in figuur 13 aangetoon.

FIGUUR 13: UITKOMS VAN METAFORE – 'n VOORBEELD

SUB-SELF	DOEL	STRUIKELBLOK KE	GEWONE UITKOMS	VERLANGDE UITKOMS	ALTERNATIE WE GEDRAG
Die kind speel die rol van 'n nar	Hy wil snaaks wees en die mense laat lag.	Hy kom in die klas in die moeilikheid.	Die onderwyser raas en straf hom.	Hy wil graag ander laat lag en snaaks wees.	Hy kan 'n nar wees wanneer hy nie in die moeilikheid kan kom nie.

Veralgemening en identifisering gee die kind die geleentheid om sy eie gevoelens te herken en deur projeksie dit te verbaliseer en uit te speel. Hierdeur kry hy insig in sy gedrag. Deur modellering in die storie word hy bemagtig en in beheer geplaas om die gevoelens en situasie te hanteer. Selfaktualisering vind plaas en die kind se selfbeeld word hierdeur gebou.

Die storie voldoen aan die doel van Gestaltterapie deurdat dit die kind se bewussyn verhoog en die kind integrasie tussen sy gedrag en emosies en omstandighede kan bereik. Deur met die storie te identifiseer, vind selfaktualisering plaas. Hanteringsstrategieë word deur die kind herken en geassimileer wat die kind weer in balans bring.

Die waarde van 'n projeksie is dat alles wat die kind skep of glo, iets is wat hy sien. Dit is dus 'n projeksie van die kind self (Perls 1976:77).

Die ontleding van al die projeksiehulpmiddels kan volgens Oaklander (1988:53) se 14 stappe hanteer word. Die stappe word onder punt 3.5.4 bespreek. Schoeman (1996:72-74) het ook die volgende faktore bepaal by die ontleding van projeksies:

- By mensfigure moet die liggaamsgrootte, kwaliteite van die tekening, vorming van liggaamsdele, of dit te groot, te klein of weggelaat word; watter geslag dit is, en die erkenning of ontkenning van geslagsdele in berekening gebring word. (Die kind wil gewoonlik nie die geslagsdele openbaar nie, omdat dit baie privaat is.)
- 'n Hiperaktiewe kind wat die projeksie se grense wil groter maak.
- Die kind wat buite die sandbak of tekening se grens wil teken -- daar moet vasgestel word waarom dit vir hom nodig is.

- 'n Angstige kind sal die hartseer in sy lewe na vore bring.
- Die selfbeeld van die kind kom dikwels in die tekening na vore.
- Leerprobleme kom dikwels na vore as die kind sukkel om te teken of kreatief te wees.
- Die omvang van die kreatiwiteit dra ook inligting oor.

In al die projeksiehelpmiddels moet die terapeut dit in die hier en nou hanteer en ook binne die kind se verwysingsraamwerk. Elke projeksie gee aan die kind geleentheid om sy eie potensiaal te ontdek wat lei tot selfontwikkeling. Vir die emosioneel beseerde pre-adolescent word geleentheid geskep deur die projeksies soos onvoltooide sinne, emosionele gesiggies en musiek om bewus te word van sy emosies en wat daartoe aanleiding gegee het. Die bewuswording word verder in 'n projeksie soos die sandbak benut om te bepaal wat sy interaksie met sy se omgewing is en in watter verhouding hy met die verskillende persone en aspekte staan. Die behoefte wat hieruit op die voorgrond verskyn, word deur die projeksies soos die metafoor en die monster versterk om al die emosionele ervaring en die hantering van die onvoltooidheid deur te werk. Bemagtiging van die pre-adolescent van sy eie potensiaaliteit en die benutting daarvan word ook deur middel van projeksies soos die roosboom, plakskildery en handpoppe benut om die kind se selfvertroue en selfaktualisering te verhoog. Die pre-adolescent kan deur die projeksie geleentheid vind om beter verhoudings met sy portuurgroep en omgewing op te bou omdat sy selfvertroue verhoog is. Hieruit kan hy dan selfondersteunend en geïntegreerd in sy eie omgewing optree. Die volledige benutting van die projeksies geskied deur middel van 'n Gestaltspelterapeutiese proses met die kind wat in die volgende afdeling bespreek word.

3.5 GESTALTTERAPIE MET DIE KIND

In Gestaltterapie word alles in prosesse gesien -- 'n proses van groei, bevrediging en volwassewording. Latner (1986:26) het dit soos volg uitgedruk: "This process repeats again and again for the duration of any organism's existence indeed, the process is the living of the organism". O'Connor (1994:143-145) het Oaklander se mening soos volg aangehaal: "Gestalt therapy is a humanistic, process-oriented mode of therapy that is concerned with the healthy functioning of the total organism. ...An awareness of one's process can lead to change." In die proses word eerder aandag geskenk aan wat en hoe die gedrag gevorm word as hoekom.

Die kind se bewussyn, wat keuses en verantwoordelikheid neem, lei tot verandering in die kind (Yontef & Simkin, 1989:335, 340). Oaklander (1994:285) het die proses van die kind soos volg gedefinieer: "Who they are, what they feel, what they like, and do not like, what they need, what they want, what they do and how they do it."

Die kind se terapeutiese proses fokus dus op sy bewussyn hier en nou, watter emosionele uitdrukking hy daaraan gee en watter gedrag daaruit manifesteer. In elke kind se lewe is daar 'n proses wat aandui wat die kind se innerlike ervarings en belewenisse is, en die wyse en gedrag bepaal hoe hy homself in die wêreld handhaaf (Schoeman 1996:54).


In Gestaltterapie het Oaklander (1988:181-205 en 1994:147-156) en Schoeman (1999:13-14) 'n Gestalt-speltherapeutiese model saamgestel. Die twee modelle word bespreek in die terapeutiese proses met die kind. Die twee prosesse is aanvullend en die terapeut kan dit kombineer of besluit watter proses die geskikste is vir die hantering van die spesifieke kind.

3.5.1 Die bou van 'n terapeutiese verhouding met die kind

Albei outeurs beklemtoon dat die bou van 'n verhouding van kardinale belang is en in die eerste sessies gehanteer moet word (Oaklander 1988:185). Die terapeut moet die kind se vriend en speelmaat wees met wie hy sy diepste gevoelens kan deel (Schoeman 1996:30).

Sills et al (1995:15) bepaal dat die belangrikste wat 'n terapeut kan aanbied, is ".....a willingness to see, hear and accept them as they are, without preceptions, expectations or judgement. By paying respectful attention to our client's thoughts, feelings and behavior we invite them to do the same thing for themselves. We encourage them to become aware of themselves and express themselves as fully as they are at that time". Om die kontakmaking te bereik, moet daar 'n terapeutiese klimaat vir die kind geskep word wat soos volg deur Jacobs & Van der Merwe (1992:111) uitgebeeld word.

FIGUUR 14: SKEP VAN 'N TERAPEUTIESE KLIMAAT



Die terapeut moet dus bereid wees om die kind raak te sien, te hoor en te voel -- op verbale en nie-verbale wyse -- waar die kind veilig voel om sy leefwêreld oop te maak. Die terapeut bou kredietwaardigheid by die kind op as hy bereid is om meer te vertrou en ook met nuwe gedrag ervaring en emosies te eksperimenteer.

Die kind se bewuswording en die kontakmaking met homself is van belang. Die totstandkoming van die ek-jy-verhouding is dus hier baie belangrik.

3.5.1.1 Die tot standkoming van die ek-jy-verhouding ("I-thou")

Die ek-jy-verhouding is 'n opregte ontmoeting tussen twee persone wat 'n gevoel van eenheid tot gevolg het (Philippson 1996:1). Crocker (2001:1) beskou dit as 'n spesiale kontak waar twee persone mekaar ontmoet. Elke persoon word dus ten diepste geraak deur die persoon se totale teenwoordigheid, deur dieselfde taal met mekaar te praat en mekaar se ervaring van gemeenskap met mekaar te deel (Yontef 1993:12).

In die eerste kontak is die kind se waarneming van die terapeut belangrik. Dit is dus belangrik dat die terapeut sensitief is ten opsigte van die kind se behoeftes en wat hy op die bepaalde oomblik beleef (Landreth 1991:156-157). Die kind en terapeut is dus gelyk ongeag hulle ouderdom en opleiding (Aronstam 1989:640, Clarkson 1989:16-17, Oaklander 1994:281, Yontef & Simkin 1989:339).

Oaklander (1997:293) beskryf die ek-jy-verhouding met die kind soos volg: "I will accept her as she is. I will respect her rhythm and will attempt to join her in rhythm; I will be present and so tactful. In this way our relationship flourishes." Die terapeut is dus op dieselfde vlak as die kind en word as sy speelmaat beskou (Schoeman 1996:30). Die vertrouwensverhouding begin al in die eerste sessie. Daarom is dit belangrik dat konfidensialiteit in die verhouding met die kind behou word. Die kind moenie in die wagkamer sit terwyl die terapeut inligting met sy ouers bespreek nie. Hy moet altyd teenwoordig wees of vooraf kan die algemene opsomming wat aan sy ouer deurgegee word met die kind bespreek word (Oaklander 1988:198).

Die terapeut moet altyd kongruent en met respek teenoor die kind optree sonder enige beoordeling en manipulasie. Die kind moet as 'n unieke persoon met sy eie standpunte, grense en wyses van optredes hanteer word. Die terapeut moet bewus wees van sy eie emosies en beperkinge en homself aanvaar met sy menslikheid en onvolmaaktheid. Die terapeut moet verder oor emosionele ryphed beskik om met empatie, sonder emosionele betrokkenheid by die kind op te tree. Die terapeut moet weer sy eie kindwees ontdek, deur sy eie kreatiwiteit en vermoë uit te speel en na waarde te ag (Schoeman 1996:9-11, Oaklander 1997:293, Landreth 1991: 90-97, Axline 1994:58).

Die terapeut en die kind kan betrokke wees in 'n ek-jy-verhouding waar albei persone bewus word van hul eie menswees en hulle kontak maak in die kind se prosesse deur middel van kreatiewe denke en optrede.

Die pre-adolesent se fase van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid moet in die verhoudingsbou in ag geneem word. Die tipiese gedrag dat hy wil plesier, kan in die terapeutiese sessie na vore kom. Hy kan instem net om die terapeut te plesier, sonder dat dit werklik sy emosionele gevoel is (Meyer et al 1994:162). By die emosioneel beseerde pre-adolesent sal die minderwaardigheidsgevoel na vore kom en sy eie belewenis van onsuksesvol wees, sal verder lei tot minderwaardigheidsgevoelens.

In die bou van 'n verhouding met die kind moet sy bewussynsvlak verhoog word deur sensoriese kontak en dialoog, want anders is die moontlikheid op herstel baie min (Schoeman 1996:29). Schoeman (1996:29-30) het die volgende doelstelling vir die bou van 'n goeie verhouding geformuleer:

- Dit is belangrik om te weet, wat is die probleem is wat die ouer gemotiveer het om die kind vir terapie te bring.
- Dit is noodsaaklik om die kind in kontak te bring met sy sensoriese, emosionele en kognitiewe behoeftes.
- Die kind moet gehelp word om sy behoeftes deur spel te bevredig. Hy moet egter realisties wees ten opsigte van sy verwagtings.
- Die kind moet bewus wees dat daar situasies is wat pynlik is, maar wat hanteer moet word aangesien dit nodig is vir herstel.
- Die kind moet bereid wees om keuses te maak en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.
- Die kind moet bereid wees om met sy omgewing en ander mense in verhouding te staan en hulle invloed op hom te akkommodeer.
- Die terapeut moet die kind se prosesse bestudeer, dit wil sê hoe hy homself in die wêreld handhaaf. Die terapeut moet dus vasstel hoe sy selfreguleringsstelsel werk. Die terapeut moet die kind bemaatig dat hy selfverantwoordelikheid kan aanvaar vir sy eie lewe.


'n Raamwerk soos deur Schoeman (1996:30-39) ontwikkel is vir uitgangspunte in die bou van die verhouding is deur navorser benut. Die konsep is van toepassing gemaak op die navorser se prosesse van Gestaltvorming en word soos volg bespreek.

3.5.1.1.1 Bewuswording

Dit is belangrik om die kind se bewussyn tot die hier en die nou te fasiliteer (Thompson & Rudolph 1996:144). Die invloed van die verlede of die verwagting van die toekoms word na die hier en nou gebring en bepaal watter invloed dit nou op die kind het (Yontef & Simkin 198:340 en Aronstam 1989:639-640).

Om die bewussynsveld vas te stel, moet die terapeut bepaal wat die ervarings is wat die kind beleef en hieruit word bepaal hoe hy optree. Deur die vasstelling van die ervaringsveld van die kind moet die kind se sensoriese, emosionele, kognitiewe en energieke ondersteuning vasgestel word (Yontef 1993:203). FIGUUR 15 is Shallcross & Sisk (1985:16) se voorstelling van die bewuswording van die self.

FIGUUR 15: BEWUSWORDING VAN DIE SELF





Die rol van sensoriese bewuswording speel dus 'n belangrike rol in die kind se bewuswordingsproses wat lei tot sy gedrag.

Die kind se sensoriese bewussyn kan vasgestel word deur speletjies ten opsigte van gehoor (musiek en geluide), gevoel (voel van verskillende strukture en liggaamsreaksies), reuk (reukbotteltjies of bepaalde ervarings en mense), luister (luister na huisgeluide, musiek, diere en weer) en eet (eet van lekkers met verskillende strukture en smake). Hulle eie ervaring en emosies en die gedrag wat hieruit vloei, kan hieraan gekoppel word (Schoeman 1996:42-47).

Emosionele ervaring kan ook deur middel van gesiggies uitgebeeld word om die kind te help om sy emosionele reaksie te identifiseer. FIGUUR 16 beeld Webster-Stratton (2002:292) se speletjie met gesiggies uit.

FIGURE 16: WALLY'S FEELING WHEEL



Deur die benutting van prentjies kan die kind se bewussyn verhoog word ten opsigte van sy emosionele, kognitiewe en sosiale bewussyn.

In die hele terapeutiese proses is dit belangrik dat die terapeut gefokus bly op die kind se bewussyn in die hier en nou om hieruit aan sy onvoltooidheid aandag te gee.

Die bewussynsproses van Schoeman sluit ook aan by die kontakfase in Oaklander se proses. Die persoons-omgewings-kontaksirkel is deur Goodman in [Gestalt-J@Maelstrom](#) (2000:1) in die volgende vier stappe verdeel:

- i. Voor-kontakfase wat beïnvloed word deur die introjeksies.
- ii. Kontakfase wat beïnvloed word deur projeksie.
- iii. Finalekontakfase wat beïnvloed word deur retrofleksie.
- iv. Ná-kontakfase wat beïnvloed word deur samevloeiing.

Die fases sluit by die navorser se proses van Gestaltvorming in punt 3.2.2.1 aan.

Deur die proses van bewuswording word die kind bemagtig om selfondersteuning aan homself te gee en hierdeur word innerlike krag opgebou om hom in staat te stel om aan sy onvoltooidheid te werk.

3.5.1.1.2 Tydsbenutting in terapie

Dit is belangrik dat die terapeut volgens die kind se tempo en vermoë beweeg en nie sy eie doelstelling in die bereiking daarvan eerste stel nie.

3.5.1.1.3 Cliché-uitdrukkings en samevloeiing

Die gebruik van cliché-uitdrukkings kan veroorsaak dat die kind se optrede na die terapeut geprojekteer word en hy saam met die terapeut in samevloeiing gaan in plaas van die omgekeerde proses. Die terapeut moet in samevloeiing met die kind gaan. Die terapeut en die kind moet nie een word nie, omdat dit veroorsaak dat die kind nie sy selfondersteuning en bewussyn ontwikkel nie. Die kind kan dan nie eksperimenteer in die terapie nie en hy raak hulpeloos en sonder enige wil.

3.5.1.1.4 Dialoog

Dialoogvoering is baie belangrik in die terapeutiese proses met die kind. Hy moet leer om te dink, te onderhandel en homself uit te druk. Yontef (1993:132) stel die volgende vier beginsels vir dialoog voor:

- i. Die dialoog moet die kind in sy ervaring plaas sonder enige veroordeling, ontleding of interpretasie. Hy moet sy uniekheid behou.
- ii. Die terapeut moet sy teenwoordigheid met die kind deel deur ook sy persoonlike ervarings, gevoelens en voorkeure met die kind te deel.
- iii. Dialoog is meer as net 'n kontak: dis 'n verbintenis tussen die terapeut en die kind.

- iv. Dialoog is lewendig waarby geëksperimenteer kan word deur nie-verbale taal, danse, handpoppe en enige vorm van kreatiwiteit.

'n Verdere aspek wat in dialoog voorkom, is die weerstand wat 'n kind kan bied. Dit word egter as 'n manifestasie van energie beskou en bepaal in watter kontakvlak hy is (Oaklander 1997:295). Dit is nie dat die kind onwillig is om saam te werk nie, maar dat hy eers die nuwe inligting waarvan hy bewus geword het, moet internaliseer. (Schoeman 1996:32). Die weerstand kom herhaalde kere voor soos die kind deur die struktuur van neurose beweeg soos in punt 3.2.4 bespreek is.

Die kind se weerstand moet hanteer word. Die kind moet veilig voel en 'n veilige aktiwiteit uitvoer wat hom op sy gemak stel. Die weerstand kan ook hanteer word deur reflekering van gevoelens, byvoorbeeld: *"Ek weet jy wil waarskynlik nie die tekening maak nie, maar ek wil graag hê jy moet dit in elk geval doen. Wat jy ook al doen, wil ek nie hê jy moet jou beste doen nie, want ons het in elk geval nie tyd daarvoor nie"*. Die kind se weerstand word aanvaar, maar daarby leer hy om die risiko te neem om iets nuuts te waag (Oaklander 1988:196).

Die Gestalttegniek in dialoog en taalgebruik, (volgens punt 3.4.1) kan ook deur die terapeut benut word om dialoog in terapie met die kind te voer.

3.5.1.1.5 Ekwilibrium

Ekwilibrium vir die kind is baie belangrik. Daar moet balans wees tussen sy interne en eksterne behoeftes. Hierdie balans is baie belangrik vir die pre-adolesent omdat hy buite sy gesinskring beweeg en graag die eksterne omgewing tevrede wil stel. Hy sal sy eie behoeftes ontken net om in die behoeftes van die eksterne omgewing te voorsien. Die terapeut moet baie versigtig wees dat die kind nie net saam met die terapeut gaan en sodoende die verkeerde boodskap ontvang nie.

3.5.1.1.6 Vriendskap

Die terapeut moet die kind se maatjie wees en hom met gelykheid en regverdigheid hanteer. Die verhouding moet 'n genotvolle vertrouensverhouding wees wat die kind in staat stel om sy geheime met die terapeut te deel. Die terapeut moet desnieteenstaande sy professionele afstand handhaaf.

3.5.1.1.7 Voogdyskap

Die terapeut skep vir die kind sekuriteit en bemagtig hom om self aan sy probleme te werk deur ondersteuning en bemagtiging. Die terapeut neem verantwoordelikheid vir die kind wanneer hy in sy toesig is.

3.5.1.1.8 Nederigheid

Kinders is nes volwassenes wat nie hou van beteweterigheid en aanstellerigheid nie. 'n Nederige benadering van die terapeut skep toegang tot 'n positiewe verhouding.

3.5.1.1.9 Inligting

Inligting word aan die kind gegee op aanvraag en aan hom verduidelik. Hiermee word die boodskap oorgedra dat hy 'n betroubare en verantwoordelike persoon is wat bydra tot 'n verbetering in sy selfbeeld.

3.5.1.1.10 Genotvolheid

Die spel terapie sessies moet genotvol wees en die terapeut moet altyd die sessie met 'n hoogtepunt afsluit om die kind te motiveer om voort te gaan met terapie.

3.5.1.1.11 Vriendelikheid en eerlikheid

Die terapeut moet die kind altyd met vriendelikheid en eerlikheid hanteer. Die kind vertrou die terapeut met vertroulike inligting. Daarom maak die kind staat op die terapeut se integriteit.

3.5.1.1.12. Humor

Die terapeut lag nooit vir die kind nie, maar sáám met die kind. Dit is 'n belangrike hulpmiddel om spanning in die terapie te verlig.

3.5.1.1.13 Kontakmaking

Die terapeut se instelling in kontakmaking met die kind moet wees om deur middel van passie, determinasie en waagmoed, dieper te delf en saam met die kind die pad na herstel te loop.

3.5.1.1.14 Hier en nou

Die terapie moet heeltyd gefokus bly op die hier en nou van die terapie. Die doelstelling sluit nou aan by die bewuswording van die kind.

3.5.1.1.15 Organismiese selfregulering

Organismiese selfregulering is die kind se vermoë om in sy voortdurende veranderde behoeftes te voorsien en so telkens sy balans te herstel. Sinay (1998:167) definieer dit as "a process through which the organism satisfies its necessities. Needs are constant and varied, so that one of them alters the balance and obligates it to be rebuild." Organismiese selfbeheer help die kind om tot volwassenheid te ontwikkel en om sy behoeftes te bevredig (Kirchner 2000:4). Die homeostaseproses word volledig in punt 3.2.2 bespreek.

Dit is belangrik om die kind se behoefte eerste te stel, dit wil sê bo dié van die ouers of enige ander persoon, anders word die kind verhinder om die vermoë tot selfreguleringsmeganismes aan te leer.

3.5.1.1.16 Polariteite

Die kind se wêreld is dikwels in polariteite verdeel waar hy dieselfde persoon liefhet en haat. Dit is die terapeut se taak om dit aan die kind te verduidelik. Kinders funksioneer in polariteite wanneer hulle teenoorgestelde emosies ten opsigte van een persoon ervaar. Die emosies wat by 'n kind gesplits word, is die volgende: gelukkig en hartseer, teleurgesteld en tevrede, morele waardes van goed en sleg, ek is mooi en lelik. Die kind moet egter deur die terapeut gelei word om die polariteit se voorkoms ten opsigte van die omgewing of homself te verstaan (Oaklander 1988:157, 1992:13-14 en Schoeman 1996 35-36).

3.5.1.1.17 Kritiek

Die kind word nooit self gekritiseer nie, maar wel dit wat hy doen. Sy bewussyn word op die hier en die nou gefokus deur die gebruik van die regte vraagstelling. Deur aan die kind te vra *hoe* dit gebeur het, fokus dit sy aandag op die daad in plaas van *hoekom*, wat sy aandag op sy menswees rig.

3.5.1.1.18 Verantwoordelikheid

Die terapeut en die kliënt het albei verantwoordelikhede in die verhouding. Die terapeut het die verantwoordelikheid vir die kwaliteit van sy terapie, ten opsigte van die kennis vir homself en sy kliënt en vir die instandhouding van die bewussyn- en kontakprosesse en die terapeutiese atmosfeer (Yontef 1993:153, Yontef & Simkin 1989:153). Die kliënt moet self verantwoordelikheid aanvaar vir die wyses waarop hy optree en die keuses wat hy uitoefen (Clarkson 1989:24).

Dit is dus belangrik dat die terapeut die kind al van die eerste sessie moet lei van waar hy geen verantwoordelikheid aanvaar tot oortuiging om verantwoordelikheid te begin aanvaar (Oaklander 1992:70). Deur verantwoordelikheidsneming vir homself groei sy selfbeeld en hoef hy nie meer ander te blameer vir sy optrede nie. Die terapeut kan begin om vir die kind te leer om vir homself, deur middel van semantiese opklaring, te praat. Dit is sy eerste stap na self- verantwoordelikheidsneming (Schoeman 1996:36). Die kind moet die geleentheid gebied word om homself te ontdek en sy innerlike hulpbronne deur eksperimentering te ontdek en hieruit die innerlike krag te put om keuses te maak en selfverantwoordelikheid te aanvaar (Landreth 1991:195).

Die kind en die terapeut moet selfverantwoordelikheid aanvaar ten opsigte van hulle keuses wat hulle maak en uitoefen. Die terapeut moet egter die kind bemagtig om sy keuse uit te voer deur eksperimentering, sodat hy bemagtig is om eie verantwoordelikheid te aanvaar.

3.5.1.1.19 Opreghheid

Die terapeut en die kind moet opreg en eerlik met hulleself wees. Dit is al wyse waarop hulle in kontak met die volle Gestalt in hulleself kom. Die introjekte wat die kind ervaar en nie wil assimileer nie, veroorsaak dat hy begin rolle speel en nie verantwoordelikheid wil aanvaar nie.

Die introjekte wat goed is en die kind aanvaar en assimileer, kan deur eksperimentering en rolspel versterk word. Deur die opregte optrede van die terapeut en deur eerlikheid voel die kind veilig om homself te wees en in kontak met sy eie behoeftes te kom.

3.5.1.1.20 Oordrag en teenoordrag

As die kind emosies teenoor die terapeut ervaar wat hom aan iemand anders herinner, moet hy teruggebring word na die hier en nou. Die gevoelens moet nie ontken word nie, maar watter invloed dit op die kind se eie kontakproses het. Die terapeut moet ook daarteen waak om een kind op dieselfde wyse te hanteer as 'n ander kind. Die oordrag kan die kind blokkeer om kontak met hom self te maak. Die terapeut moet dus sensitief wees ten opsigte van die oordrag van gevoelens en optredes by homself en die kind.

3.5.1.1.21 Onvoltooidhede

'n Onvoltooidheid ("unfinished business") ontstaan as gevolg van onvervulde behoeftes, onderdrukte gevoelens of enige ander onverwerkte situasie (Passons 1975:18, Thompson & Rudolph 1996:144).

Die kind het in terapie altyd onuitgedrukte emosies en onvervulde behoeftes wat die terapeut moet deurwerk, anders beïnvloed dit die verhouding met die kind.

3.5.1.1.22. Geweld

Die onvoltooidheid gee aanleiding daartoe dat die kind se energie in die liggaam vasgevang word en in fisiese simptome soos woede en aggressie omgesit word (Fankel A.J. 1984:43). Die kind moet in die terapeutiese sessie geleentheid gebied word om dit te ontlaai en sy negatiewe gevoelens te ventileer en van ontslae te raak.

3.5.1.1.23 Warmte

Die terapeut moet vanaf die eerste kontak warmte in haar stem, gesig en liggaamstaal oordra om die kind veilig en gemaklik te laat voel.

3.5.1.1.24 X-straalvisie

Die terapeut moet oor die vermoë beskik om die kind se verbale en nie-verbale taal te integreer en hieruit sy gevoelens en houding waar te neem en met die kind te kontroleer.

3.5.1.1.25 Geloof in die self

Die kind moet glo in homself en bereid wees om risiko's te neem. Die terapeut moet soms as rolmodel optree en aan die kind wys dat hy bereid is om risiko's te neem. Dit maak dit vir die kind makliker om kansse te neem. Die kind moet verantwoordelikheid neem vir besluite. Die terapeut kan behulpsaam wees met die vasstelling van alle alternatiewe waaruit hy kan kies en 'n besluit kan neem. As hy 'n fout gemaak het, moet dit aan hom getoon word, en ook dat dit aanvaarbaar is om soms foute te maak. Hy moet dan 'n veilige plek kry waar hy die emosies met homself kan deurwerk en weer sy balans kan herstel deur middel van selfvertroeteling.

3.5.1.1.26 Geesdrif

Die terapeut moet genoegsame geesdrif en energie aan die kind oordra sodat hy met entoesiasme die risiko's kan neem in die verhouding. Dit lei weer tot selfontwikkeling en selfvertroue by die kind.

Die bou van 'n verhouding met die kind is die fondament waarop die hele terapeutiese proses rus. As die verhouding goed gebou is, is die kansse tot sukses, deur middel van terapie met die kind, baie goed.

Verhoudingbou met die emosioneel beseerde pre-adolesent is moeiliker, omdat hy in sy verhoudingslewe met volwssenes emosioneel beseer is. Die terapeut sal baie aandag moet skenk om 'n vertrouensverhouding te bou waar die kind veilig voel en bereid is om sy verwarde en pynlike emosies na vore te bring. Ondersteuning, erkenning, genot en bemagtiging in sy eie vermoë is baie belangrik vir die pre-adolesent.

3.5.1.2. Grense in die terapeutiese verhouding

Dit is belangrik vir die kind dat hy ouderdomstoepaslike grense het waarbinne hy kan eksperimenteer.

Die grense wat die ouer stel, bied aan die kind struktuur en veiligheid, maar soos die ouderdomsvlakke wissel, moet die kind se grense aangepas word (Blom 2000:213). Die bepaling van grense is ook nodig in 'n terapeutiese verhouding aangesien groei nie kan plaasvind in 'n chaotiese gedisorganiseerde verhouding nie (Landreth 1991:209 en Oaklander 1997:301).

Die stel van grense volgens Landreth (1991:209-219) en Schoeman (1996:15) in die terapeutiese proses hou die volgende voordele in:

- Grense bring die terapeut en die kind in kontak met die alledaagse lewe en dit hou die kind in kontak met die hier en die nou.
- Dit skep struktuur en grense binne die terapeutiese proses.
- Grense bou selfbeheer in die kind en maak hom bewus van verantwoordelikheid teenoor die terapeut, speelkamer en homself.
- Grense verskaf aan die kind voorspelbaarheid ten opsigte van die terapeutiese situasie.
- Dit gee aan die kind 'n veiligheidsgevoel om vrylik in te speel.
- Die terapeut aanvaar die kind met die toepassing van professionele gedrag deur 'n etiese en sosiale aanvaarbare verhouding te bou.
- Grense bied aan die kind geleentheid om emosioneel veilig te voel en veilig te beweeg na die onbekende en dreigende emosionele areas wat lei tot angstigtheid en skuldgevoelens.
- Grense bied beskerming teenoor die speelapparaat in die kamer en fisiese besering van die terapeut.

In die stel van grense word die kind geleentheid gebied om keuses te maak en verantwoordelikheid vir sy optrede te dra. Dit dra by tot die kind se verhoging in sy selfregulering, wat weer bydra tot die bou van sy selfwaarde. Die emosioneel beseerde pre-adolesent is baie verward ten opsigte van grense as gevolg van die inkonsekwente optrede van ouers of die stel van verkeerde grense. Landreth (1991:212) se voorstel is dat grense deur middel van 'n leerervaring daargestel word sodat wanneer 'n situasie hom voordoen, dit minder bedreiging en angs vir die kind skep, as wanneer daar 'n stel reëls voor die sessie aan die kind deurgegee word en verdere verwarring ten opsigte van sy eie grense meebring.

3.5.1.2.1 Soorte grense

Soorte grense word deur outeurs soos Axline (1994:123), Landreth (1991:229) Oaklander (1997:301) en Schoeman (1996:16) voorgestel:

Tydsgrense

Vir die sessie is daar 'n spesifieke tydgrens is en die terapeut moet sy sessie daarvolgens inrig. Die kind word 'n rukkie voor die tyd verby gewaarsku dat die tyd amper verby is (Axline V.M 1994:123 Landreth 1991:229, Oaklander 1997:301 en Schoeman 1996:16).

Die bepaling van 'n tydgrens vóór die terapie verminder die kinders se weerstand om op te hou wanneer die sessie verby is.

Die gebruik van materiaal

Grense ten opsigte van die hantering van speelgoed word gestel. Die kinders mag nie die speelgoed breek of beskadig nie. Hulle mag ook nie die speelgoed huis toe neem nie. Daar kan ook grense ten opsigte van die gebruik van die speelgoed gestel word, soos dat hulle slegs mag verf op papier of 'n ornament wat beskikbaar gestel is. Die kind mag slegs die water wat beskikbaar gestel is, gebruik anders word die sand in die sandbak te nat (Axline 1994:123, Landreth 1991:226-227, Oaklander 1997:301 en Schoeman 1996:16).

Aan die kinders moet egter verduidelik word dat daar ook ander kinders vir terapie kom en daarom kan hulle byvoorbeeld nie die speelgoed huis toe neem of beskadig nie.

Aggressiewe gedrag

Geen aggressiewe gedrag teenoor die terapeut is toelaatbaar nie. As aggressiewe spel te voorskyn kom, moet dit onmiddellik gestaak word. Die verhouding word gebou op respek en fisiese besering tussen die terapeut en kind moet verhoed word (Axline 1994:125, McMahon 1992:67 en Schoeman 1996:16).

Aggressiewe emosies en energie moet deur middel van speltherapie op 'n aanvaarbare wyse ontlai word in die terapeutiese sessie, soos byvoorbeeld dat die kind die voorwerp maak waarvoor hy kwaad is en dit met klei of boontjiesakke gooi tot die aggressie ontlai is.

Beweging

Die kind mag nie die vertrek verlaat voordat die sessie verby is nie, behalwe as hy badkamer toe wil gaan of in opdrag van die terapeut. Die kind moet weet dat sy verbinding tot die verhouding bydra dat hy sy probleem moet deurwerk en sy verantwoordelikheid moet nakom (Landreth 1991:227-228, en Schoeman 1996:16).

Die terapeut moet daarvan bewus wees as die kind badkamer toe wil gaan bloot om kontak te verbreek. Die vorm van weerstand moet gerespekteer en hanteer word. Die terapeut kan die kind voor die sessie vra of hy badkamer toe wil gaan of na die kamerverlating die kind weer in kontak bring en versoek dat die kontak eers hanteer moet word voor 'n volgende onderbreking, as dit moontlik is.

□ *Teenwoordigheid van ander mense*

Dit is verkieslik dat die kind alleen teenwoordig is in die speelkamer. Die ouers of ander persone kan in spesiale omstandighede toegelaat word. Die ouers moet dan 'n passiewe rol speel en nie met die kind kontak maak nie, behalwe as die ouers aktief by die terapie betrek word (Schoeman 1996:16).

Die eerste sessie kan met die ouer en kind prakties deurgewerk word, hoe die terapeut die terapie doen en dat die verhouding met die kind vertroulik is, maar as die kind die vrymoedigheid het om die inligting te deel, mag hy dit doen, maar hy mag nie uitgevra of geforseer word nie. Hierdeur skeep dit 'n veilige omgewing vir die kind en hy weet wat dat sy inligting vertroulik by die terapeut is.

□ *Toenadering*

Die kind moet nie toegelaat word om tussen sessies sosiale kontak met die terapeut te maak nie, want dit beïnvloed die terapeutiese verhouding. Toenadering kan gedurende die sessies deur woorde en aanraking toegelaat word as dit gevra word. Die kind mag nie geskenke van die terapeut ontvang nie. As die kind spesiale behoeftes het, moet dit op 'n ander wyse voorsien word. Die gevoelens moet in die sessie deurgewerk word (Schoeman 1996:17).

Emosioneel beseerde pre-adolesseente het dikwels die behoefte aan toenadering en die besit van artikels. Die gevoelens kan in terapie deurgewerk word om self in die behoeftes in hulle eie omgewing te voorsien deur die bronne te bepaal, byvoorbeeld deur grootouers as die ouers nie in staat is nie of deur oerleiding aan die ouers in die voorsiening van die behoeftes van hulle kinders, met die toestemming van die kinders.

□ *Morele Grense*

Kinders behoort nie toegelaat te word om klere uit te trek tydens die sessie nie. Hy kan wel sy skoene of trui uittrek. Die kind word wel toegelaat om in die sessie te vloek, maar mag nie buite die speelkamer of deur die venster vloek nie (Schoeman 1996:17).

By die emosioneel beseerde kind is die oortreding van morele grense dikwels 'n gedragsprobleem waarby ongemak geskep moet word deur die verhoging van sy kontak met homself en sy omgewing en die herformulering van meer aanvaarbare grense.

Die stel van grense dra by tot die kind se emosionele en fisiese sekuriteit. Dit laat hom veilig voel, sodat hy bereid is om in kontak met homself te kom en te waag om alternatiewe gedrag te kies en verantwoordelikheid daarvoor te dra.

3.5.1.2.2 *Implementering van grense in die terapeutiese verhouding.*

Die implementering van grense in die spelterapeutiese proses moet die kind se gedrag nie stopsit nie, maar hom eerder leer om hom op 'n aanvaarbare wyse uit te druk. Die grense moet dus deur die kind gestel word sodat hy die keuses kan uitoefen en verantwoordelikheid dra (Landreth 1991:220).

Dit is nodig dat die terapeut by die stel van grense elke kind se proses in ag neem en daarvolgens optree. Die volgende vier stappe is deur Landreth (1991:222-226) ingestel:

Stap 1. Die kind se gevoelens, wense en verwagtings moet deur reflektoring erken word en op 'n aanvaarbare wyse uitgespeel word.

Stap 2. Kommunikeer die grense om seker te maak dat die kind die grense aanvaar en verstaan. Die grense moet duidelik en spesifiek gestel word sodat daar geen verwarring voorkom nie, byvoorbeeld hy mag nie die terapeut liggies slaan nie, hy mag die terapeut glad nie slaan nie.

Stap 3. Stel ander en meer aanvaarbare uitdrukkings van emosies vir die kind voor. Die kind is dikwels nie bewus van alternatiewe optrede nie en dit moet duidelik met hom deurgewerk word.

Stap 4 Hier word die kind voor 'n finale keuse gestel, ten opsigte van sy optrede of die staking van die sessie.

Deur die stel van grense met die kind se deelname in keuses, help dit dat die kind selfverantwoordelikheid dra en dit dra by tot die kind se selfondersteunende gedrag. In die verhouding bied dit sekuriteit en veiligheid waar die kind sy eie bewuswording en kontakmaking kan uitspeel.

3.5.2 **Kontakmaking**

In Schoeman se proses is sensoriese kontakmaking van die kind Stap 2. Die stap is ook Stap 2 in Oaklander se model waar die deurlopendheid van kontak die vloeï van energie deur middel van kontakfunksies bevorder.

Die terapeutiese proses van gestalting is belangrik in Gestaltherapie (volgens punt 3.2.2.1). Die kind beskik dikwels nie oor die vermoë om die kontak te maak nie en moet dan bepaalde kontakvaardighede aangeleer word. Schoeman (1996:57) benut die kind se sensoriese elemente om sy wêreld te ervaar en mee kontak te maak.

Al vyf die sensoriese sintuie – smaak, reuk, visie, gehoor en liggaamlik – word in die aanvang van die sessie en gedurende die sessie benut om die kind in kontak met homself te behou. Die Gestalttegnieke ten opsigte van sensoriese stimulasie (volgens punt 3.4.6.5) en bewuswording in die verhouding (volgens punt 3.5.1.1) kan in dié stap suksesvol benut word. Sensoriese en liggaamlike kontakmaking dra by tot die kind se holistiese funksionering as 'n mens waar sy denke, emosie en liggaam 'n eenheid vorm. Dit dra dus by tot die verhoging van emosionele intelligensie (volgens punt 2.2.2). Die kind verloor dikwels die kontakmaking as gevolg van traumatiese gebeure (Clarkson 1989:83).

Deur die bewuswording van sy sensoriese en liggaamlike funksies word hy weer bewus van sy emosies wat hy op daardie oomblik ervaar.

Dit is egter belangrik dat die kind voortdurend die omgewing sensories ervaar omdat hy hieruit sy keuses moet maak wat vir die gemeenskap aanvaarbaar is (Schoeman 1996:42). Die kinders wat hulleself wil beskerm, distansieer hulle doelbewus van hulle sensoriese ervaring om minder pyn te ervaar. Oaklander1988:42) stel dit soos volg: "(Y)et somewhere along the line many of us lose full awareness of our senses; they become hazy and blurred and seem to operate automatically and apart from ourselves." Dit is dus belangrik om te fokus op die bewussyn van die kind deur middel van sy sintuie.

Kinders neem hulle wêreld van geboorte af waar deur sig. Dit is een van die belangrikste wyses waardeur 'n kind inligting inwin van die wêreld om hom. Hierdeur word sy eie vermoë en innerlike krag versterk en bekom hy meer selfvertroue (Oaklander 1988:111). Deur sy gehoorfunksie leer die kind om te hoor net wat hy wil hoor en hy kan die vermoë ontwikkel om hom te onttrek van die onaangename (Schoeman 1996:43, Oaklander 1988:113). Deur die voortbring van klanke deur instrumente of omgewingsklanke bring dit die kind weer in kontak met homself en voel hy weer in beheer (Schoeman 1996:44). Tassintuie is 'n vorm van sosialisering vir die kind en die smaaksintuig gebruik hy deur 'n bepaalde boodskap te ontvang en oor te dra van sy omgewing (Schoeman 1996:44-47).

Van jongs af ervaar die kind se liggaam 'n reaksie op sy emosie (Oaklander 1988:57, 1992:67 en Artz 1994:74). Artz het die ervaring van die liggaam soos volg beskryf: "Our bodies provide us with rich and detailed information about emotions, and while emotion can neither be reduced to nor explained in terms of our neurological and physiological arousal, that arousal serves us well by alerting us to the fact that we are in the mist of an emotional process." Deur die benutting van verskillende asemhalingoefeninge kan die kind in kontak met homself gebring word. Die kind met spanning en angs beperk dikwels sy asemhaling tot vinnige, kort asemhalingsreaksies (Oaklander 1988:284 en Yontef & Simkin 1989:343).

Die emosioneel beseerde kind is dikwels getraumatiseer en nie emosioneel in kontak met homself nie en funksioneer dus nie as 'n holistiese eenheid nie. Die doel is dat hy hierdeur kan wegkom van sy pynervaring en sy omgewing wat die pyn veroorsaak. Wanneer die kind weer in kontak kom met sy sensoriese funksie, bemagtig dit homself om weer beheer oor sy eie lewe te verkry. Sy selfbewussyn en selfvertroue verhoog omdat hy nou weer sensories in kontak is met sy emosie en kognitiewe komponente.

3.5.3 Die kind se proses

Die vasstelling van die kind se proses is die derde stap in Schoeman (1999:13) se terapeutiese proses met die kind. Die vasstelling van elke kind se proses is noodsaaklik, omdat elke kind se Gestalt op 'n unieke wyse saamgestel is en daar nie 'n veralgemening kan wees nie.

Die Gestaltproses van die kind word deur Plug et al (1993:289) as die ontwikkeling van die individu se persoonlikheid beskryf. Korb et al (1989:69) het persoonlikheid as 'n dinamiese proses soos volg beskryf: "(A)n attitude, a value, a belief, a perspective, or a psychological set – that has been interjected and that defines the client's personal involvement." Die proses van die kind verander van dag tot dag, alhoewel die basiese struktuur dieselfde bly. Die Gestaltbenadering fokus op die hier en nou en die kind se huidige ervaring van die situasie soos wat hy voor jou sit (Korb et al 1989:72). Die terapie rus swaarder op die kind se proses ten opsigte van sy belewenis van die probleem as die werklike inhoud van die probleem (Harman 1989:25 en Zinker 1977:175).

Die proses van die kind is die kind se verwysingsraamwerk waarbinne jy sy probleme hanteer en oplos. Hieruit word sy selfbeeld en selfondersteuning gevorm.

3.5.3.1 Bepaling van 'n kind se proses.

Die proses van die kind kan bepaal word deur op die hantering van alledaagse probleme te let (Korb et al 1989:69). 'n Fantasia kan geskep word waar die kind 'n obstruksie ervaar en keuses en besluite moet uitoefen. Hy kan ook leiding neem of 'n volger wees ten opsigte van die hantering van probleme. Uit die fantasie word sy emosies bepaal in verskillende situasies en op watter wyse hy dit gaan hanteer. In die proses moet die terapeut en kind bepaal aan watter van die volgende aspekte hy voldoen: positiewe eienskappe, innoverend, kreatief, skeppendheid, diplomatie, passief, emosioneel, aggressief, gemoedelik, naïef, geduldig, magteloos, verwytend, beredeneerd, gelate, selfstandige optrede, angstig, insiklik, selfgeldend, presies, mededeelsaam, selfsugtig, wantrouig en vertrou in sy medemens.

Oaklander (1988:184) bepaal 'n kind se proses deur hom te vra om 'n bepaalde taak uit te voer. Die terapeut let op hoe hy die taak aanpak en watter eindresultate hy bereik.

Die kind se proses word ook deur liggaamshouding bepaal. Sy houding en onuitgesproke emosies word deur sy liggaamshouding uitgebeeld. Sy liggaamshouding beeld ook sy houding teenoor sy omgewing uit (Kepner 1986:27 en Korb et al 1989:71).

Fraza (2002:9) het die kind se proses bepaal deur sy betrokkenheid van elke moment by die terapie. Die kind se proses word voor intervensie bepaal, maar die groei van die kind se proses word deurlopend waargeneem. Die terapeut moet dus met elke sessie bepaal watter dinamika van die kind se proses verander het.

Fraza (2001:11) het die volgende aspekte uitgelig om op te let in die ondersoek na die kind se proses:

- Enigiets wat 'n indruk op die kind maak of sensories 'n indruk op die kind en terapeut maak.
- Die kind se spraak, voorkoms, energie, liggaamshouding, sensoriese effekte, stemtoon of ander modaliteite van uitdrukking.
- Weglating deur die kind deur middel van 'n bewuste of onbewuste optrede.
- Spontane assosiasies wat die kind verbaal of nie-verbaal uitdruk ten opsigte van gevoelens en feite.
- Herhaling van emosie of gedrag ('n aanduiding van 'n onvoltooidheid wat nie deur die kind hanteer kan word nie).
- Simptome wat deur die kind onderhou word en waarom dit nodig is vir die kind om hulle te onderhou.
- Die kind se sterkpunte, bronne, suksesse, vermoëns, persoonlikheidsienskappe en beskikbare energie.

Schoeman (1998:98) stel die volgende aspekte voor wat geëksploreer kan word, maar beklemtoon dat dit nie 'n riglyn is nie en ook nie noodwendig by elke kind in elke situasie pas nie:

- Identifiserende besonderhede, naam, skool, ouderdom.
- Sy persepsie waarom hy na die terapeut toe moet kom.
- Wie is sy beste maat, hoeveel maats het hy en wat doen hulle?
- Wat sal hy van homself verander as hy kan?
- Word hy soms vir homself kwaad?
- Waarvoor is hy bang?
- Wat wil hy word as hy eendag groot is? Waarom verkies hy die soort werk?
- Van wat hou hy in homself? Van wat hou hy in sy ma en pa? Wat sal hy graag in sy ma en pa wil verander?
- Alle kinders het dagdrome -- wat is syne?
- Sal hy vir my die goeie of lekker of bangmaakdroom vertel?
- As hy hom in 'n dier kan verander, watter dier sal hy wees? Wat is spesiaal in die dier wat hy graag wil wees?
- As hy drie wense kan wens en enigiets kan wens, wat sal hy wens?
- As hy enigiets in die gesin wil verander, wat sal hy graag wil verander?
- Wat sal hy doen as hy R 1000,00 op die sypaadjie optel?

- As hy maan toe gaan en iemand kon saamneem, wie sal hy saamneem?
- As molestering vermoed word, kan die terapeut vertel “'n seun en 'n oom het kamer toe gegaan en die deur toegemaak. Daar was niemand in die huis nie. Wat dink jy het hulle daarbinne gespeel?”

Elke kind se proses is uniek ten opsigte van sy verhouding met homself en sy omgewing. Dit is ook 'n veranderende proses soos die kind ontwikkel en sy omgewingsinvloede verander. Daar is dus faktore wat 'n voortdurende veranderde invloed op die kind se proses het.

Die emosioneel beseerde pre-adolessent se proses wat hy deurgee, is dié van 'n mislukte kind wat niks beteken nie. Sy hele liggaamstaal spreek van moedeloosheid en selfs angs dat hy nie aan die terapeut se verwagting gaan voldoen nie. Die terapeut moet ingestel wees op enige reaksie en gedrag wat sy proses vorm en bou, sodat hy in staat is om self weer in 'n nuwe proses, los van die beseerde kind, te kan vorm.

3.5.3.2 Faktore wat 'n invloed het op die kind se proses.

Faktore wat 'n invloed het op die kind se proses, is sy selfkonsep, ontwikkelingsfase en mishandeling.

3.5.3.2.1 Die kind se selfkonsep

Die kind se selfkonsep word gevorm deur verskillende ervarings wat hy uit sy wêreld integreer. Cohen (1999:4) het die volgende faktore bepaal in die vorming van die kind:

- Die biologiese krag of swakheid waarmee die kind in die wêreld kom.
- Die bewuste en onbewuste betekenis wat die wêreld aan ons oordra. Die kind se verhouding met sy omgewing.
- Sy interpersoonlike ervaring van sy ouers, gesin, skool en maats.
- Die impak van sy kultuur, buurt en omgewing se sosiale magte op sy vorming.

Deur die belewenis van die kind in sy omgewing vorm hy 'n selfkonsep wat sy ideale self bepaal, wat hy behoort te wees en wat hy werklik is (Tesser 1995:53). Die kind moet 'n geïntegreerde proses tussen bogenoemde prosesse ontwikkel.

Terapie is om die kind se self weer aan homself terug te gee en sy sin vir homself en positiewe gevoelens met betrekking tot homself te ontwikkel (Oaklander 1988:282). Om die punt te bereik, moet die kind weer in kontak kom met homself en selfondersteunend optree (Oaklander 1992:67-68 en 1994:283).

Die emosioneel beseerde kind se sin vir die self is gewoonlik beskadig en 'n disfunksionele wyse om sy behoeftes te bevredig, vorm dan deel van sy proses. Die kinders het dus kontakversteuring ten opsigte van samevloeiing, projeksie en introjeksie uit die omgewing en kan nie hulle eie selfkonsep ontwikkel nie en bly dus afhanklik van hul omgewing (vgl. 3.4.2.1.3 en Oaklander 1994:145). Hierdeur word 'n lae selfbeeld gevorm wat tot uiting kom in perfeksionisme, groothedswaan, baie krities op alles, onttrekking, altyd op die verdediging, eet te veel, kan nie keuses maak nie, kan nie nee sê vir mense nie, of deur 'n "pleaser" te wees (Oaklander 1988:281-282).

Die kind moet dus bemagtig word om sy innerlike krag op te bou en hierdeur sy selfbeeld op te bou deur hom in staat te stel om selfaktualiserend op te tree. Die kind bou sy innerlike krag deur sensories in kontak te kom en 'n nuwe bewustheid te skep waardeur hy sy emosie en gedrag kan identifiseer. In die ontwikkeling van sy eie potensialiteite leer die kind om selfondersteunend en selfaktualiserend op te tree wat verder bydra tot 'n verbeterde selfkonsep. Die bou van die selfbeeld deur die toepassing van die Gestaltbenadering word in punt 4.1.7.2.4 bespreek.

Om die kind se selfbeeld te bou en sy innerlike krag te versterk, het Oaklander (1988:282) en Schoeman (1999:10) die volgende riglyne voorgestel.

- Die kind benodig ruimte om homself te oriënteer deur sy eie plek te teken.
- Die kind moet sy eie keuses maak en hierdeur leer om verantwoordelikheid te aanvaar.
- Die kind moet onafhanklikheid ervaar om te eksperimenteer en te toets.
- Die kind moet die vryheid geniet om self te kies.
- Die kind moet betrek word by probleemoplossing en besluitneming.
- Respekteer die kind se gevoelens, begeertes, wense en sy wysheid.
- Laat die kind toe om te eksperimenteer binne bepaalde grense.
- Elke kind se unieke samestelling is belangrik.
- Moenie die kind veroordeel nie.
- Respekteer die kind se opinies en voorstelle
- Moenie negatiewe gevoelens verander na positiewe gevoelens nie -- gee erkenning aan die negatiewe gevoelens. Verandering vind plaas as die kind toegelaat word om te wees wat hy werklik is.
- Die terapeut moet in kontak met homself wees om in kontak met die kind te wees. Die kind moet geleer word om in kontak met homself te wees deur 'n lewensboek, fotoalbum of sy stem op 'n bandspeeler: dit bring sy kindwees in kontak met homself, en hy aanvaar bepaalde gevoelens deur liggaamlike en sensoriese ervaring wat help dat hy die gevoelens herken en besit en help die kind om homself te aanvaar.

As selfaktualisering plaasgevind het, word die kind wat hy self is en nie wat ander wil hê hy moet wees nie. Die paradoksale teorie van verandering het nou hier in werking getree (Oaklander 1988:283).

3.5.3.2.2. Die ontwikkeling van 'n kind

Die ontwikkeling van die kind speel 'n belangrike rol in die proses van die kind. Die volledige ontwikkeling van die pre-adolescent word in hoofstuk 4 bespreek. Die pre-adolescent se ontwikkeling word volgens Erikson in Turner & Helms (1979:252) soos volg uiteengesit. Die kind tussen ses en twaalf jaar beskou homself as kompetender en wil graag presteer en sukses behaal.

Die belangrikste take is om goeie portuurgroepverhouding op te bou en akademiese vaardighede aan te leer. Die take pas aan by die ontwikkelingfase van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid, waar die kind van kindwees na die volwasse stadium getransformeer word en sy eie identiteit wil bou. As hulle dit nie bereik nie, ervaar hulle dan minderwaardigheid wat aanleiding tot 'n lae selfbeeld gee (Louw et al 1985:283). Die kind is dus baie sensitief ten opsigte van die siening van ander mense. Hy glo maklik dit wat hy van ander hoor of dink wat hulle gesê het (Du Toit & Kruger 1991:108).

Die pre-adolescente ontwikkelingsstadium het dus 'n groot invloed op die kind se vorming van sy selfbeeld. Die houding en verhouding waarin hy staan met sy omgewing, speel 'n belangrike rol. Gestaltherapie verhoog die kind se vermoë ten opsigte van selfondersteuning om in sy proses van onafhanklikheidwording na volwassewording te voldoen.

3.5.3.2.3 Emosionele beseerings

Die invloed van molesting op die vorming van die kind se selfkonsep speel in die studie ook 'n belangrike rol. Die voorkoms van die emosioneel beseerde kind word volledig in punt 2.5 bespreek en in aanmerking geneem in die hantering van die emosioneel beseerde pre-adolescent binne die Gestaltperspektief. Hieruit is dit baie duidelik dat die emosioneel beseerde kind se selfkonsep baie laag is en dat hy baie bemaagtig sal moet word om sy selfbeeld deur innerlike krag op te bou.

Die gedrag van mishandelde kinders is deur White en Allers (1994:3-7) in die volgende punte saam gevat:

- Ontwikkelsagterstand

Die ontwikkelingsagterstand by mishandelde kinders dui op 'n fisiese agterstand van 8.4 maande (White en Allers 1994:3) Die kind se motoriese agterstand word verder verswak deur wanvoeding wat daartoe lei dat sy selfbeeld negatief beïnvloed word, omdat dit deur ander bepaal deur die beeld wat deur sy fisiese voorkoms bepaal word (Du Toit & Kruger 1991:108).

Die kind se seksuele ontwikkeling geskied vinniger as gevolg van die vroeë blootstelling en veroorsaak rolverwarring by die mishandelde kind (Karp & Butler 1996:3). Mishandeling beïnvloed ook die kind se intellektuele ontwikkeling. Die kind leer om sy sensoriese inligting te integreer met al sy sensoriese sisteme. Tydens mishandeling leer die kind aan om apaties te wees ten opsigte van sy sensoriese ervaring wat daartoe lei dat hy sy eie sensoriese gewaarwording ignoreer en in 'n staat van wanhoop verval (Pillari,1988:135). Die kinders het ook 'n kognitiewe en taalagterstand wat verder sy ontwikkeling beïnvloed (White en Allers 1994:3).

Die terapeut sal die ontwikkelingsagterstand in aanmerking moet neem deur die aanbieding meer konkreet te maak met verskillende hulpmiddels. Sensoriese en fisiese bewuswording moet deurlopend deur die spelterapeutiese program met die emosioneel beseerde pre-adolescent aangebied word.

- Aggressiewe gedrag

Mishandelde kinders toon meer aggressiewe of passief-aggressiewe gedrag in hulle spelinteraksie. Hulle het dus 'n aksie-georiënteerde gedrag ontwikkel om hulle spanning te hanteer. Dit gee weer aanleiding tot 'n lae vlak van verdraagsaamheid en 'n hoë vlak van frustrasie. Fisies en seksueel mishandelde kinders identifiseer met die oortreder. By verwaarloosde kinders dui die aggressiewe gedrag op die afwesigheid van interpersoonlike vaardighede as gevolg van emosionele deprivasie (White en Allers 1994:4 en Elliott & Place 1998:90). Die aggressiewe optrede het 'n effek op die kind se selfbeeld. Dit lei tot 'n laer selfbeeld, omdat die kind nie op 'n ander wyse op sy eie regte kan staan nie en dan na sy optrede baie skaam en selfbewus is oor sy optrede (Gardiner 1992:425). Die invloed van aggressiewe gedrag op die ontwikkeling van die kind word verder in punt 4.1.5.1 breek

In die spelterapeutiese proses moet die terapeut ruimte skep vir ontlading van aggressie, wat oorgaan in die bewuswording van wanneer en waar en teenoor wie hy so voel en hoe hy sy aggressie op 'n aanvaarbare wyse kan hanteer.

- Onttrekking en Passiwiteit

Die kind het homself aangeleer om van die spanningsvolle situasie te onttrek en homself te isoleer vir selfbeskerming. Die kinders se gedrag is vermyding, vrees en onttrek van hul portuurgroep. Hulle werk nie saam met volwassenes nie en is onoplettend. Die gedrag word dus gekenmerk deur antisosiale gedrag, ontwrigte, aggressiewe en passiewe gedrag (White en Allers 1994:4).

Die terapeut sal op 'n nie bedreigende wyse die kind van sy passiewe optrede bewus moet maak deur die benutting van samevloeiing en paradoks om sy eie ongemaks- en energievlakke verhoog.

- Selfvernietigende gedrag en selfafkeurende gedrag

Mishandelde kinders het 'n lae selfbeeld en beskryf hulleself as sleg of dom, hulle het geen ambisie nie en het gewoonlik minder maats. Seksueel mishandelde dogters beskryf hulleself as lelik en seksueel mishandelde seuns beskryf hulself as swakkeling. Die kinders blameer hulself vir die mishandeling en identifiseer so sterk met hulle ouers se afkeurende gedrag dat hulle dit self ook uitvoer. Die aggressiewe gedrag rig hy dikwels op homself deur homself seer te maak in plaas van iets anders (White en Allers 1994:5). Die kinders is geneig om meer depressiewe neigings te toon en kan die frustrasie en aggressie na binne keer en sodoende dekonstruktiewe gedrag toon (Gardiner 1992:426).

- Hipersensitiwiteit

Die mishandelde kind is oorsensitief ten opsigte van die gemoedstoestand van die mense om hulle. Hulle beskou hulle omgewing as 'n gevaar. Hulle het 'n uitdrukkinglose uitdrukking omdat hulle verwag dat hulle gestraf gaan word (White en Allers 1994:5). Dit beïnvloed hulle binding met enige ander persoon. Ook hulle verhouding met hul portuurgroep word hierdeur benadeel. Hulle te tree aggressief of passief op en verwag verwerping en straf (Elliot & Place 1998:91)

Die hipersensitiwiteit veroorsaak 'n blokkasie in speltherapie sodat hulle nie oor die vermoë beskik om vrylik te speel nie. Hoër vlakke van ang en vrees kom voor by seksueel mishandelde kinders as gevolg van hulle hipersensitiwiteit

- Dissosiasie

Die kind dissosieer homself deur die pynlike ervaring te vergeet. Die kind verplaas homself na 'n teddiebeer of ander gemaklike terwyl die mishandeling plaasvind. Hy verplaas hom uit die werklikheid om nie deur die mishandeling geraak te word nie (White en Allers 1994:6).

Die spelterapeut sal in die spelterapeutiese proses die kind gedurig moet terugbring na die hier en nou deur die verhoogde bewussyn van sy fisiese en sensoriese reaksies.

- Verbeeldingloosheid en lae kreatiwiteit

Mishandelde kinders is verbeeldingloos en het 'n lae vlak van kreatiwiteit. Hulle beskik nie oor die vermoë om vryelik te lag en speel en dit te geniet nie. Spel verlig nie hulle spanning nie en hulle beweeg van die een speelding na 'n ander, wat 'n toonbeeld is van hulle chaos by die huis (White en Allers 1994:6). Monopolisering van kinders se persepsie, soos ontkenning van sy waarnemings of voorskrifte met betrekking tot wat "hoort" deur die ouer, gee aanleiding tot die gedrag (Laubcher 1997:143).

Die spelterapie sal dus die kind se vaardigheid om te lag en te geniet, moet ontwikkel deur fisiese en sensoriese ervaring met aktiwiteit te koppel. Dit is 'n belangrike ontwikkelingsvaardigheid by die pre-adolesent in hulle sosiale en emosionele ontwikkeling soos in punt 4.1.5.4 omskryf is.

- Kompulsiewe en herhalende gedrag.

Kinders sal soms in die speelkamer elke keer dieselfde gedrag openbaar. So sal die kinders byvoorbeeld die seksuele molestering of trauma wat hulle ervaar, uitspeel totdat hulle gevra word om daarmee op te hou of hulle in staat is om hul spel te kan verbind aan hulle trauma wat hulle beleef het (White en Allers 1994:7).

Die terapeut kan in die spelterapeutiese proses die emosioneel beseerde pre-adolesent se ongemak verhoog ten opsigte van die negatiewe en herhalende gedrag deur middel van paradokse, oordrywing en samevloeiing.

Die emosioneel beseerde kind se gedrag varieer van intensiteit en hoe die kind self die mishandeling ervaar. Dit is egter net algemene gedragskenmerke wat die terapeut in die bepaling van die kind se proses in gedagte kan hou.

Die proses van die kind word dus uit die kind se eie funksionering in sy omgewing saamgestel. Hieruit vorm sy selfbeeld en sy selfaktualisering en asook sy verhouding met sy omgewing. Dit is vir die terapeut belangrik om vas te stel waar die kind nou in die terapeutiese proses is. Dit kan deur middel van assessering vasgestel word.

3.5.3.3 Assessering van die kind

Die terapeut ontvang dikwels verslae, toetsresultate en rapporte wanneer 'n kind by hom aangemeld word. Die inligting is belangrike leesstof en vorm deel van die rekordhouding, maar moenie deel vorm van die kind se terapie nie (Oaklander 1988:184, Korb et al 1989:118). Die wyse waarop 'n kind hom aanbied tydens 'n terapeutiese sessie is die enigste aspekte wat die terapeut in ag moet neem. Die assessering se doel is dat die kliënt homself in die hier en nou ervaar.

Yontef & Simkin in Cottone (1992:143) het die rol van die terapeutiese verhouding in die assessering soos volg beskryf: "The Gestalt therapist meets patients and guides active awareness work. The therapist's active presence is alive and excited (hence warm), honest and direct. Patients can see, hear, and be told how they are experienced, what is seen, how the therapist feels, what the therapist is like as a person. Growth occurs from real contact between real people. Patients learn how they are seen and how their awareness process is limited, not primarily from talking about their problems, but from how they and the therapist engage each other".

Die kind is nie op alle vlakke geïntegreerd nie, wat veroorsaak dat daar in sy optrede en persoonlikheid, splitsing is as gevolg regressie, introjeksies en projeksies. Die kind moet dan deur terapie weer gehelp word om 'n eenheid te vorm waarmee hy homself kan assosieer en die gedrag assimileer. In die assessering is dit nodig om vas te stel watter splitsing voorkom en hoe hy daarvoor voel.

Blom (2000:210) skets die Oaklander-assesseringsriglyn soos volg:

FIGUUR 17: OAKLANDER-ASSESSERINGSRIGLYN

HOOFASPEK	SUBKOMPONENT
Terapeutiese verhouding	Wat is die kind se vlak van vertrouwe en begin die terapeutiese verhouding vorm aanneem? Manifesteer daar by die kind toepaslike weerstand, of kom hy verward voor?
Kontak en kontakvaardighede	Maak die kind goeie kontak met die terapeut en kan hy kontak in stand hou? Onttrek die kind toepaslik by tye? Hoe benut die kind sy kontakvaardighede?
Belangstelling	Toon die kind betrokkenheid. Belangstelling en opgewondenheid? Is sy stem ekspressief of "pap"? Hoe benut die kind sy asemhaling? Wat is die kind se energievlak en wanneer het hy meer en minder energie?
Liggaamshouding	Hoe loop, sit en staan die kind, en is sy liggaam ingeperk of los en buigsaam? Hoe is sy postuur? Is sy skouers geboë?
Humor	Respondeer die kind toepaslik ten opsigte van humor? Beskik die kind oor 'n sin vir humor?
Weerstand	Wat is die kind se vlak van weerstand en hoe manifesteer weerstand by hom?
Emosionele uitdrukking	Weet die kind wat emosies is? Is die kind se emosionele uitdrukking toepaslik? Is die kind in staat om emosies uit te druk? Hoe hanteer die kind sy emosies teenoor die terapeut, sy gesin en maats? Hoe hanteer die kind sy emosies van woede? Het die kind ou, onuitgespreekte en onafgehandelde emosies van rou of woede wat aandag behoort te geniet?

HOOFASPEK	SUBKOMPONENT
Kognitiewe aspekte	<p>Kan die kind sy gevoelens en denke uitspreek?</p> <p>Hoe is die kind se taalvaardighede?</p> <p>Kan die kind aanwysings volg, 'n speletjie speel, keuses maak. probleme oplos en organiseer?</p> <p>Het die kind idees en opinies van sy eie?</p> <p>Maak dit wat die kind sê sin?</p> <p>Benut die kind ouderdomstoepaslike abstraksies en simbole?</p> <p>Het die kind 'n sin vir reg en verkeerd?</p>
Kreatiwiteit	<p>Is die kind in staat om openlik en vry deel te neem aan kreatiewe tegnieke?</p> <p>Kan die kind nuwe dinge uittoets?</p> <p>Is die kind geslote, beperk en verdedigend?</p>
Sin vir die self	<p>Beskik die kind oor 'n mate van selfbewussyn en introspeksie?</p> <p>Kan die kind sy projeksie besit vanuit verskeie projektiewe tegnieke?</p> <p>Is die kind afbrekend teenoor homself?</p> <p>Is die kind selfkrities, onseker van homself en soekend na aanvaarding?</p> <p>Kan die kind selfstellings maak?</p> <p>Kan die kind keuses maak?</p> <p>Kom die kind selfhandhawend voor of geïnhibeerd?</p> <p>Is die kind in staat om te skei van sy ouers?</p> <p>Openbaar die kind samevloeiende gedrag?</p> <p>Veg die kind vir mag?</p> <p>Het die kind 'n ouderdomstoepaslike sin vir bemeestering?</p>
Sosiale vaardighede	<p>Hoe is die kind se verhouding met andere in sy lewe?</p> <p>Het die kind vriende?</p> <p>Toon die kind tekens van onafhanklike denke en aksies?</p> <p>Het die kind omgewingsteun vir sy behoeftes?</p> <p>Hoe bevredig die kind sy behoeftes?</p> <p>Beskik die kind oor ouderdomstoepaslike egosentrisme?</p>
Proses	<p>Hoe bied die kind homself vir die wêreld aan (stil, raserig, aggressief, passief. "baie goed", leier, volger, (ensovoorts)?</p> <p>Hoe tree die kind op teenoor sy ouers, sibbe, vriende en onderwysers?</p> <p>Watter gedragsmanifestasies openbaar die kind?</p> <p>Op watter wyses poog die kind om sy behoeftes te bevredig en 'n sin vir die self te bekom?</p> <p>Is daar 'n ooreenkoms tussen gebeure in die terapisessies en gebeure daarbuite?</p>

Die terapeutiese riglyn stem ooreen met die holistiese benadering in Gestalt (volgens punt 3.2.1). Die assesseringsriglyn bepaal ook die kontak wat die kind met homself en die omgewing het (volgens punte 3.2.2.1 en 3.5.3). Hieruit kan die kind se totale proses bepaal word soos hy op die oomblik in die terapeutiese sessie funksioneer.

3.5.4 Die terapeut vra die kind om 'n projeksie te maak

In Schoeman (1999:13) se model is dit stap 4 van die terapeutiese proses. Dit stem ook ooreen met stappe 3 en 4 in Oaklander (1988:147) se terapeutiese proses van selfondersteuning en emosionele uitdrukking. Albei terapeute benut die maak van projeksies om die stap te voltooi.

'n Projeksie is wanneer die kind sy gevoelens en gedrag op iets anders projekteer. Hy wil nie kontak maak met sy eie emosies nie, omdat hy nog nie gereed is om dit te hanteer nie of die verantwoordelikheid vir sy gedrag te dra nie (Clark & Fraser 1987:42, Schoeman 1996:64, Yontef 1993:142).

Die verskillende projeksietegnieke is in punt 3.4.6 bespreek. Die kind kies self die spelterapievorm en mediums. Die spelterapievorms en -tegnieke word van punte 4.2.3.2 tot 4.2.3.6 bespreek. Die terapeut verduidelik hoe om die projeksie te maak deur 'n geslote projeksie te gebruik as sy die kind op iets spesifiek wil fokus of sy kan 'n oop projeksie doen en die kind besluit self wat hy graag wil maak en hierdeur bepaal die terapeut die kind se huidige funksionering en kontak met homself (Schoeman 1999:13).

Schoeman(1999:1) stel voor dat die volgende stappe gevolg word om die projeksie te besit:

- Die kind moet die projeksie beskryf.
- Hoe oud is die projeksie?
- Watter rol speel kleur in die projeksie?
- Watter emosies kan in die projeksie voorkom?
- Waar bly en funksioneer dit?
- Waar werk dit, wie is hulle vriende?
- Enigiets wat belangrik is.

Oaklander (1988:74) het die volgende 14 stappe saamgestel om 'n projeksie te ontleed:

- i. Die kind moet sy ervaring vertel wat hy ervaar het toe hy die prentjie geteken het. Hy moet sy gevoelens identifiseer toe hy besig was met die prentjie, hoe hy die projeksie beplan het en wat hy ervaar het toe hy dit voltooi het. Die proses van die kind kom in die projeksie na vore.
- ii. Die kind moet die prentjie in sy eie woorde beskryf. 'n Verdere deel van die kind se proses kom ook hier na vore.
- iii. Die kind moet op 'n persoonlike vlak die verskillende dele van die prentjie verduidelik. Hier kan die kind die kleur, vorms en die kommunikasie van die objekte met mekaar beskryf.

- iv. Die kind beskryf die prentjie asof hy in die prentjie is. Benut semantiese opklaring deur te begin met "Ek".
- v. Die kind kies 'n spesifieke voorwerp wat hy in die prentjie wil wees. Hy beskryf sy rol en funksie in die prentjie.
- vi. Help die kind om in die prentjie in te beweeg deur vrae te vra soos Wat maak jy, Wie is die naaste aan jou, Wat wil jy met die ander karakters maak? Laat kommunikasie tussen die karakters en die kind in die prentjie toe. Hy kan ook name aan die karakters gee uit sy eie omgewing.
- vii. Groter fokus word op die kind se ervaring geplaas deur oorbeklemtoning en verskerping van gewaarwording. Die kind se emosionele gewaarwording word hier na vore gebring met die realiteit van hoe hy nou voel. Gaan in samevloeiing met die kind en bly by sy ervaring totdat hy in kontak met homself is en die prentjie besit.
- viii. Help die kind om dialoog met die twee dele van die prentjie te voer, deur in polariteite te gaan.
- ix. Moedig die kind aan om verskillende kleure te gebruik, deur hom te help om sy eie gewaarwording en emosies in kleur uit te druk.
- x. Die terapeut moet oplet na die kind se stemtoon, liggaamshouding, gesigsuitdrukkings en asem haling en dit in kontak bring met die funksies. Stiltes word dikwels deur die kind gebruik om iets vir homself uit te sorteer, angs en spanning te hanteer of 'n nuwe bewussyn wat nou op sy voorgrond gekom het.

Enright in Cottone (1992:144) het die taak van die terapeut soos volg beklemtoon: 'My task begins when these other 'unconscious' activities begin to stand out in the total Gestalt and via with the verbal content. I then encourage the patient(s) to devote some attention to these other activities, asking him to describe what he is doing, seeing, and feeling. I make no interpretations but simply draw awareness to these phenomena, and let him make of them what he will'. Dit is belangrik dat die kind net bewus gemaak word en sy eie gedrag interpreteer.

- xi. Help die kind om sy skepping te besit deur te vra: "Voel jy dikwels so? Pas dit in jou lewe?" Hier is dit ook belangrik om die kind se emosies te help uitdruk deur die bewuswording daarvan deur middel sy sintuie. Die emosioneel beseerde kind ervaar pyn met die uitdrukking van emosies en sal dit liever wil onderdruk. Dit is dus noodsaaklik dat hy in terapie gehelp word om sy emosies te herken en deur te werk (Oaklander 1997:310 en McMahon 1992:191). Hierdeur kry die kind insig en sy gedrag en leer op 'n aanvaarbare wyse sy gedrag uitdruk.
- xii. Verlaat die prentjie en werk aan die kind se eie onvoltooidheid wat na vore gekom het. Die kind word nou gehelp om die projeksie te besit.
- xiii. Stel die ontbrekende dele in die prentjie vas en laat die kind self die prentjie voltooi. Die benutting van polariteite kan help om die dele te vind.
- xiv. Bly nou by die voorgrond van die kind deur 'n stelling te maak en dit met die kind te kontroleer.

Die projeksie bied aan die kind 'n geleentheid om 'n sterk sin vir homself te ontwikkel, omdat hy in kontak met homself en ander kom. Hierdeur kan hy selfondersteunend optree en kontak maak (Oaklander 1992:67-68, 1994:283). In terapie is dit noodsaaklik om die kind se sin vir homself aan hom self terug te gee deur 'n sin vir sy welstand en positiewe gevoelens aan hom terug te gee (Oaklander 1988:282).

Die emosioneel beseerde pre-adolesent het gewoonlik 'n beskadigde self en ontwikkel dan disfunksionele gedrag om homself uit te druk en sy behoeftes te bevredig. Dit vorm dan deel van sy proses. Dit is dus noodsaaklik dat die kind se sin vir homself verhoog word deur verhoogde kontakfunksies deur middel van die projeksies en dat hy deur die volgende stap bemagtig word om selfondersteunend op te tree in die besit van die projeksie en die kies van alternatiewe.

3.5.5 Besit van projeksie

Die besit van die projeksie vind reeds plaas van stap 12 in Oaklander se 14 stappe. Die kind kan deur die projeksie te besit 'n stelling oor homself maak en die wyses hoe hy optree, bepaal. Hierdeur word sy bewussyn oor homself versterk (Oaklander 1997:300).

Sy sin vir homself verhoog sy selfbeeld en sy vermoë om alternatiewe te vorm.

3.5.6 Bepaling van alternatiewe

Die kind is nou in kontak met homself en die gedrag en emosie wat daaruit voorkom. Alternatiewe ten opsigte van sy situasie moet nou saamgestel word. Schoeman (1999:14) stel dat die kind ondersteun word deur alternatiewe in die volgende begrippe uit te druk:

3.5.6.1 Die verlede

Al die alternatiewe wat die kind alreeds in soortgelyke situasies gebruik het. Bepaal watter alternatiewe gewerk het en watter nie.

3.5.6.2 Die hede

Bepaal wat die kind nou kan doen aan die situasie. Die kind moet beskryf hoe en wanneer hy dit wil uitvoer. Hy kan dit self inoefen deur middel van rolspel of die leëstoeltegniek.

3.5.6.3 Die toekoms

Wat beplan die kind om in die toekoms te doen as so 'n situasie weer sou opduik?

Die kind het nou alle alternatiewe vir die situasie bepaal en is nou gereed om self die keuse te maak ten opsigte van sy optrede en die verantwoordelikheid daarvoor te dra.

3.5.7 Keuses en verantwoordelikhede

Die kind wat moet leer om keuses te maak en verantwoordelikheid daarvoor te dra, bou self aan sy innerlike krag en innerlike self. Landreth (1991:120) het dit soos volg geformuleer: "Self control grows out of interaction between the child's responsibility to make decisions, to choose without adults interference or guidance, and the child's redirection of unacceptable behaviors into controlled acceptable avenues." Die kind wat weerhou word van keuses, word weerhou van die ontwikkeling van selfverantwoordelikheid (Landreth 1991:195).

Die aanleer van keuses begin reeds by die sensoriese bewusmaking van die kind, wanneer die kind self moet besluit wat hy sensories ervaar en watter emosionele ervaring na vore kom. Hy maak dus 'n keuse om sy eie behoeftes, idees en denke te verbaliseer. Deur eksperimentele gedrag kan sy opsies en keuses ondersoek word en kan die vrese wat hy ontken het, na vore kom en hanteer word (Oaklander 1988:89). Die proses van keusesmaak in terapie is vanaf die eerste sessie onontbeerlik. Axline bevestig dit met die opmerking: "from the beginning session, the therapist lets the child know that she respects his ability to make own decisions and she abides by that principle."

In die terapeutiese proses maak die kind keuses, byvoorbeeld watter spelmedium, watter sensoriese ervaring en tot watter emosionele ervaring dit lei. Hyself word versterk deur die uitoefening van aanvanklik eenvoudige keuses tot later meer komplekse keuses. Hierdeur word hy in staat gestel om verantwoordelikheid vir sy eie gedrag en emosie te aanvaar en selfondersteunend ten opsigte van die uitvoering van sy keuse op te tree.

Die kind met die ongewenste proses (emosioneel beseerde pre-adolesent) wat wangedrag na vore bring, moet deur die terapeut gehelp word deur te fokus op sy gedrag. Hy moet binne sy proses die gedrag ervaar deur middel van eksperimentering (Oaklander 1994:147).

Die emosioneel beseerde pre-adolesent kan met nuwe gedrag eksperimenteer. Hieruit kan die proses van verandering plaasvind deur eie keuse uit te oefen. Die kind voel nou sterk genoeg om hom self te wees en nie meer te wees wat hy voorgee om te wees nie. Hy kan nou eie verantwoordelikheid vir sy nuwe gedrag aanvaar. Selfondersteuning, selfaktualisering en integrasie het plaasgevind, deurdat die kind se selfkonsep sterk genoeg is om selfondersteunend op te tree en eie keuses te maak waarvoor hy self verantwoordelikheid aanvaar.

3.5.8 Die kind moet sy emosie besit en uitdruk

Die besit en uitdruk van emosie is ook 'n deurlopende proses van verhoudingsbou deur sensoriese kontakmaking na sensoriese bewuswording, waar die rol van identifisering van emosies al begin. In die projeksie neem die kind ook besit van sy emosie.

Die emosie moet egter deur eksperimentering en projeksie tot uitdrukking kom. Om die emosie uit te druk, gebruik Oaklander (1994:150) aggressiewe energie. Sy definieer aggressiewe energie as "marked by driving forceful energy or initiative". Die kind het energie nodig om sy emosie uit te druk en aksie te neem. In die terapie moet aktiwiteite benut word om die aggressie-energie te voel en te beleef (Oaklander 1994:292). Die tegnieke en aktiwiteite vir die uitdrukking van aggressie word in hoofstuk 4 bespreek.

Die emosioneel beseerde kind bekom sy energie deur aggressiewe gedrag. Deur dit in die sessies uit te speel, kry hy geleentheid om bewus te word van sy kontakversteuring en kan hy sy emosies beleef en uitdruk. Verskillende projeksies en tegnieke word in die spelterapeutiese program benut om die kind tot besit van sy emosie te lei en integrasie ten opsigte van sy gedrag en watter invloed dit op sy omgewing het, te bereik.

3.5.9 Polariteite

Schoeman (1999:14) benut polariteite deur die hele terapeutiese proses met die kind. Die doel is om die kind se bewussyn van sy emosies en optredes te versterk deur in polariteite te werk. Die benutting van polariteit is om die realiteit by die kind tuis te bring en hom uit die ontkenning van sy emosies te lig. Polariteit as tegniek word in punte 3.2.3.2 en 3.4.1.5 bespreek.

3.5.10 Bemagtiging van die kind

Bemagtiging van die kind is 'n deurlopende beginsel van Gestaltterapie dwarsdeur die hele terapeutiese proses. Die kind word erkenning gegee vir die deelname in terapie. Deur die projeksies en eksperimentering moet hy baie bemagtiging ontvang ten opsigte van die uitvoering van die aktiwiteit. Dit moet binne sy vermoë, ontwikkelingsvlak en belangstelling wees. Met die erkenning van emosie kan hy deur reflektoring bemagtig word. Herformulering en die paradoks kan ook benut word om hom te bemagtig.

Deur die bou van die selfkonsep soos in punt 4.1.7.2.4 beskryf, vind bemagtiging plaas. Deur bemagtiging vind selfontwikkeling en selfaktualisering plaas wat selfondersteuning meebring wat weer lei tot integrasie van die kind.

3.5.11 Selfvertroeteling

As gevolg van die trauma in 'n kind se lewe is daar altyd twee dele, naamlik die slegte deel en die meer ondersteunende/aanvaarbare deel. Die kind moet die aanvaarbare deel gebruik om die ander deel te aanvaar en te integreer (Oaklander 1994:152 en 1997:311). Deur selfvertroeteling hou die kind sy beheer in stand. Hy moet homself vir sy slegte dade kan vergewe en bewus word van die positiewe aspekte in sy lewe. Die polariteite moet dus baie duidelik wees vir die kind. Hy moet in albei dele selfvertroeteling gedeeltes van homself ervaar en aanvaar.

Hierdeur kan hy homself vergewe en self 'n bietjie bederf as hy selfvertroeteling benodig. Integrasie van sy hele menswees vind nou plaas (Schoeman 1996:181).

Die kind kan hierdeur leer deur die deel wat hy haat, te aanvaar en die waarde van selfvertroeteling aan te leer as hy daaraan 'n behoefte het. Die kind kan nou sy eie balans herstel en is nie meer afhanklik van eksterne bronne ten opsigte van vertroeteling en aanvaarding nie.

In die proses van vertroeteling is dit belangrik om die kind te help om 'n veilige plek te skep, waar hy homself kan vertroetel om sy balans te herstel sonder inmenging van buite. Hierdie proses van selfvertroeteling bemagtig die emosioneel beseerde pre-adolesent om ook in sy eie behoeftes te voorsien en selfondersteunend op te tree.

3.5.12 Evaluasie van die proses en terminering.

Terminering is die fase in die terapie waar die figuur wat op die voorgrond was, voltooi is en terugtree en homeostase bereik word, soos in die bereiding van homeostase (volgens punt 3.2.2.) bespreek.

Schoeman (1999:14) verwys na Oaklander se proses om te bepaal af al die volgende aspekte in die proses bereik is:

- 'n Goeie verhouding is met die kind opgebou. Dit is belangrik dat daar 'n sessie gewy word aan die terminering met die kind, sodat daar nie verwerping beleef word nie (Schoeman 1996:8). In die sessie kan die kind met sy gunstelingspelmedium speel of vorige tekeninge en foto's kan hersien word om vir haar 'n beeld van haar eie groei en ontwikkeling te skep. Dit is ook belangrik dat die kind se emosies rondom die terminering hanteer moet word (Oaklander 1988:199 en 1994:155-156 en West 1992:87-95).
- Sensoriese stimulasie het die kind se figuur op die voorgrond gebring. Namate die kind nader aan Gestaltvoltooiing beweeg, het hy sy behoeftes bevredig en nuwe beheer en bemeestering is verkry. Die figuur beweeg na 'n ander plek en die kind beleef homeostase. Die probleem is verwerk en die kind kan dan weer sy sensoriese belewenis daarvan beskryf in die terminering. Die afsluiting is egter slegs op die bepaalde stadium. Dit kan weer nodig wees vir terapie soos hy emosioneel en kognitief ontwikkel en nuwe behoeftes na vore kom, wat weer aanleiding tot nuwe onvoltooidhede gee (Oaklander 1994:155).
- Bemagtiging van die eiewaarde van die kind kom na vore in die terminering wanneer die kind in homself verandering ervaar as gevolg van assimilering van groei en gedrag. Die kind kan nou openlik sy behoeftes verbaliseer, verantwoordelikheid aanvaar vir sy eie emosies en gedrag en oor die innerlike krag en beheer beskik om homself te aanvaar. Hy kan nou selfonderhoudend optree deur selfvertroeteling en die skep van 'n veilige plek (Oaklander 1988:199 en 1994:155-156 en Landreth 1991: 328-329).
- Deurlopend is dit belangrik dat die kind bewus bly van sy emosies en die beheer en hantering van sy emosies. In die terminering is die kind in staat om te bepaal watter emosionele gevoel watter gedrag veroorsaak, en kan hy dan daaruit besluit hoe hy dit wil hanteer om sy balans te herstel.

- Deur selfvertroeteling in die terminering van die proses kan die terapeut en die kind bepaal watter groei-ervaring hulle ervaar het en saam 'n gunstelingaktiwiteit doen om die kind se bemagtiging konkreet uit te beeld en met hom saam te neem.

In die evaluasieproses kom die terminering van die spel terapie ook na vore sodat die kind vroeg genoeg voorberei word op die terminering en hy nie verwerping beleef nie. Die kind moet genoeg tyd gegun word om al sy gevoelens rondom terminering uit te druk en te hanteer.

Verskeie gedragswyses kom na vore wat terminering aandui soos dat hy belangstelling in terapie verloor, en weerstand bied omdat hy nie gereed is om aan die probleem te werk nie. Die terapie kan vir eers gestaak word totdat die kind gereed is (Oaklander 1988:199).

Die terapeutiese proses volgens die Schoemanmodel integreer Oaklander se proses en al die belangrike konsepte wat deur ander outeurs in die Gestaltbenadering uitgelig is. Dit is net meer breedvoeriger en doelgerig en in duideliker stappe uiteengesit, wat dit makliker vir die terapeut maak om al die fasette deur die terapeutiese proses te bereik.

3.6 SAMEVATTING

Die ontstaan van Gestaltbenadering is hoofsaaklik te danke aan Frits Perls se werk en ontwikkeling. Sy vrou Laura het die eerste Gestalt-instituut in New York geopen.

Ná Perls is die vernaamste bydraes in Gestaltbenadering en -terapie deur die volgende persone gelewer: Kepner (1980-1995), Zinker (1980), Yontef (1991-1993), Stern (1985), Jacoba (1989-1992), Hycner(1995), Navis (1987,1996), Shub (1992), Parlette (1991,1996), Wheeler (1991), Delisle (1988,1991,1993), Melnick en Navis (1992), Mackewn (1994), Erwin en Polster (1994) en Simkim (1994). Oaklander word as die grondlegger vir Gestaltherapie met die kind beskou.

In die Gestaltbepaling van die kind is die kernpunt hoe hy sy omgewing ervaar en wat sy emosionele en gedragsreaksie daarop is. Die kind word blootgestel aan sy omgewing en die invloed wat dit op sy persoonvorming het. Deur eksperimentering van sy gedrag probeer hy sy balans tussen hom self en sy omgewing herstel.

In die Gestaltbenadering word die kind se menswees weer geïntegreer om 'n eenheid te vorm tussen sy denke, gevoel en optrede. Dit is dus 'n holistiese benadering wat die interafhanklikheid tussen die kind en sy omgewing beklemtoon. Die kind se bewussyn word na die hier en nou verhoog deur middel van sensoriese kontakmaking en dialoogvorming met homself en die terapeut in die ek-jy-verhouding.

In die spelterapeutiese verhouding word die kind geleentheid gebied om sy emosies en gedrag op 'n kreatiewe wyse uit te druk en op 'n effektiewe wyse te kanaliseer. In die proses vind selfaktualisering en selfontwikkeling plaas. In Gestaltbenadering met die kind word die volgende teoretiese beginsels van Gestaltterapie gebruik: holisme, verhouding, organismiese selfregulering, kontakgrensversteuring, bewussyn, ervaring en weerstand wat 'n direkte verband en invloed tydens die terapeutiese werk met kinders het. Hierdie proses vind aansluiting by die teorie, filosofie en praktyk van Gestaltterapie, wat begin by die bou van 'n terapeutiese verhouding, gevolg deur kontakmaking, versterking van die kind se sin vir die self en emosionele uitdrukking. Die emosioneel beseerde kind kom hier werklik in kontak met sy emosionele pyn en ervaring en tot watter gedrag dit aanleiding gee het.

Die holistiese perspektief in die Gestaltbenadering bestaan uit die hele veld waarin die kind funksioneer en hulle interaksie en invloed op mekaar. Die organismes in die veld is voortdurend aan die beweeg met die doel om homeostase te bereik deur organismiese selfregulering. Die veld van die emosioneel beseerde kind is dié van vernedering, verwerping en afbreking van die self.

Sy eie vermoë tot selfaktualisering word negatief hierdeur beïnvloed. In die pre-adolescente-fase waar die kind uit sy huis na sy portuurgroep beweeg, veroorsaak dit baie angs en spanning omdat hy nie in sy eie vermoë glo nie en ook nie van sy omgewing ondersteuning ontvang nie.

Organismiese selfregulering kan plaasvind deur 'n interne proses waar die kind sy eie energie benut om 'n behoefte te bevredig. As dit plaasvind deur 'n eksterne proses, waar die omgewing sy behoefte bevredig, veroorsaak dit 'n wanbalans in sy Gestalt. Dit is die hooforsaak van die emosioneel beseerde kind se wanbalans. Die proses van organismiese selfregulering vind deur 'n proses van Gestaltvorming of -vernietiging plaas.

Die proses van Gestaltvorming bestaan uit vyf fases. Die eerste fase is die bewustheidskontinuum, waar die kind bewus word van sy behoefte en die behoefte op die voorgrond tree en die ander behoeftes op die agtergrond bly. In dié fase is die bewuswording van sy ervaring deur middel van eksperimentering belangrik. Die kind moet al sy emosies ervaar wat die onvoltooidhede na vore gebring het en watter gedrag daartoe aanleiding gee het.

Die tweede fase is mobilisasie/ georganiseerde aksie. Die kind is nou bewus van sy dominante voorgrondbehoefte en hy weet wat die uitwerking van die behoefte is op die hier en nou. Hy moet nou leer om keuses ten opsigte van sy emosies en gedrag te maak en die verantwoordelikheid daarvoor te dra.

Kontakversteuring word deur die kind benut om nie verder pyn te ervaar nie, dit beïnvloed sy proses van selfregulering en blokkeer sy proses van bewuswording. Die volgende kontakversteurings kom by die kind voor: introjeksies, projeksies, samevloeiing, retrofleksies, defleksies en desensitasie. Die emosioneel beseerde kind benut dikwels die kontakversteuring om homself te beskerm teen verdere seerkry.

Fase 4 is die behoeftebevrediging en die kind beleef dan weer homeostase. Fase 5 is waar die kind balans bereik het en in 'n staat van ewewilibrum is, voordat hy 'n nuwe behoefte ontwikkel.

Die wanbalans in 'n kind se lewe word gevorm deur fragmentasie na aanleiding van onvoltooidhede en polariteite. Die onvoltooidheid gee daartoe aanleiding dat die kind se energie in die liggaam vasgevang word en in fisiese simptome soos woede en aggressie omsit word. Die emosioneel beseerde kind weet nie hoe om sy emosies, vrees en angs op 'n sosiaal aanvaarbare wyse uit te druk nie, wat dan lei tot aggressiewe gedrag, onttrekking van portuurgroep of onaanvaarbare sosiale verhouding.

Die doel van terapie is om die verwronge deel van sy figuurvoorgrond te verwyder. Polariteite is teenoorgesteldes in 'n persoon se lewe wat deel vorm van sy persoonlikheid. Die emosionele polariteite by 'n kind is: gelukkig en hartseer, teleurgesteld en tevrede, morele waardes van goed en sleg, en ek is mooi en lelik. Die polariteite kom baie by die emosioneel beseerde kind voor, wat baie verwarring en twyfel in homself veroorsaak. Die kind moet geleer word hoe om integrasie daarvan in sy eie lewe te bekom.

Die struktuur van neurose bestaan uit vyf lae, naamlik die vals laag van wat ander mense wil hê jy moet wees, die fobiese laag waar die kind bewus is dat hy speletjies speel om sy pyn en vrese te onderdruk, die impasselaag waar die kind glo hy beskik nie oor die hulpbronne en innerlike krag om te verander nie, die implosiewe laag waar die kind se bewustheid hom verlam en hy nie meer die energie het om voort te gaan nie, en die eksplousiewe laag waar die kind sy reserwe-energie vind om te eksperimenteer en sy emosies te verwerk en tot alternatiewe oplossings te beweeg.

In terapie met die emosioneel beseerde kind sal die terapeut deur sterk bewuswordingstegnieke en eksperimentering deur al die fases teen die tempo van die kind moet beweeg. Die doelstelling van Gestaltterapie is om die kind se sensoriese bewussyn te verhoog, deurdat hy selfondersteunend kan optree en keuses uitoefen, waarvoor hy selfverantwoordelikheid aanvaar. Deur die bereiking van die doelstelling benut die terapeut verskillende tegnieke soos dialoog- en taalgebruik, paradoks, leëstoeltniek, drome, pendeltniek, projeksietegnike en metafore.

Gestaltterapie met die kind is 'n proses van groei deur middel van bewuswording, behoeftebevrediging deur selfaktualisering en eksperimentering, die vorming van keuses en die dra van verantwoordelikheid.

Die eerste fase in die proses is die bou van 'n terapeutiese verhouding met die kind. Die totstandkoming van die ek-jy-verhouding met die kind is belangrik. Die bou van die verhouding kan deur die volgende fokusareas uitgelig word: bewuswording, tydsbenutting in terapie, cliché-uitdrukkings en samevloeiing, dialoog, ewililibrium, vriendskap, voogdskap, nederigheid, genotvol, vriendelikheid en eerlikheid, humor, kontakmaking, hede, organismiese selfregulering, polariteite, kritiek, verantwoordelikheid, opregtheid, oordrag en teenoordrag, onvoltooidhede, geweld, warmte, x-straalvisie, geloof in die self en geesdrif. Die verhouding fokus op die hier en nou, verantwoordelikheid van die kind en terapeut, deur ervaring en eie ontdekking en stel van grense.

Die tweede stap in die terapeutiese proses is kontakmaking en selfondersteuning deur middel van sensoriese en liggaamlike kontakmaking. Die kind kan hierdeur 'n holistiese funksioneringseenheid vorm ten opsigte van sy denke, emosies en liggaamlike optrede of ervaring. Die derde stap is die kind se proses. Die terapeut hanteer elke kind as uniek en stel sy proses vas na aanleiding van assesserings, projeksies en onderhoude. Die kind se eie selfkonsep, sy ouderdomsfases en die invloed van die trauma het 'n invloed op sy prosesvorming. Die vierde stap is waar die kind 'n bepaalde projeksie maak met die doel om selfondersteunend op te tree en van sy eie emosionele ervaring bewus te word. Hierdeur kry die kind geleentheid om 'n sterk sin vir homself te ontwikkel, omdat hy in kontak met homself en ander kom.

Die emosioneel beseerde kind is nou bewus van sy beskadigde self en die disfunksionele gedrag wat daaruit gevloei het. Stap 5 is waar die kind die projeksie besit en stellings oor sy eie optrede en emosionele ervarings kan maak. Stap 6 is waar hy nou oor die vermoë beskik om alternatiewe te bepaal ten opsigte van sy optrede na aanleiding van sy emosionele ervaring. In stap 6 is dit waar die kind eers die alternatiewe vir sy probleemoplossing bepaal en dan 'n keuse uitoefen en selfverantwoordelikheid daarvoor dra. Die kind kan deur eksperimentering die nuwe gedrag inoefen en assimileer.

Stap 7 is 'n deurlopende proses, waar die kind leer om sy emosies uit te druk en te projekteer en nuwe hanteringsstrategieë aanleer om sy emosies te hanteer. Stap 8 is soos stap 7 'n deurlopende tegniek waar polariteite in die kind benut word om realiteit en bewuswording te verhoog. Die bemagtiging van die kind in stap 9 is waar die kind in sy ouderdomsfase die vermoë aanleer om die besluite wat hy geneem het, in te oefen en verantwoordelikheid daarvoor te dra. Selfvertroeteling in stap 10 leer die kind om homself te aanvaar en 'n veilige plek te skep waar hy homself kan vertroetel om sy balans te herstel. Evaluering en terminering van die proses is waar die kind die onvoltooidheid leer hanteer het en die kind homeostase bereik. Die kind kan ook termineer as hy nou nie bereid is om aan die probleem te werk nie en dan weer later vir terapie inskakel. Die emosioneel beseerde kind sal waarskynlik weer vir terapie inskakel na gelang sy ouderdomsfase ontwikkel en nuwe onvoltooidhede na vore tree.

Die uiteensetting van die Gestaltherapeutiese proses, soos dit deur die Schoemanmodel opgestel is, vorm in die hulpverleningsproses 'n eenheid wat in elke terapeutiese sessie stapsgewys uitgevoer en met sukses toegepas kan word. Sy kon daarin slaag om al die belangrike aspekte van die Gestaltbenadering binne een proses te inkorporeer om die doelstelling van Gestalttherapie ten opsigte van bewuswording, selfondersteuning en integrasie te bereik.

Die navorser benut die Schoemanmodel in die toepassing van haar spelterapeutiese program met die emosioneel beseerde pre-adolesent soos in hoofstuk 4 en 5 uiteengesit.

Teneinde die pre-adolesent binne die omvang van die studie te kan begryp word sy ontwikkeling binne die konteks van die emosioneel beseerde kind beskryf.